



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

30001003984459



GEOGRAFIESE ASPEKTE VAN REKREASIE EN
VRYETYDSBESTEDING IN BELLVILLE-SUID

deur

ELSWORTH ADAM McPHERSON



Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad ~~MAGISTER ARTIUM~~ in die ~~DEPARTEMENT~~ GEOGRAFIE EN
OMGEWINGSTUDIES, ~~UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND~~
WESTERN CAPE

STUDIELEIER : DR V TAYLOR


INTERNE EKSAMINATOR : PROF A C REDLINGHUIS

EKSTERNE EKSAMINATOR : PROF M L HUGO

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

NOVEMBER 1987

034328N



ERKENNINGS

Ek wil graag my innige dank uitspreek teenoor die volgende persone en instansies wat bydraes gelewer het tot die voltooiing van hierdie tesis.

- Dr V Taylor, wat as studieleier besondere geduld en 'n bereidwilligheid om te help openbaar het;
- Prof A C Redlinghuis, wat as interne eksaminator 'n besondere bydrae gelewer het;
- Prof M L Hugo, wat as eksterne eksaminator opgetree het;
- Mev F D de Wet, vir die tik van die manuskrip;
- Prof J van Bever Donker, verbonde aan die Departement van Geologie (UWK), vir sy hulp en bystand;
- Talle persone verbonde aan die rekensentrum (UWK) vir hul eindelose geduld;
- Die Munisipaliteit van Bellville;
- Die gemeenskap van Bellville-Suid;
- My vrou, Wilma, vir haar morele ondersteuning.

OPSOMMING

Die wyse waarop mense hul VRYETYD [dit is tyd wat oorbly nadat alle verpligtinge (sosiaal en fisiologies) nagekom is] bestee, vorm die sentrale tema van hierdie studie. 'n Belangrike aspek van hierdie tema vir die geograaf is die wisselwerking wat daar bestaan tussen die aanbod en aanvraag na rekreasiefasiliteite, omdat dit meerendeels die ruimtelike plasing van fasiliteite (in stedelike gebiede) bepaal. In die Suid-Afrikaanse samelewing het daar sekere faktore ontwikkel wat die normale wisselwerking ten opsigte van rekreasie beïnvloed het, en gevolglik as probleme geïdentifiseer kan word. In hierdie studie word die probleme wat daar bestaan ten opsigte van rekreasie en vryetydsbesteding ondersoek met spesifieke verwysing na die inwoners van Bellville-Suid, 'n "Bruin" Groepsgebied op die Kaapse Vlakte.

Data vir die studie is met behulp van gestruktureerde vraelyste ingesamel en daarna statisties ontleed met die oog op beantwoording van die volgende vrae:

- Wat is die aard en omvang van vryetydsbesteding gedurende die dag, oor naweke en vakansies van die inwoners van Bellville-Suid?
- Hoe beïnvloed die politiek-ekonomiese strukture die aanbod van fasiliteite (die rekreasie-milieu) in Bellville-Suid?
- Wat is die invloed van die politiek-ekonomiese strukture op die aanvraag na fasiliteite (die rekreasiegedrag) van die inwoners van Bellville-Suid?

Die data wat met behulp van die vraelyste ingesamel is, is verder aangevul deur persoonlike onderhoude. Ten einde bestaande vrae te beantwoord, is daar eerstens gekyk na die rekreasie-hulpbronbasis in Bellville-Suid. Die aanbod ter plaatse is gemeet aan nasionale en internasionale standaarde wat gebaseer is op gegewens uit die relevante literatuur.

Tweedens is gepoog om die vraag na rekreasie wat hierdie gemeenskap genereer, vas te stel. Uit die literatuur is dit duidelik dat die sosio-ekonomiese vlak van gemeenskappe 'n groot rol speel in die bepaling van omvang van hul aanvraag. Deur sekere sosio-ekonomiese parameters te ondersoek, is daar tot die slotsom gekom dat die gemeenskap van Bellville-Suid oorwegend 'n werkersklaskomponent bevat.

Vervolgens is die faktore wat die rekreasiegedrag van die respondente gedurende die dag, naweek, en vakansie-tydsiklusse beïnvloed, oorweeg.

Die interaksie tussen aanvraag en aanbod binne die heersende politiek-ekonomiese strukture is vervolgens ondersoek. Die korrelasie tussen demografiese en sosio-ekonomiese veranderlikes en rekreasie-aktiwiteite is met behulp van kruistabulasies nagegaan. Die resulterende ruimtelike patroon van die rekreasiegedrag van die respondente is kartografies ontleed. Die ondersoek na die latente en potensiële aanvraag na rekreasiefasiliteite het aan die lig gebring dat daar groot behoeftes in die studiegebied bestaan.

Uit die studie blyk dit dat soos in 'n oorwegend werkersklasgemeenskap verwag kan word, rekreasie baie tuisgerig is gedurende al die tydsvlakke. Verklarings wat hiervoor aangebied word sluit in konstitusionele beperkings (Groepsgebiedewet; Wet op die Voorsiening van Aparte Geriewe), sosio-ekonomiese beperkings en die gebrekkige rekreasiefasiliteite in die studiegebied.

Laastens is aanbevelings ten opsigte van die probleme wat geïdentifiseer is gemaak wat daarop gemik is om verligting te bring in die gemeenskap. Gebreke in die voorsiening en instandhouding van rekreasiefasiliteite in Bellville-Suid behoort daadwerklike aandag te kry, terwyl politieke struikelblokke wat 'n sinvolle benutting van rekreasiefasiliteite deur almal in Suid-Afrika tans onmoontlik maak, uit die weg geruim moet word.

SUMMARY

The way in which people utilise their FREE TIME [that is time left after all commitments (social and physiological) have been met] forms the central theme of this study. An important aspect of this theme for the geographer is the interaction between supply and demand of recreational facilities, because it determines the spatial location of facilities in urban areas. In the South African society certain factors which influence the normal interaction between supply and demand have developed which can be identified as problems. In this study the problems which exist regarding recreation and the use of free time are examined with specific reference to the people living in Bellville South, a "Coloured" Group Area on the Cape Flats.

Data for the study was collected with the aid of a structured questionnaire and thereafter statistically analysed with the intention of answering the following questions:

- What is the nature and extent of the use of free time during the day, over weekends and during vacations of the inhabitants of Bellville South?
- How does the politico-economic structure influence the supply of facilities for recreation in Bellville South?
- What is the influence of the politico-economic structure on the demand for facilities (the recreational behaviour) for the inhabitants of Bellville South?

The data which had been collected with the aid of the questionnaire, was further supplemented with personal interviews.

In order to answer the above questions satisfactorily, the recreation resource base in Bellville South was looked at firstly. The local supply was measured according to national and international norms based on information obtained from the

relevant literature.

An attempt was made secondly to determine the demand for recreation generated by the community. It was evident from the literature that the socio-economic level of communities played a vital role in the determination of the extent of their demand. By examining certain socio-economic parameters, it was found that the community of Bellville South consisted mostly of people from the working-class.

Subsequently the factors which have an influence on the recreational behaviour of the respondents during the day, weekend and vacation time-periods, were examined. It was found that, as one can expect from a predominantly working class community, recreation was mostly directed at the home environment during all three time-periods. This can be explained by referring to the constitutional constraints (Group Areas Act, Separate Amenities Act), socio-economic constraints and the inadequate recreational facilities in the study area.

The interaction between demand and supply within the prevailing politico-economic structures was subsequently examined. The correlation between demographic and socio-economic variables and recreational activities was examined with the aid of cross-tabulations. The resulting spatial pattern of the recreational behaviour of the respondents was analysed cartographically. By examining the latent and potential demand for recreational facilities it was found that there are very real needs in the study area.

Lastly, recommendations were made with a view of alleviating the problems which have been identified. It was felt that immediate attention should be paid to shortcomings in the supply and maintenance of recreational facilities in Bellville South, while the political problems which make a meaningful utilisation of recreational facilities by everybody in South Africa impossible at the moment, should also be removed.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1 : INLEIDING

1.1	Die Betekenis van vryetyd en rekreasie vir die mens	1
✓ 1.2	Literatuuroorsig	3
✓ 1.2.1	Verklaring van terme	3
1.2.1.1	Ontspanning en vryetyd	3
1.2.1.2	Rekreasie	5
1.3.	Historiese oorsig van die ontwikkeling van vryetyd en rekreasie	7
1.3.1	Ontwikkeling van navorsing oor vryetyd en rekreasie	10
1.3.2	Rekreasienavorsing in geografie	11
1.4	Filosofiese en metodologiese basis van studie	22
✓ 1.4.1	Probleemstelling	27
✓ 1.4.2	Data-insameling	28
1.5	Die studiegebied	29
1.5.1	Ontstaan en ontwikkeling van Bellville	30
1.5.2	Opvoedkundige funksie van Bellville-Suid	32
1.6	Samevatting	35

HOOFSTUK 2 : REKREASIEHULPBRONBASIS IN BELLVILLE-SUID

✓ 2.1	Inleiding	37
2.2	Oopruimte in stedelike gebiede	38
✓ 2.2.1	Openbare oopruimtes in Bellville-Suid	42

(vi)

✓ 2.3	Die voorsiening van rekreasiefasiliteite	43
✓ 2.4	Sportfasiliteite	47
2.4.1	Openbare sportfasiliteite	47
2.4.2	Private en semi-private sportfasiliteite	48
2.4.3	Informele sportvelde	52
✓ 2.5	Parke	53
2.6	Speelparke	56
2.7	Samevatting	62

HOOFSTUK 3 : SOSIO-EKONOMIESE PROFIEL VAN RESPONDENTE

3.1	Inleiding	65
3.2	Sosio-ekonomiese invloed op aanvraag in die studiegebied	69
3.2.1	Die invloed van die werksituasie	71
3.2.2	Die invloed van inkomste	76
3.2.3	Die invloed van vervoer	77
3.3	Area 1 (Glenhaven, Beroma, Marlow)	79
3.4	Area 2 (Bellville-Suid)	84
3.5	Area 3 (Ouer munisipale behuisingskema)	89
3.6	Area 4 (Kasselsvlei)	95
3.7	Sosio-ekonomiese profiel van die studiegebied	100
3.8	Samevatting	106

HOOFSTUK 4 : DIE REKREASIEGEDRAG VAN DIE RESPONDENTE

4.1	Inleiding	108
✓ 4.2	Rekreasie-aktiwiteite van respondente	110
4.2.1	Dagaktiwiteite	110

4.2.2	Naweekaktiwiteite	115
4.2.3	Vakansie-aktiwiteite	120
4.3	Die invloed van sosio-ekonomiese veranderlikes op rekreasie	123
4.3.1	Ouderdom	127
4.3.2	Opvoeding	130
4.3.3	Beroep	133
4.3.4	Inkomste	136
4.3.5	Mobiliteit	139
4.4	Die ruimtelike dimensies van die rekreasiepatroon	141
4.4.1	Dagpatroon	141
4.4.2	Naweekpatroon	144
4.4.3	Vakansiepatroon	149
4.5	Samevatting	153

✓ HOOFSTUK 5 : DIE LATENTE EN POTENSIELE AANVRAAG



✓ 5.1	Inleiding	154
✓ 5.2	Behoeftes van die gemeenskap	155
5.3	Samevatting	159
✓ 5.3.1	Voorstelle en aanbevelings	161
5.3.2	Toekomstige navorsing	167

BIBLIOGRAFIE	168
---------------------	-----

ADDENDA

LYS VAN TABELLE

Tabel No.	Titel	Bladsy
1	Groottes van stedelike rekreasiëgebiede (VSA)	40
2	Oopruimtes in enkele Suid-Afrikaanse stede.	41
3	Klassifikasie van private rekreasiëhulpbronne	45
4	Minimumstandaarde vir die grootte van speelparke in die VSA	57
5	Voorgestelde minimumstandaarde vir speelparke in Brittanje	58
6	Tipes speelapparaat by speelparke	61
7	Vermindering van die industriële werksweek sedert 1850	74
8	Opvoedkundige peil (Area 1)	81
9	Maandelikse inkomste per gesin (Area 1)	83

10	Motorbesit (Area 1)	83
11	Opvoedkundige peil (Area 2)	86
12	Maandelikse inkomste per gesin (Area 2)	88
13	Motorbesit (Area 2)	89
14	Opvoedkundige peil (Area 3)	92
15	Maandelikse inkomste per gesin (Area 3)	94
16	Motorbesit (Area 3)	95
17	Opvoedkundige peil (Area 4)	97
18	Maandelikse inkomste per gesin (Area 4)	99
19	Motorbesit (Area 4)	100
20	Opvoedkundige peil (Studiegebied)	106
21	Maandelikse inkomste per gesin (Studiegebied)	105
22	Motorbesit (Studiegebied)	106
23	Dagaktiwiteite (Aantal deelnemers)	111



24	Vergelyking tussen die tien dominante dagaktiwiteite van Taljaard (1984) en die huidige studie	114
25	Naweekaktiwiteite (Aantal deelnemers)	116
26	Vakansie-aktiwiteite (Aantal deelnemers)	121
27	Die verwantskap tussen ouderdom en rekreasiedeelname	128
28	Die verwantskap tussen opvoeding en rekreasiedeelname	131
29	Die verwantskap tussen beroep en rekreasiedeelname	134
30	Die verwantskap tussen gesinsinkomste en rekreasiedeelname	137
31	Die verwantskap tussen motorbesit en rekreasiedeelname	140
32	Dagaktiwiteite - Relatiewe belangrikheid van plekke	142
33	Naweekaktiwiteite - Relatiewe belangrikheid van plekke	146

34	Vakansie-aktiwiteite - Relatiewe belangrikheid van plekke	151
35	Gevoel van respondente in verband met bestaande geriewe	155
36	Tekortkominge ten opsigte van bestaande geriewe	156



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

LYS VAN FIGURE

Figuur No.	Titel	Bladsy
1	Stadia in die tweede rekreasierevolusie	9
2	Die komponente van die Geografiese Studie van Rekreasie en Toerisme	14
3	Die verwantskap tussen Rekreasie- geografie en verskillende onderafdelings van Geografie	16
4	Raamwerk vir die sosiale ontleding van rekreasie	24
5	Die invloed van politiek-ekonomiese strukture op rekreasiegedrag	25
6	Bellville as deel van die Kaapse Metropolitaanse Gebied	31
7	Bellville-Suid as deel van die Stad Bellville	33
8	Opvoedkundige inrigtings in Bellville-Suid	34
9	Rekreasiefasiliteite in Bellville-Suid	50

10	Aanvraagkomponente	65
11	Faktore wat rekreasie beïnvloed	68
12	Sub-areas van Bellville-Suid	70
13	Ouderdom (Area 1)	80
14	Beroepsverspreiding (Area 1)	82
15	Ouderdom (Area 2)	85
16	Beroepsverspreiding (Area 2)	87
17	Ouderdom (Area 3)	91
18	Beroepsverspreiding (Area 3)	93
19	Ouderdom (Area 4)	96
20	Beroepsverspreiding (Area 4)	98
21	Ouderdomsverspreiding (Studiegebied)	101
22	Beroepsverspreiding (Studiegebied)	104
23	Dagaktiwiteite - Plekke besoek	143
24	Naweekaktiwiteite - Plekke besoek	147





UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

H O O F S T U K 1

1. INLEIDING

1.1 Die Betekenis van Vryetyd en Rekreasie vir die Mens

Stone (1967) meen dat ons ondermaanse in die tweede helfte van die huidige eeu 'n al meer turbulente karakter aan die aanneem is as gevolg van "ontploffings" betreffende bevolking, kennis, vryheid, tegnologie, kommunikasie, internasionale verhoudings en vryetyd. Waar die mens voorheen al sy tyd daaraan moes wy om sy eie voortbestaan te verseker, produseer hy nou vir 'n bevolking van verbruikers. Sy vryetyd het hy voorheen swaar verdien terwyl dit nou al hoe meer op hom afgedwing word. In die voorwoord tot sy boek Outdoor Recreation and Management wys John Pigram (1983) ook op die toename in vryetyd wat die mens deesdae ondervind.

In die hoogs geïndustrialiseerde Westerse lande is dit nie net die gevolg van korter werksure nie, maar 'n uitvloeisel van die geweldige tegnologiese vooruitgang wat die mens 'vry'-gemaak het van geroetineerde produksielynwerk, sodat hy nie meer deur die werkgewoonte oorheers word nie, maar baie meer tyd weg van die werk tot sy beskikking het. Hierdie nuutgevonde vryetyd skep velerlei geleenthede maar ook sosiale probleme. Energie wat voorheen in werk gekanaliseer is, moet 'n ander uitlaatklep vind, en daar is baie onsekerheid oor hoe die probleem van vryetyd hanteer

moet word.

'n Oplossing vir die "probleem" word deesdae gesoek in die kanalisering van "oortollige vryetyd en energie" in rekreasie-aktiwiteite. Hoe hierdie aktiwiteite die leemte moet vul wat in die mense se lewens geskep word, het in die afgelope twee tot drie dekades die onderwerp van diepgaande navorsing geword. Gepaard hiermee gaan die probleem van die daarstelling van rekreasiefasiliteite vir die uitvoering van die aktiwiteite. Die plasing van die fasiliteite was aanvanklik die probleem van stadsbeplanners, die aktiwiteit self die studieveld van sielkundiges, sosioloë en maatskaplike werkers, maar soos die sosiale wetenskappe 'n al meer multidissiplinêre karakter ontwikkel het, het vakkundiges uit ander dissiplines ook hierdie verskynsel van nader begin beskou.



Geograawe het mettertyd ook 'n belangrike inset begin lewer in die bestudering van rekreasie, veral vanweë die ruimtelike dimensies van die verskynsel. Helburn (1982, 445) stel die betrokkenheid van Geografie as volg: "Geographers can and have a lot to do with the quality of life..." en rekreasie het beslis as doelwit die verhoging van die lewenskwaliteit van die individu. Dower (1970) beklemtoon ook die ruimtelike aspek van rekreasievoorsiening wanneer hy skryf: "We have to concentrate on providing facilities of the right sort and in the right place, properly organised" (1970: 256).

Dit is egter so dat bostaande gesien moet word in die lig

van ontwikkelinge in die Westerse of meer ontwikkelde wêreld en dat daar verskille mag bestaan in die wyse waarop vryetyd homself in die Derde Wêreld manifesteer. In 'n Derde Wêreldsituasie kom die volgende kenmerke nog na vore: Daar is 'n lae vlak van geletterdheid, wat beroep betref verrig die meeste mense nog ongeskoolde arbeid en is hulle betrokke by produksielynwerk wat fisies veeleisend is. Dit is te verwagte dat rekreasie onder hierdie omstandighede van 'n passiewe aard sal wees. Korter werksure, wat wel bestaan, word geneutraliseer deurdat tyd verlore gaan in die reis na en van die werk. Hierdie en ander faktore beïnvloed rekreasie en vryetydsbesteding ook in die gemeenskap wat bestudeer word en sal in die hieropvolgende paragrawe breedvoerig bespreek word.

1.2 Literatuuroorsig



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

1.2.1 Verklaring van terme

1.2.1.1 Ontspanning en vrye tyd

In die literatuur is daar baie uiteenlopende sienswyses oor wat "ontspanning" en "rekreasie" beteken. 'n Siening van Neumeyer (1936: 1) vind weerklank in die definisie van Yukic (1963: 2) wanneer laasgenoemde ontspanning definieer as "... discretionary time, or time when a person is free to do as he chooses. Leisure is unobligated time - free from prior commitments to physiological or social needs". Clawson en Knetsch (1966: 12) huldig ook hierdie sienswyse.

Molyneaux (1970: 49) beklemtoon ook die ongebon-
denheid van ontspanning (vryetyd) terwyl Cosgrove en Jack-
son (1972: 14) dit soos volg stel: "... leisure can be
described as the state of being free from the necessity to
work ...". Clawson en Knetsch sê verder dat "leisure and
work are competitors for time. If one increases, the other
decreases. This is so for the individual and for society
as a whole".

Sapora (1979: 152) definieer ontspanning as volg: "Leisure
is not time, but a state of mind or being in which the in-
dividual has the freedom, resources, opportunities and the
capacity to do those things that contribute most to self-
actualisation and to the recognition of one's relationship
to one's fellowmen".

Parker (1966) onderskei drie wyses waarop ontspanning
gedefinieer kan word. Die eerste hiervan noem hy 'n
residuele definisie. Dit is hoofsaaklik die sienswyse van
die skrywers wat hierbo aangehaal is, naamlik dat dit die
tyd is wat oorbly nadat alle verpligtinge (sosiaal en
fisiologies) nagekom is. Tweedens onderskei hy ook 'n nor-
matiewe sienswyse. Hier word die kwaliteit van 'n ak-
tiwiteit of die persoon wat daarin deelneem, as uit-
gangspunt geneem. Die kwaliteit van vryheid met betrekking
tot ontspanning word ook beklemtoon. Derdens is daar die
skrywers wat die twee sienswyses probeer kombineer. Dit is
hierdie laaste definisie, naamlik dat wanneer 'n mens
ontspan dit gedurende tyd is waarin hy aan aktiwiteite van
sy eie vrye keuse deelneem, hetsy tot uitbouing van die

geestelike of liggaamlike welsyn, wat van die meeste belang is. In die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1979: 775) word "ontspanning" ook omskryf as "aangename afleiding vir liggaam en gees".

Uit bostaande bespreking kan dus afgelei word dat 'n voorvereiste vir ontspanning ongebonde tyd of vrye tyd (laasgenoemde is self-verklarend en word vir die doel van die studie in daardie lig beskou) is. Alle vrye tyd word egter nie op hierdie wyse benut nie en Clawson en Knetsch (1966: 12) wys ook daarop: "Leisure is time of a special kind: recreation is activity (or inactivity) of special kinds. Recreation takes place during leisure; but not all leisure is given over to recreation".

Die wyse waarop mense ontspan het ruimtelike implikasies in die sin dat die aktiwiteit op 'n sekere plek uitgevoer word, hetsy by die huis of op die sportveld of waar ookal, en dit is wat vir die geograaf van belang is.

1.2.1.2 Rekreasie

Rekreasie word allerweë as 'n aktiwiteit of ervaring beskou. Hierdie algemene siening is egter deur talle skrywers gewysig en aangepas om dié aspekte te omskryf waaroor hulle navorsing doen. Die belangrikste elemente wat onderskei kan word as daar gekyk word na definisies die afgelope drie dekades word bondig opgesom deur Kraus (1984: 36). Uit bogenoemde definisies kan gepostuleer word dat rekreasie:

- algemeen beskou word as 'n aktiwiteit waarby niksdoen en algehele rus uitgesluit is;

- aktiwiteite soos sport, speletjies, handwerk, beeldende kuns, skone kuns, musiek, drama, ensovoorts insluit. Deelname kan individueel of in groepe wees, eenmalig of episodies, of dit kan repeterend wees dwarsdeur 'n mens se lewe;

- 'n keuse van aktiwiteite bied en deelname vrywillig en sonder pligsgevoel of dwang is;

- aangespoor word deur interne motivering en 'n strewe na persoonlike bevrediging;

- ten nouste met die individu se gemoedstoestand saamhang;

- intellektuele, fisiese of sosiale verwagtinge vervul ten opsigte van die primêre motivering wat die verkryging van plesier is.

Dit is duidelik dat rekreasie as term op verskillende wyses gedefinieer kan word. Die sienswyse van Bucher en Bucher (1974: 45) word onderskryf deur Kraus (1984: 41). Hulle beskou almal rekreasie as bestaande uit aktiwiteite of ervarings wat gedurende ontspanningstyd ervaar word, met die kwalifikasie dat dit vrywilliglik deur die rekreant gekies is. Die rekreant kan bevrediging, plesier en verryking van gees daaruit put. Rekreasie kan ook gesien word as bloot

deelname, of die emosionele ervaring van betrokkenheid. Rekreasie word nie onderneem of ervaar as 'n integrale deel van werk nie, hoewel dit deel van die werk (gedurende werksure, byvoorbeeld etenstyd, ens.) kan uitmaak. Werk word teen vergoeding onderneem en is in 'n mate gedwonge, wat rekreasie nie kan wees nie.

Verder moet rekreasie, as dit op 'n georganiseerde wyse deur die gemeenskap of vrywillige diensorganisasies onderneem word, konstruktiewe en sosiaal-aanvaarbare doelstellings vir die individu, groep of groter gemeenskap hê. Dit moet as 'n maatskaplike instelling, met eie waardes en tradisies, strukture en organisasies, professionele beroepslui en bedrewe beoefenaars herken kan word.



1.3 Historiese oorsig van die ontwikkeling van vryetyd en rekreasie

Skrywers soos Kraus (1984) en Chubb en Chubb (1981) gaan die ontwikkeling van rekreasie en vryetydsbesteding na vanaf die vroegste tye tot die hede. Rekreasie, oftewel spel, was 'n integrale deel van die mens se daaglikse aktiwiteite gedurende sy vroeë sosiale ontwikkeling. 'n Belangrike rede hiervoor was waarskynlik die feit dat hierdie gemeenskappe slegs gepoog het om in hul daaglikse behoeftes te voorsien, met ander woorde, hulle het dit wat hulle geproduseer het, ook verbruik. In die hedendaagse samelewing, waar ekonomiese ontwikkeling belangriker is, produseer mense veral om oorskotte te

lewer. Die basiese behoeftes van oorlewing is vanaf die vroegste tye afgewissel met tydverdrywe soos die versiering van gereedskap en rotstekeninge. Daar het egter, volgens bogenoemde skrywers, sedert die begin van die 18de eeu 'n klemverskuiwing ten opsigte van rekreasievoorsiening gekom. Chubb en Chubb (1981) bespreek indringend die veranderinge in houdings jeens, gedrag en wette rakende rekreasie. Hulle het dan ook 'n chronologiese tabel (figuur 1) wat die ontwikkeling van rekreasie vanaf 1700 tot op hede (die sogenaamde Tweede Rekreasie-revolusie) in die Verenigde State van Amerika en elders uitbeeld, saamgestel.



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

FIGUUR 1 : STADIA IN DIE TWEDE REKREASIEREVOLUSIE

Stadium	Jare (n.C)	Faset van Beweging
1	1700 - 1840	Die Voorspel
2	1840 - 1880	Die Rekreasie Renaissance
3	1880 - 1900	Die Herbetrokkenheid van die Staat
4	1900 - 1920	Die Vorming van Federasie (Staats-) en Plaaslike (Munisipale) Agentskappe
5	1920 - 1940	Depressie, Droogte en Bewaring
6	1940 - 1960	Die Meganisering van Rekreasie
7	1960 - 1970	Die Hoogtepunt van die Tweede Rekreasierevolusie
8	1970-Huidige	Die Omgewings- en Verset-Era

(Bron: Chubb & Chubb, 1981: 21)

Ofskoon rekreasie in Suid-Afrika nie so 'n lang geskiedenis soos in die ouer beskawings het nie, het dit hier te lande in 'n mindere of meerdere mate deur dieselfde stadiums van ontwikkeling gegaan as in die Verenigde State van Amerika. Die belang van die tabel (Figuur 1) vir die huidige studie lê daarin dat die Westerse invloede in 'n groter mate op die Blankes in Suid-Afrika neerslag gevind het. Alhoewel die Blanke sektor van die Suid-Afrikaanse samelewing rekreasie ervaar het soos hierbo beskryf, is die grootste deel van die bevolking nog in 'n Derde Wêreldsituasie vasgevang en kan daar nie sonder meer aanvaar word dat rekreasie in Suid-Afrika op dieselfde vlak as in die geïndustrialiseerde lande van die wêreld is nie.

1.3.1 Ontwikkeling van navorsing oor vrye tyd en rekreasie

Die mens se gebruik van vrye tyd was nog altyd vir navorsers van minder belang as dit wat hulle produseer, die dienste wat hulle lewer of die afstande wat hulle reis. Sosiaal-wetenskaplikes het tot onlangs baie min aandag geskenk aan wat hulle beskou as die bestudering van "plesier" (Mercer, 1970: 261) ten spyte van die volumes navorsing wat teen daardie tyd alreeds gedoen en gepubliseer is.

Veertien jaar na Mercer maak Owens egter die stelling dat "There is a basic rationale for leisure and recreation research in that 'leisure' has come to be a vital force in our lives ... (and) ... within the larger framework of leisure recreation is assuming a greater role" (Owens, 1984: 157). Die belangrikheid van rekreasienavorsing word verder beklemtoon in die artikel van Mitchell en Smith (1985) waarin hulle 'n oorsig gee van publikasies van rekreasiegeografe tussen 1962 en 1982.

Daar het intussen ook talle handboeke verskyn vir gebruik by universiteite en ander instellings waar departemente gestig is om rekreasie te bestudeer. Handleidings vir gebruik by die opleiding van rekreasiekundiges en -beamptes het in lande soos die Verenigde State van Amerika, Kanada, Australië, asook Europa 'n belangrike studiehulpmiddel geword. In hierdie verband kan verwys word na die publikasies van Chubb en Chubb (1981), Pigram (1983) en Kraus (1984).

1.3.2 Rekreasienavorsing in Geografie

Rodgers (1973: 468) maak die volgende stelling: "Recreation research is in no sense the monopoly of geographers; quite the contrary, for it is an interdisciplinary research area that overlaps the social and environmental sciences". Dit is belangrik vir hierdie studie om die geldigheid van bostaande stelling te ondersoek, veral omdat geografie daarna streef om 'n geheelbeeld van verskynsels op die aardoppervlakte weer te gee.

Die geldigheid van die stelling word geïllustreer deur die volgende vrae na te gaan in 'n ondersoek van rekreasiemotivering: Waarom verkies individue een rekreasievorm bo 'n ander? Waarom blyk daar onderskeidende deelnameprofiële by sommige groepe en individue (sosiale klasse, inkomstegroepe, opvoedkundige kategorieë) te wees?

Die antwoorde hierop is deels ekonomies - koste speel 'n groot rol by sommige rekreasievorme, byvoorbeeld golf en seiljagvaart, sodat die ekonoom se benadering tot aanvraag, naamlik die verwantskap met koste, geldig is. Daar is egter ander sosiale faktore wat ook 'n rol speel en die aandag van die sosioloog en sielkundige word gewy aan die verskynsel dat verskillende sub-kulture hul eie rekreasievoorkeure het of dat persoonlike voorkeure deelname op 'n individuele vlak bepaal. Sosioloë plaas die klem op die interaksie tussen menslike gedrag en die sosiale struktuur, dit wil sê die verband tussen rekreasie en sy

sosiale konteks, insluitende die sosiale funksies daarvan. Vir die sielkundige is die funksies wat rekreasie vir die individu vervul van belang omdat die dissipline te doen het met die dinamika van individuele gedrag.


Historici, ten spyte van die tekort aan historiese gegewens, kan baie doen om die rol van rekreasie (in 'n moderne idioom) in vergange gemeenskappe toe te lig. Dieselfde geld vir sosiale antropoloë wat toegang tot kontemporêre data het, maar ongelukkig soos ander sosiaal-wetenskaplikes die tydsstrekking van die historikus kortkom. Die feit dat die uiteindelijke bestudering van rekreasie by die mens meer as een vakdissipline vereis, word sterk beklemtoon deur Christensen en Yoesting (1973: 10): "... recreation is a practical category, not a theoretical concept. As such, its explanation demands not only a variety of disciplines, but also a variety of perspectives", soos hierbo aangetoon.

Die klassieke inventaris van Wolfe (1964) het die belangstelling van geografe in rekreasie en vryetydsnavorsing probeer naspoor vanaf die eerste stuk werk wat in Amerika daarvoor gepubliseer is. Hy het tot die slotsom gekom dat, alhoewel daar baie literatuur oor opelugrekreasie te vinde was, geografe as sulks nog min oor die onderwerp gepubliseer het.

Twintig jaar later, in 1985, maak Mitchell en Smith die stelling: "Recreational Geography has taken its place as a major subdivision within the discipline" (1985: 6). Hulle

staaf hierdie stelling deur die ontwikkeling van rekreasiegeografie die afgelope twee dekades na te gaan, van die literatuur te ontleed, referate te klassifiseer wat by byeenkomste van die Association of American Geographers gelewer is, te kyk na voorbeelde van toegepaste rekreasiegeografie, universiteitsdepartemente te identifiseer wat 'n sterk rekreasie-inslag het en die huidige status van rekreasiegeografie te ondersoek. Die gevolgtrekkings wat Mitchell en Smith maak, beklemtoon die sienswyses van ander geografe en ego in 'n mate ook dié van Patmore, "While there may be a geography of recreation and leisure, there is little which can be distinctively recognised as recreation geography as opposed to recreation sociology or recreation economics" (Patmore, 1978:141), wanneer hulle skryf: "Recreational geography has attained a quantitative maturity in terms of the volume of research produced but it has not attained a qualitative state of development that focusses attention on a limited number of topics and uses appropriate research techniques to produce significant conceptual advances" (Mitchell & Smith, 1985: 13).

Mercer het reeds in 1970 'n raamwerk opgestel wat rekreasienavorsing in 'n geografiese konteks plaas. Hy toon aan hoe hierdie navorsing binne die geografiese spektrum inpas en hoe verskillende subdissiplines van die vak navorsing oor rekreasie en toerisme kan assimileer. (Kyk figuur 2.)




FIGUUR 2 : DIE KOMPONENTE VAN DIE GEOGRAFIESE STUDIE VAN REKREASIE EN TOERISME

(BRON: MERCER, 1970: 264)

Mieczkowski, in Sinnhuber en Julg (1978: 90) probeer egter rekreasiegeografie as selfstandige subdissipline omskryf. In sy raamwerk (figuur 3) baken hy die studieveld van rekreasiegeografie af en toon aan hoe hierdie rigting 'n bydrae kan lewer tot die dissipline van geografie as geheel. Hy maak egter 'n onderskeid tussen die geografie van ontspanning en rekreasie en dié van toerisme. Ontspanning is baie nou verbonde aan rekreasie soos duidelik uit die volgende aanhaling blyk: "Recreation means activity undertaken during leisure time, recreation is the content or part of the content of leisure" (Mieczkowski, 1978: 91). Mieczkowski stel dit ook dat stedelike en voorstedelike rekreasie van inwoners nie by toerisme ingesluit word nie, alhoewel dit meerendeels weg van die huis beoefen word.

Smith (1983) definieer rekreasiegeografie soos volg in die voorwoord tot sy boek **Recreation Geography**: "Recreation geography is the systematic study of recreation patterns and processes on the landscape". Rodgers (1973: 468) het ook die studieveld van rekreasiegeografie mooi afgebaken: "... the structure of demand varies spatially and relates to a locationally complex environment of recreational resources and facilities ... Demand for recreation is a mosaic of spatial contrast, and so within the geographer's special field". Deelname word verder ook bepaal deur die beskikbaarheid van 'n hulpbronbasis. Hierdie hulpbronbasis of rekreasie-omgewing, vorm in der waarheid ook 'n ingewikkelde ruimtelike sisteem. Die mens se reaksie op hierdie omgewings soos gemanifesteer deur sy gedrag is 'n klassieke geografiese probleem.



FIGUUR 3 : DIE VERWANTSAP TUSSEN REKREASIEGEOGRAFIE EN

VERSKILLENDE ONDERAFDELINGS VAN GEOGRAFIE

(BRON: MIECZKOWSKI, 1978: 90)

Mieczkowski (1978) meen dat die interdissiplinêre aard van die navorsing oor toerisme en rekreasie goed inslag vind by geografie. Die rol van geografie word beskryf as die insameling van data rakende die fisiese, ekonomiese en maatskaplike aspekte op 'n sistematiese en tematiese wyse. Geografe, onderleë beide in die werkinge van die gemeenskap en die omgewing, is dus uitstekend toegevoeg om hierdie "industry without smokestacks" (Mieczkowski, 1978: 92) op 'n oorkoepelende, geïntegreerde en sinoptiese wyse te bestudeer.

Wesenlike verskille bestaan ten opsigte van navorsing wat gedoen word in ontwikkelde lande, by die VSA en Brittanje en dié wat gedoen word in ontwikkelende lande, by in Afrika en Suidoos-Asië. 'n Oorsig van die aard en omvang van navorsing in die ontwikkelde lande word van tyd tot tyd in die vakliteratuur gegee, en neigings kan dus betreklik maklik uitgelig word. Die oorsig van twee vooraanstaande rekreasiegeografe in die VSA, naamlik Mitchell en Smith (1985) in die "Professional Geographer" oor die stand van rekreasiegeografie in die VSA maak 'n bespreking hier oorbodig. Hul slotopmerkings oor toekomstige navorsing is 'n goeie aanduiding oor die rigting waarin die subdisipline beweeg. Hulle onderskei ses moontlike neigings, naamlik: "(1) the publication of articles and the representation of papers at professional meetings will increase albeit at a decreasing rate; (2) descriptive studies will become less permanent and can be replaced by research dealing with fundamental spatial relationships and new conceptual designs; (3) more research efforts will be devoted to

the practical problems of recreation, tourism and sport at all scales (i.e. international to local); (4) improved data bases, access to computer facilities and cartographic software will be used to produce recreational atlases; (5) continued improvements in the quality and quantity of research will result in the publication of more synthesizing works, i.e. monographs and books; (6) the increasing importance of recreation and tourism in economic, political and social affairs may steer more recreational geographers into interdisciplinary and multidisciplinary organisations" (p. 18).

Peter Owens, 'n Britse geograaf, in sy terugblik op navorsing oor vrye tyd en rekreasie in "Progress in Human Geography", 8(2), 1984, onderskei twee tipes studies gedurende die 1950's en 1960's, naamlik nasionale en streeksaanvraagname asook gevalle- (plek)studies. Hy ondersoek ook 'n tweede fase van navorsing wat sedert die middel van die 1960's groot aanhang begin kry het, naamlik die groter klem op gedrags- en persepsienavorsing in rekreasie, en tweedens 'n "retrospective reappraisal of the field" (p. 158) waarin skrywers jaarliks 'n bestekopname maak oor die vordering van navorsing in die subdissipline. Owens skryf die afname in toegepaste navorsing sedert 1975 toe aan, eerstens, 'n gebrek aan fondse vir navorsing en tweedens, 'n besef by navorsers dat daar 'n sterker teoretiese basis vir rekreasiestudies in geografie moet wees. In sy ondersoek vind hy egter nie 'n uitbouing van die teoretiese basis nie, maar eerder dat navorsers nog tradisionele temas ondersoek en noem as voorbeelde studies

waarin die volgende aspekte ondersoek word: deelnameprojeksies, die ekonomie van opelugrekreasie, kwantitatiewe meting van voorkeure en vryetydsaktiwiteitspatrone (Owens, 1984: 175).

Wat die Oosbloklande aanbetref, is die navorser as gevolg van 'n taalprobleem aangewese op verwysings in die Amerikaanse literatuur. Russiese navorsers konsentreer, volgens artikels in die *Soviet Geography : Review and Translation*, op plekstudies en wat Owens noem "projecting participation to inform management" (Owens, 1984: 175).

Navorsing in ontwikkelende lande is nog grotendeels gemik op die impak van toerisme. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die inwoners wesenlike ekonomiese probleme ondervind. In hierdie verband kan onlangse studies van onder andere Areola oor die rekreatiewe gebruik van grond in Nigerië waarin hy die aard en stadige tempo van ontwikkeling van rekreasie ondersoek, genoem word (Areola, 1976). Reis en toerisme word aangemoedig omdat dit buitelandse valuta vir die land beteken. "The economic gains and international fame brought to the East African countries through tourists coming to trek or drive through the game reserves or engaging in hunting expeditions, mountain climbing and motor rallies across picturesque landscapes, have generated within Nigeria an interest in landscape conservation for recreational purposes" (1976: 227). Probleme soos armoede, lae inkomste en lae vlak van mobiliteit beïnvloed die beoefening van rekreasie op 'n negatiewe wyse. Beskrywings van tradisionele vorms van vermaak word

wel in die literatuur aangetref, maar navorsing word verder gekortwiek deur 'n gebrek aan navorsingsfondse en toepaslik opgeleide navorsers.

In 'n artikel oor rekreasiegeografie in Suidoos-Asië wat in 1972 verskyn het, maak Robinson in 'n voetnota die volgende opmerking: "The literature on the subject in this region is generally confined to a single country and tends naturally to be directed toward persuasion rather than information, and persuasion of foreigners at that" (Robinson, 1972:561). Belangrik egter is die opmerking oor die inheemse bevolking op bladsy 565: "... Indians, and especially Bengali's, are said to enjoy visits to relatives to an exceptionally high degree and have little public pleasure park tradition" (Robinson, 1972:565). Rekreasie, soos in die Weste ervaar word, is dus relatief onbekend vir die mense in die ontwikkelende lande.

Hoewel daar reeds sedert die laat vyftigerjare navorsing oor rekreasie in Suid-Afrika gedoen word, het geografe as sulks eers van omstreeks die laat sestigerjare 'n bydrae begin lewer. Navorsing het sedertdien 'n wye spektrum van rekreasie-aspekte betrek. Steyn stel dit dat navorsing in die voorafgaande dekade "... die aanbod eerder as die aanvraagsituasie as uitgangspunt" (Steyn, 1976: 339) geneem het. Sedert 1976 is daar gepoog om navorsing in Suid-Afrika in 'n ander rigting te stuur. Gedurende hierdie jaar is die eerste Konferensie oor Rekreasienavorsing gehou en het akademiëci sowel as bedryfslui (beplanners, bosbouers, ens.) referate gelewer. Die stigting van 'n

werksgroep om rekreasienavorsing in Suid-Afrika te koördineer en basiese data in te samel, het 'n verdere stimulus aan navorsing verleen. Navorsing in Suid-Afrika word sedertdien gekoördineer deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekunde (SAVSLOR). Hierdie vereniging vervul as't ware hier te lande die rol van die Outdoor Recreation Resources Review Commission (ORRRC) wat die bestudering van rekreasie in die Verenigde State van Amerika in die ses-tigerjare sterk na vore laat kom het. 'n Wetenskaplike tydskrif, die S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning word sedert 1978 deur SAVSLOR in samewerking met die Departement van Nasionale Opvoeding: Direktoraat Sportbevordering, uitgegee. Navorsingsverslae en ander artikels uit die onderskeie dissiplines wat Rekreasiekunde bestudeer (byvoorbeeld Geografie, Menslike Bewegingskunde, Bosbou, ens.) word hierin gepubliseer.

Op regeringsvlak word navorsing gefinansier deur die Departement van Nasionale Opvoeding : Direktoraat Sportbevordering en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Sedert 1976 het 'n hele aantal verslae rakende sport en rekreasie reeds die lig gesien. 'n Nasionale navorsingsprogram met die doel om 'n databasis rakende die aktiwiteitspatrone, behoeftes en voorkeure in verband met rekreasiedeelnemers daar te stel om as grondslag te dien vir die doelmatige beplanning en ontwikkeling van sport en rekreasiefasiliteite is reeds ver gevorder. Verslae oor die rekreasiegedrag van verskeie

metropolitaanse gebiede, insluitende Kaapstad, Port Elizabeth, Oos- Londen, die Witwatersrand en Durban is reeds deur SAVSLOR gepubliseer.

Navorsing in Suid-Afrika is verder vertraag deurdat navorsers tegnieke en modelle wat in die buiteland ontwikkel is om lig op sekere vrae te werp, moes aanpas om in die Suid-Afrikaanse konteks te kan gebruik. Die rekreasiegedrag van verskillende bevolkingsgroepe word, net soos hul residensiële patroon, deur statutêre wette beïnvloed en dikwels ook bepaal.

Die problematiek van politiek in rekreasie en die gevolglike rekreasiegedrag van mense het nog baie min aandag van navorsers ontvang - die afgelope jaar of wat is daar egter op konferensies en kongresse hieroor referate gelewer (Taylor, 1986; Wilson, 1987). Die invloed van statutêre wetgewing, waarvan die Wet op Groepsgebiede (1950) en die Wet op Aparte Geriewe (1953) die belangrikste is, behoort meer aandag van navorsers in rekreasie te geniet. Die Wet op Groepsgebiede verleen aan die regering die mag om gebiede vir sekere bevolkingsgroepe te reserveer en die Wet op Aparte Geriewe voer bogenoemde skeiding verder om Apartheid af te dwing in alle openbare plekke soos parke, strande, swembaddens, ensovoorts.

1.4 Filosofiese en Metodologiese Basis van die Studie

Die uiteensetting van die stand en neigings in rekreasienavorsing skep die indruk dat navorsing byna


uitsluitlik empiries is en dat daar weinig aandag aan die teoretiese aspekte van rekreasiestudies geskenk word. Hierdie sentiment word onderskryf deur Butler-Adam (1986: 5) wat voel dat hierdie aspekte tot op hede baie afgeskeep is: "... there is a **prima face** case for research and concept building in the field of theory and framework construction".

Hy is die mening toegedaan dat die rekreasie-ervaring juis hier te lande groot behoeftes in bostaande verband skep, en dat nie slegs rekreasie as sodanig nie, maar ook dit wat algemeen, plooibaar of veranderlik in die rekreasie-ervaring is, verklaar behoort te word. Ten einde rekreasie in die breër sosiale konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing te plaas, maak Butler-Adam gebruik van 'n strukturele raamwerk (figuur 4) waardeur navorsers hul werk binne 'n konteks kan plaas en uitbrei om die elemente van die rekreasie-ervaring wat hierbo genoem is, te verklaar.

natuurlike en kulturele hulpbronne vir rekreasiegeleenthede. Vryetyd en werk enersyds en rekreasiegeleenthede aan die ander kant bepaal vervolgens die res van die rekreasiemilieu.

In die Suid-Afrikaanse samelewing, veel meer as in ander samelewings, speel die politiek-ekonomiese strukture 'n bepalende rol ten opsigte van rekreasiegedrag. Die invloed van politiek-ekonomiese strukture op rekreasiegedrag kan skematies soos volg voorgestel word:

FIGUUR 5 : DIE INVLOED VAN POLITIEK-EKONOMIESE STRUKTURE OP REKREASIEGEDRAG



Die voorstelling (Figuur 5) toon die wisselwerking tussen aanvraag en aanbod asook die verskillende faktore wat

elkeen beïnvloed, aan. Die impak van die politiek-
ekonomiese strukture op aanvraag en aanbod ten opsigte van
rekreasie in die Suid-Afrikaanse konteks word deur wetgew-
ing en regulasies wat deur die Staat, Provinsiale en Plaas-
like owerhede neergelê is, bepaal. Hierdie invloed word
duidelik weerspieël deur faktore wat die aanbod beïnvloed
soos die fisiese en kulturele hulpbronne en die
verspreiding, toestand en gehalte van hierdie hulpbronne.
Aanvraag word aan die anderkant beïnvloed deur die sosio-
ekonomiese omstandighede van die gebruikers. Volgens
Chubb en Chubb (1981 : 87) hang aanvraag direk saam met die
sosio-ekonomiese omstandighede van die potensiële
rekreërders en word dit as't ware daardeur bepaal.
Sosio-ekonomiese veranderlikes het dus 'n direkte invloed
op die aanvraag na fasiliteite. Mense wat byvoorbeeld nie
toegang tot vervoer het nie, sal nie 'n vraag na
fasiliteite ver van die tuiste afskep nie. Die vraag sal
egter groot wees na fasiliteite binne stapafstand.

Hierteenoor bestaan die aanbod uit die beskikbare kulturele
en fisiese hulpbronne. Hierdie hulpbronne word in Suid-
Afrika meerendeels deur Staats- of Semi-staatsliggame, soos
munisipaliteite en plaaslike owerhede, beheer. 'n
Bepalende faktor ten opsigte van die gebruik van die
fasiliteite is die beleid wat deur die verskillende liggame
uitgeoefen word. Die beleid word in Suid-Afrika deur die
Sentrale Regering neergelê en die gebruik van fasiliteite
word daarvolgens gereguleer. Sekere fasiliteite, soos
byvoorbeeld trimparke, is as gevolg van politieke probleme
nog nie toeganklik vir die gemeenskap wat in hierdie studie

in oënskou geneem word. Dieselfde geld vir strandgebiede elders in Kaapse Skiereiland wat gereserveer word vir die uitsluitlike gebruik van sekere rassegroepe. Dit is dus duidelik dat beide die aanvraag- en aanbodsituasie in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n invloed op die rekrasiegedrag van mense het. Daar is nie 'n normale markverwante ewewig tussen vraag en aanbod nie.

1.4.1 Probleemstelling

Die probleem wat in hierdie studie ondersoek word sentreer rondom die vryetydsbestedingspatrone van die inwoners van Bellville-Suid en die mate waarin die politiek-ekonomiese strukture die rekrasieomgewing en gevolglik die rekrasiegedrag van hierdie gemeenskap beïnvloed.

Daar sal in hierdie studie na antwoorde op die volgende vrae gesoek word:

- Wat is die aard en omvang van vryetydsbesteding gedurende die dag, oor naweke en vakansies van die inwoners van Bellville-Suid?
- Hoe beïnvloed die politiek-ekonomiese strukture die aanbod van fasiliteite (die rekrasieomgewing) in Bellville-Suid?
- Wat is die invloed van die politiek-ekonomiese struktuur op die aanvraag na fasiliteite (die rekrasiegedrag) van die inwoners van Bellville-Suid?

Die studie is dus 'n diepte-ondersoek na die rekrasiegedrag van die inwoners van Bellville-Suid op drie

tydsvlakke, naamlik daaglik, oor naweke en gedurende vakansies.

1.4.2 Data-insameling

Inligting is ingesamel met behulp van 'n gestruktureerde vraelys (sien addendum) wat aan die hoof van die huishouding bestel is. Gegewe die probleme rondom die verkryging van 'n naam en adreslys van die hoofde van huishoudings is die steekproef gebaseer op die aantal erwe, soos vasgelê op 'n kaart van die studiegebied (1975) wat van die Munisipaliteit van Bellville verkry is.

Veldwerkers het onderhoude met hoofde van huishoudings, of die mees senior persone in die huis, gevoer ten einde die vraelys te voltooi. Respondente vir die steekproef is op 'n ewekansige wyse getrek deur aan al die erwe en woonstelle individuele nommers toe te ken. 'n Aantal alternatiewe nommers is getrek vir ingeval 'n nommer 'n besigheidspersoneel, kerk, of oop erf, of ander nie-residensiële gebruik, sou verteenwoordig. Veldwerkers het dus na spesifieke adresse gegaan om die vraelys te voltooi. Die klem is deurgaans geplaas op volwassenes en kinders van skoolgaande ouderdom wat al in 'n mindere of meerdere mate 'n rekreasiepatroon ontwikkel het in die huishouding. Op hierdie wyse is vraelys vir 153 huishoudings voltooi wat die grootte van die steekproef op 5,6% te staan bring. Die vraelys bestaan uit drie dele. In die eerste deel is demografiese data van al die lede van die huishouding ingesamel. Die doel hiervan is om die korrelasie, indien

enige, tussen die sosiale status van die respondent en sy deelname aan rekreasie-aktiwiteite te bepaal. Die tweede deel van die vraelys het slegs betrekking op die hoof van die huishouding. Spesifieke vrae is aan hom of haar gestel om sy opinie oor sekere aspekte van sy rekreasie-ervaring in Bellville-Suid in te win. Hierdie vrae is ingesluit ten einde aanbevelings en kommentaar oor plaaslike fasiliteite op 'n wetenskaplike grondslag te plaas.

Die derde deel van die vraelys handel oor die rekreasie-aktiwiteite van al die lede van die huishouding. Individue moes hier 'n aanduiding gee van hul deelname aan drie-en-twintig voorafgekoese aktiwiteite gedurende 'n dag-, naweek- en vakansietydsiklus. Daar is ook voorsiening gemaak vir aktiwiteite wat nie op die vraelys gespesifiseer is nie, maar waaraan hulle moontlik kon deelneem. Die frekwensie van deelname aan aktiwiteite moes volgens 'n voorafopgestelde skaal aangedui word. Respondente moes ook aandui waar hulle aan die aktiwiteite deelneem. Hierdie deel van die vraelys is slegs voltooi vir lede van die gesin wat ouer as tien jaar was. Inligting wat met behulp van die vraelyste ingesamel is, is later aangevul met onderhoude wat deur die navorser met belanghebbende persone in die gemeenskap gevoer is.

1.5 Die Studiegebied

Sekere aspekte van rekreasie en vryetydsbesteding sal op 'n makroskaal behandel word aangesien die gebied wat vir intensiewe bestudering uitgesonder is, naamlik


Bellville-Suid, nie as afgeslote deel van die uitgestrekte stedelike konglomerasie wat die Kaapse Metropolitaanse gebied uitmaak, beskou kan word nie.

Bellville, waarvan Bellville-Suid die Bruin groepsgebied uitmaak, vorm deel van die Kaapse Metropool soos op die kaart aangetoon word (figuur 6). Morfologiese kenmerke soos die infrastruktuur, kommunikasienetwerk, werkseleenthede, inkoopentra, opvoedingsentra en rekreasiefasiliteite word as intra-stedelike funksies beskou. Die mate waarin hierdie aspekte van die Metropool die rekreasiepatrone van inwoners van Bellville-Suid bepaal, sal later verduidelik word.

Om dus 'n beeld van die beïnvloedende faktore ten opsigte van rekreasie en vryetydsbesteding in Bellville-Suid te verkry, moet daar gekyk word na die ontstaan en ontwikkeling van Bellville self, veral omdat sekere faktore aanleiding gegee het tot die bepaalde karakter van die inwoners van Bellville-Suid.

1.5.1 Ontstaan en ontwikkeling van Bellville

Histories was die gebied wat vandag bekend staan as Bellville, op die roete vanaf die Kasteel na die binneland. By Hardekraaltjie, vandag 'n karavaanpark, het reisigers hul osse uitgespan om te oornag vir die eerste aand van hul reis. In 1843 is die pad vanaf Maitland na Bellville met gruis bedek. In 1859 is die spoorlyn vanaf Kaapstad na Wellington aangelê, met 'n stasie by Bellville. Die naam



FIGUUR 6 : BELLVILLE AS DEEL VAN DIE KAAPSE
METROPOLITAANSE GEBIED


"Bellville" is in 1861 aan die nedersetting gegee wat by "Twaalfde Myl" (die afstand vanaf Kaapstad) opgespring het.

Na die Eerste Wêreldoorlog het baie immigrante en boere hul hier kom vestig en in 1922 is 'n Beheerraad vir die dorpie gestig. In 1940 het Bellville munisipale status verkry en in 1979 het die dorp stadstatus verwerf. Die huidige bevolking van Bellville is 87 000. Bellville, deel van die Kaapse Metropol, vorm die hoofkern van ontwikkeling in die noordelike voorstede. Dit het die voordeel van 'n ryk agterland na die noorde met pad, spoor en lugverbindings wat hier byeenkom. Hierdie aspekte het daartoe bygedra dat Bellville vinnige groei getoon het ten opsigte van industrieë, residensiële gebiede, kommersiële gebiede, ens., en dus 'n goeie afsetgebied vir arbeid vorm.


In 1957 is die deel van Bellville, suid van die spoorlyn wat die stad oos-wes deurkruis, as "Kleurling"-woongebied geproklameer. Effektief word Bellville-Suid, met sy latere uitbreidings (Kasselsvlei, Marlow, Beroma en Glenhaven) aan drie kante begrens deur spoorlyne. Aan die suide word dit begrens deur 'n industriële gebied (figuur 7). Die implikasie hiervan is dat hierdie deel van Bellville nie verder uitgebrei kan word om huisvesting aan meer mense te bied nie.

1.5.2 Opvoedkundige funksie van Bellville-Suid

Die opvoedkundige inrigtings wat in Bellville-Suid geleë is, bied aan die inwoners unieke rekreasiegeleenthede.



FIGUUR 7 : BELLVILLE-SUID AS DEEL VAN DIE STAD BELLVILLE



FIGUUR 8 : OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS IN BELLVILLE-SUID

Terselfdertyd het hierdie inrigtings ook 'n beduidende rol te speel in die benutting van fasiliteite in die gemeenskap self. Studente van die Universiteit van Wes-Kaapland, die Skiereilandse Technikon en die Onderwysopleidingskollege Bellville wat nie op die kampusse gehuisves kan word nie, loseer privaat in Bellville-Suid en elders. Hierdie studente plaas ook druk op die rekreasiefasiliteite in Bellville-Suid self. Dit is te verstane dat studente meer vryetyd het en dus 'n hoër deelname aan rekreasie openbaar. In hoofstuk 2 word verder oor hierdie aspekte uitgebrei.

Behalwe die tersiêre inrigtings wat hierbo genoem is, het Bellville-Suid ook twee sekondêre skole, vier laerskole, drie kleuterskole en die Athlone Skool vir Blindes binne sy grense. Die verspreiding van opvoedkundige inrigtings word ruimtelik in figuur 8 voorgestel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

1.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na wat vryetydsbesteding en rekreasie werklik vir die mens beteken. Daar is nagegaan wat die studie van rekreasie behels en hoe dit op verskeie vlakke alreeds as navorsingsonderwerp ondersoek is.

Die doel van die studie, asook die studieveld, is breedvoerig beskryf en in die hieropvolgende hoofstuk sal die geografiese aspekte van rekreasie- en vryetydsbesteding soos dit in Bellville-Suid ondervind word, nagegaan word.

In hoofstuk 2 sal daar gekyk word na die aanbodsituasie in Bellville-Suid. Rekreasiefasiliteite ter plaatse, asook die rol van die staat, plaaslike owerhede en die privaatsektor in die verskaffing van fasiliteite, sal in diepte ondersoek word.

In hoofstuk 3 word die sosio-ekonomiese status van respondente ondersoek op grond van sekere demografiese en sosio-ekonomiese parameters en word daar gepoog om aan te dui in hoe 'n mate hierdie aspek aanvraag beïnvloed.

In hoofstuk 4 word die rekreasiegedrag van die respondente aan die hand van die verskillende demografiese en sosio-ekonomiese parameters ontleed. Werklike deelname word in hierdie hoofstuk in diepte ondersoek. Die ruimtelike strekking van die rekreasiemilieu word op grond van kaarte en tabelle ondersoek vir die drie tydsiklusse, naamlik daaglik, gedurende naweke en gedurende vakansies.

In hoofstuk 5 word gekyk na die uitgedrukte behoeftes van die gemeenskap met aanbevelings oor moontlike oplossings vir probleme ten opsigte van rekreasie.

HOOFSTUK 2

REKREASIEHULPBRONBASIS IN BELLVILLE-SUID

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die rekreasiehelpbronnens (aanbod) in Bellville-Suid ondersoek word. Die volgende vraag sal in hierdie hoofstuk probeer beantwoord word, naamlik: Wat bied Bellville-Suid aan sy inwoners om rekreasie op 'n dag-, naweek- en vakansiebasis te beoefen? Hierdie vraag is veral belangrik in die geval van dagaktiwiteite aangesien respondente gedurende naweke en vakansies groter afstande kan aflê om fasiliteite te bereik. Fasiliteite in die uitgebreide metropolitaanse gebied van Groter Kaapstad, waarvan Bellville deel uitmaak, vorm inderwaarheid deel van die hulpbronnens van die respondente. Die vraag wat hierbo gestel is, was ook die uitgangspunt van Taylor (1984: 19) in sy ondersoek na die hulpbronnens vir blanke rekreative in Kaapstad.

Die hulpbronnens kan wissel van onontwikkelde hulpbronne, soos natuurgebiede, tot hoogs ontwikkelde hulpbronne soos plesierparke wat op 'n kommersiële grondslag bedryf word. Ten einde die klassifisering van hulpbronne vir beplanners te vergemaklik, is verskeie klassifikasiesistels deur onder andere Clawson en Knetsch (1966) en die Outdoor Recreation Resources Review Commission (1962) ontwerp. Hierdie klassifikasiesistels kon egter nie met vrug in die praktyk gebruik word nie omdat 'n

spesifieke hulpbron dikwels meer as een tipe rekreasiegeleentheid aan verbruikers bied en dus onder meer as een kategorie geklassifiseer kan word. Beplanners het gevolglik eerder van 'n inventarismetode gebruik gemaak om fasiliteite te lys. Die interaksie van fisiese en menslike hulpbronne en gevolglike ontwikkeling en beheer daarvan deur die private en openbare sektore skep uiteindelik die rekreasiegeleenthede vir die verbruiker. Daar behoort deeglik kennis geneem te word van die faktore wat die rekreasiehulpbronbasis in Bellville-Suid vorm. Die Groepsgebiedewet en Wet op die Verskaffing van Aparte Geriewe is, soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, die belangrikste beïnvloedende faktore in die wisselwerking tussen aanbod en aanvraag.

2.2 Oopruimte in stedelike gebiede

Oopruimte is, naas behuising, een van die belangrikste komponente van stedelike ruimte. Stedelike geografe en ander skrywers onderskei verskeie funksies wat oopruimte binne die stedelike konteks vervul (Best, 1981; Chapin, 1965). Die estetiese waarde van oopruimte het veral baie aandag geniet. Die moderne neiging in stadsbeplanning is om 'n sogenaamde "Groen Gordel" rondom die stad daar te stel. Hierdie groen gordel moet meerdoelig wees en nie slegs dien om die eentonigheid van die "betonoerwoud" te verbreek nie.

Lynch (1960: 43) het in sy baanbrekerswerk oor stedelike persepsie daarop gewys dat oopruimte identiteit aan stedelike gebiede verleen. Patmore (1970: 77) meen die

twee hoof funksies van stedelike oopruimte is eerstens, die geleentheid wat dit bied vir alle vorme van rekreasie, aktief of passief; en tweedens, dat dit die visuele sowel as die psigologiese kwaliteit van die stedelike landskap verhoog.

In ontwikkelde lande is gemeenskappe meer rekreasie- as werksgeoriënteerd as gevolg van 'n laer arbeidsinset maar hoër produktiwiteit. Die stadsbeplanner moet dus sorg dat ontwikkeling van die stedelike ruimte in die belang van die publiek geskied. Met die opstel van grondgebruiksplanne moet deeglike kennis geneem word van sosiale en ekonomiese insette van die betrokke gemeenskap.

Die beoefening van rekreasie vereis oopruimte in die vorm van parke, tuine, speelparke en sportgronde. Verskille in die faktore wat die betrokkenheid van plaaslike owerhede by rekreasie raak, veroorsaak dat groot geografiese variasie in die verskaffing van rekreasiehulpbronne bestaan. • Navorsers in die Verenigde State van Amerika het probeer vasstel wat die optimale inset van die verskaffers van openbare fasiliteite moet wees. Die volgende aanbevelings vir dorpe en stede in die Verenigde State van Amerika is verkry uit Steyn (1979: 25).

TABEL 1 : GROOTTES VAN STEDELIKE REKREASIEGEBIEDE (VSA)

Tipe Ontspannings-terrein	Optimale grootte (ha)	Voorsiening per 1000 inwoners	Maksimum Afstand (km)
Kleuterparke	0,016 - 0,025	0,32	0,4
Speelparke	1	0,44	1,6
Formele Parke	-	0,44	1,6
Sportgronde	4 - 8	0,53	-

Wat die situasie in Suid-Afrika betref, is die resultate van 'n ondersoek van Steyn en Swart (1983) besonder insiggewend. Die ondersoek het 'n vraelysopname van die wyses waarop munisipaliteite oopruimtes in stedelike gebiede bepaal, behels. Hulle het gevind dat norme van provinsie tot provinsie wissel, en selfs ook van een plaaslike owerheid tot die volgende in dieselfde provinsie. In Kaapland is die norm 2,4 hektaar per 1 000 mense, in Natal 2,6 hektaar en in die Oranje Vrystaat 2,4 hektaar. In Transvaal word daar gedifferensieer ten opsigte van woonhuise en woonstelle en verskillende norme word toegepas. Die eertydse Departement van Gemeenskapsontwikkeling, wat betrokke is by dorpsontwikkeling in woonbuurte vir die minder gegoedes (swartes), het daarenteen 'n norm van 1,8 hektaar per 1000 gesinne, met 2 hektaar per 1 000 gesinne as die ideaal (Steyn en Swart, 1983: 59 - 60).

Steyn en Swart het gevind dat daar ten opsigte van etniese groepe ook differensiering bestaan "When comparing open space provision in white municipal areas with those in

coloured and Asian areas, it is striking that the arithmetic mean value is lower throughout in terms of population numbers, while there is greater parity in terms of area. This phenomenon is probably associated with the relatively low open space requirements imposed by the Department of Community Development" (Steyn en Swart, 1983:63). In die kartering van die digtheid van oopruimte in stedelike gebiede in bogenoemde ondersoek, is die waardes vir Bruin- en Asiërgebiede buite rekening gelaat omdat dit die patroon negatief sou beïnvloed (Steyn en Swart, 1983:63). Hierdie "aanpassing" van Steyn en Swart dui weereens op die invloed van apartheidswetgewing in die sin dat die weglating van die waardes 'n ondervoorsieing in hierdie gebiede impliseer. Die volgende aanhaling uit die Cape Times (18/10/1983) staaf hierdie bewering: "Coloured communities in the Cape Province are allotted about a tenth of the space for parks, sports and recreation facilities provided for whites, a survey has found". Die resultate van die opname, onderneem deur die Bosboufakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch, toon die volgende verskille in hektaar per duisend van die bevolking (tabel 2).

✓ TABEL 2 : OOP RUIIMTES IN ENKELE SUID-AFRIKAANSE STEDE

(Cape Times, 18/10/1983)

Stad	Blank	Kleurling	Gemiddeld
Kaapstad	4,26 ha	1,43 ha	2,85 ha
Port-Elizabeth	6,05 ha	2,00 ha	4,03 ha
Oos-Londen	4,40 ha	1,25 ha	2,83 ha

Die ooreenstemmende syfer vir die stad Bellville se bevolking as geheel is 0,7 ha per duisend mense. Dit is duidelik dat hierdie syfer ver benede die gemiddelde is as vir die stede wat hierbo aangehaal is. Dit is ook baie minder as die 2,4 ha per duisend persone wat die norm in Kaapland is.

2.2.1 Openbare Oopruimtes in Bellville-Suid

In Bellville-Suid is oopruimtes in die meeste gevalle onontwikkeld. Oopruimtes in sommige dele van die buurt is met gras beplant wat gereeld deur munisipale werkers gesny en versorg word. Dit verskil van die een area tot die volgende - in Beroma, Marlow en Glenhaven word van besproeiingstelsels gebruik gemaak om die grasperke in stand te hou. Die oopruimtes in die ander areas is baie onnet en word ontsier deur allerlei huishoudelike afval. In die omgewing van die industriële gebied by Sack's Circle is daar breë bufferstroke wat die residensiële en nywerheidsgebiede van mekaar skei. Hierdie areas word deur kinders as speelplek gebruik hoewel dit nie geskik is daarvoor nie. Die ligging ten opsigte van die fabriek, besoedeling in die vorm van glasstukke, papier en ander industriële afval, die feit dat groot vragmotors op hierdie stuk grond geparkeer word, is almal faktore wat die gebruik van hierdie stroke niemandsland vir rekreasiedoeleindes negatief beïnvloed. Die bufferstrook by Triangle Farm word ook vir informele rekreasie deur inwoners van veral die Kasselsvlei-area gebruik. Die totale oppervlakte wat in Bellville-Suid aan hierdie stedelike funksie (oopruimte) toegestaan is, is ongeveer

21 hektaar (Bron: Bellville Munisipaliteit, 1985). Dit beteken minstens 1,2 ha per 1 000 persone wat baie hoër is as die gemiddelde vir Bellville as geheel, maar steeds slegs 50% van wat as norm in Kaapland gebruik word. Die afdeling van die Stadsraad van Bellville wat by die voorsiening en versorging van parke betrokke is, beskou alle openbare ruimtes wat met gras beplant of deur die Parke-afdeling in stand gehou moet word, as oopruimte. Dit sluit ongeteerde sypaadjies asook eilande in die middel van dubbelbaanpaaie in. Hierdie feit dra by tot die besonder hoë persentasie van die woongebied wat aan oopruimtes afgestaan word. Hierdie verskynsel bemoeilik die kartering van oopruimtes. Die groter areas word egter op figuur 9 aangetoon.

2.3 Die Voorsiening van Rekreasiefasiliteite

Hierdie aspek van rekreasie behels die interaksie van die sentrale regering, plaaslike owerhede en die private sektor. Die soort fasiliteit wat verskaf word en die mate van verantwoordelikheid teenoor die publiek word deur verskillende faktore bepaal, waarvan koste ongetwyfeld die belangrikste een is. As gevolg hiervan het die Staat die grootste verantwoordelikheid en verskaf dit dan ook die meer koste-intensiewe rekreasiefasiliteite soos nasionale parke, museums, bosbougebiede en dies meer. Bostaande opmerkings is egter net gedeeltelik waar in die Suid-Afrikaanse konteks. Ideologiese strewes van die regerende groep het veroorsaak dat die voorsiening van fasiliteite op hierdie vlak grotendeels gerig is tot die Blanke

bevolkingsgroep.

Die Staat is egter nie die hoofkomponent in rekrasiefasiliteitsverskaffing nie. Chubb en Chubb (1981: 325) meen dat die belangrikste verskaffer van rekrasiefasiliteite die private sektor is. Volgens hulle word tussen 80% en 90% van die individuele vrye tyd tuis deurgebring en word tussen 5% en 10% aan kommersiële rekrasie-aktiwiteite gewy. Vir slegs 10% tot 15% van die vryetyd word op openbare gebiede rekreër. Die elemente wat in tabel 3 genoem word, toon duidelik die oorheersende rol wat die privaatsektor in die rekrasiepatroon van die individu speel. Hierdie klassifikasie van private rekrasiehelpbronne omsluit veel meer elemente as wat in die Suid-Afrikaanse konteks bekend is. Dit is egter so dat elemente van die klassifikasie ook in ons samelewing voorkom en die tabel (effens gewysig) het dus groot waarde in hierdie opsig.

Kraus (1984) het ook die impak van kommersiële en private ondernemings ten opsigte van rekrasie nagegaan en hierdie aspek net so belangrik gevind. Hy onderskei vyf kategorieë van kommersiële rekrasie, naamlik fasiliteite en plekke waar die individue op homself aangewys is, maar die apparatuur moet huur; ondernemings wat vermaak verskaf; ondernemings waar individue afrigting ontvang in sekere aktiwiteite; vervaardigers en voorsieners van rekrasie-apparaat en reis en toerisme. Die rol wat al hierdie ondernemings in ons rekrasieomgewing speel, kom duidelik na vore indien daar na die voorbeeld van inkoop-

TABEL 3 : KLASSIFIKASIE VAN PRIVATE REKREASIEHULPBRONNE

HOOFGROEP	SUBGROEP	VOORBEELDE VAN HULPBRONNE
Persoonlike Hulpbronne	Woning	Woonkamer, gesinskamer, beeldradio, swembad, braaiplek, tuin, motor, hoëtroustel
	Tweede woning	Karavaan, strandhuis, kothuis
Hulpbronne van Privaat-organisasies	Private rekreasie-organisasies	Sportklubs, sosiale klubs
	Nie-rekreasiegerigde organisasies	Burgerlike verenigings, godsdienstige organisasies
Hulpbronne van semi-openbare organisasies	Jeuggerigde organisasies	Jeugklubs
	Sosiale welsynorganisasies	Burgersentrum, gemeenskapsdienssentra, (bv Dulcie Howessentrum), speelgrond
Industriële hulpbronne	Bewaringsliggame	Trustliggame wat historiese geboue, museums, sendingstasies, monumente beheer
	Hulpbronne wat deur die algemene publiek gebruik kan word	Plase, landbougebiede, plaasdiere, damme, wild; industriële grond- en bosgebiede, paaie, wandelpaaie Nywerheidstoere - uitstallings; Gemeenskapsprogramme - sportvelde en geassosieerde fasiliteite, gemeenskapsentrums
	Hulpbronne vir werknemers	Ruskamers, sportvelde, aktiwiteitsentrums, ontspanningskamers
Selfdeelname fasiliteite	Dansplekke	Danssalle, nagklubs
	Sport en speletjies	Videospeletjiesale, rolbalsentrums, golf-afslaanbane, fiksheidsklasse
Pretparke	Tradisionele parke, pretparke Tema parke	Skyfskietbane, mallemeule, rollercoasters Uitstallings, voedseldienste
Stadions en Renbane	Stadions en arenas	Enkel of meerdoelige plekke, bv Goodwood-Skouterrein
	Renbane	Bv. Killarney Motorrenbaan, perdewedrenbane
Kampeerplekke en hotelle	Kampeerplekke	Karavaan, tent
	Hotelle en losieshuise	Hotel, motel, losieshuis
	Oorde waar alle dienste verskaf word	Ski-orde, bootreise om die kus, gesondheidsoorde
	Plase	Vakansieplase, private landgoed
	Huureenhede	Vakansiehuise, kothuise, woonstelle
Skoue, toere en uitstallings	Kampe en skole	
	Reisende skoue	Sirkus, ysskoue, karnavaal
	Uitstallings en toere	Grotte (Kangogrotte), miniatuurstede, bootvaarte, uitkyktorings
Kommoditeite en mense	Kommoditeite	Visstok, gholfstokke, boek, tent
	Mense	Vervaardiger, vermaaklikheidskunstenaar, instrukteur
	Afleweringstelsels	Huurgeriewe, begeleide of alles-insluitende toere
<u>Kommersiële Private Hulpbronne</u>		
Inkoopfasiliteite	Konvensionele winkels	Van klein winkels tot inkoopsentra soos Tyger-valleisentrum
	Ander handelaars	Posbestellingsdienste, vlooiemarkte, veilings. Roomysstalletjie, bakkerij, restaurante, kroëë
Voedsel- en drankdienste		

(Bron: Chubb & Chubb (1981: 326) aangepas)

sentra gekyk word.

Die rol van kommersiële hulpbronne soos winkelsentra kom sterk na vore wanneer die aktiwiteitspatroon van die respondente nagegaan word. 'n Aanduiding van hul rol kan gevind word in die aantal respondente wat inkopies doen as rekreasie-aktiwiteit aangedui het en dan veral oor naweke (gewoonlik Vrydagaande en Saterdag) wanneer almal saam as gesin kan uitgaan. Die ontwikkeling van voorstedelike winkelsentra soos die Hipermark in Brackenfell, Sanlamsentrum in Parow en Tygervalleiwinkelkompleks in Bellville het bepaald 'n invloed op die rekreasie van gemeenskappe en individue in die noordelike voorstede uitgeoefen en Bellville-Suid het nie hierdie invloed vrygespring nie, veral nie respondente uit die meer gegoede areas van die buurt nie.


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat die openbare sektor betref, word rekreasiefasiliteite in Suid-Afrika basies op drie vlakke voorsien, naamlik deur die sentrale regering, die provinsiale administrasie en munisipaliteite. Die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse politieke sisteem in hierdie stadium maak dit egter moeilik om die onderskeie verantwoordelikhede van bogenoemde drie instansies te identifiseer. As gevolg van die nuutste konstitusionele ontwikkeling moet dieselfde of 'n soortgelyke aspek of fasiliteit deur aangewese persone uit byna elke etniese groep vir daardie spesifieke groep toegeken word met die gevolg dat hulpbronne gedupliseer en selfs verviervoudig moet word. Hierdie verskynsel, wat sy beslag in die Wet op

Aparte Geriewe (Wet No. 49 van 1953) en die Groepsgebiede Wet (Wet No. 36 van 1966) en aanverwante wetgewing gehad het, kan nog lank voortduur ten spyte van die oopstelling van sekere geriewe vir gebruik deur almal. Wat plaaslike owerhede aanbetref, moet riglyne in die beplanning van woongebiede volgens bostaande wette geskied, terwyl proklamasies ook bepaal dat sport en rekreasiegeriewe op aparte grondslag voorsien moet word.

2.4 Sportfasiliteite

2.4.1 Openbare sportfasiliteite



Die munisipale sportgronde grens aan Peter Barlowrylaan, suid van die Kasselsvleiwoongebied. Voorsiening is gemaak vir al die gewilde balspele soos rugby, sokker, netbal en hokkie. 'n Krieketveld word tans suid van die bestaande sportveld ontwikkel. Die sportgronde is voorsien van fasiliteite soos kleedkamers, 'n oop paviljoen, kafeteria en openbare toilette. Die ligging van die munisipale sportgronde ten opsigte van die potensiële verbruikers laat veel te wense oor. Dit is naby fabriek geleë wat lugbesoedeling veroorsaak. Die feit dat die sportgronde hier geleë is, is 'n direkte gevolg van die Groepsgebiedewet, in die sin dat behuising voorkeur gekry het in die uitleg van die woonbuurt, en sportfasiliteite agterna op oorblywende stukke oop grond aangelê is.

In Glenhaven is daar voorsiening gemaak vir agt weervaste tennisbane. Hierdie tennisbane word intensief benut

gedurende die somermaande deur lede van die Bellville-Suid Tennisklub. Inter-klub en selfs interprovinsiale en interskole-toernooie word hier aangebied. Op dieselfde perseel is daar ook kleedkamers, openbare toilette en kafeteriafasiliteite. Die klubhuis word ook gebruik vir byeenkomste van ander gemeenskapsorganisasies.

Die gemeenskap van Bellville-Suid beskik ook oor 'n openbare swembad wat volgens Olimpiese standarde gebou is. Benewens die groot swembad is daar ook 'n swembad vir kleuters. Die swembad is in Herculesstraat geleë en word in die somermaande intensief gebruik deur kinders en jongmense van veral die munisipale behuisingskemas van Bellville-Suid. Op die perseel is daar ook kleedkamers, openbare toilette en 'n kafeteria.

Die swembad word ook gebruik deur lede van die Bellville-Suid Amateur Swemklub en swemgala's word van tyd tot tyd deur hierdie klub aangebied, wat deelnemers van ander dele van die Skiereiland en die res van Suid-Afrika trek. Benutting strek dus verder as net die inwoners van Bellville-Suid. Swemlesse word ook by die swembad aangebied en is baie gewild.

2.4.2 Private en semi-private sportfasiliteite

Talle fabriek en ander indiensnemingsinstansies voorsien rekreasiefasiliteite aan hul werknemers. Fabriek met 'n


hoë werknemerstal soos South African Nylon Spinners, wat suid van Area 1 (sien figuur 9) geleë is, het uitgebreide sportfasiliteite vir die eksklusiewe gebruik van hul werknemers. 'n Goedversorgde sportveld word gedurende die winter gebruik vir rugby en sokker en gedurende die somer vir krieket. 'n Netbalveld grens aan hierdie sportveld. Die sportveld is voorsien van kleedkamers en ander geriewe. Barlows, geleë noord van Kasselsvleiweg, verskaf verskaf ook rekreasiefasiliteite aan hul werkers.

Talle werkgewers voorsien basiese rekreasiefasiliteite aan hul werkers wat daarop gemik is om die etensuur te veraangenaam. Rekreasiekamers, waar speletjies soos dambord, veerpyltjies en selfs snoeker gedurende etenstyd gespeel kan word, word by sommige fabriek in die industriële area aangetref.




UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Private ondernemings soos Lyners Health Studio bied fiksheidsklasse en ander liggaamsboufasiliteite aan die inwoners van Bellville-Suid. Hierdie onderneming is baie sentraal geleë (in Kasselsvleiweg) en dus binne maklike bereik van die inwoners van die buurt. Die gemeenskap van Bellville-Suid het ook beperkte toegang tot die rekreasiefasiliteite wat deur tersiëre inrigtings soos die Universiteit van Wes-Kaapland, die Skiereilandse Technikon, Onderwyskollege Bellville, vir hul studente geskep is. Die Universiteit van Wes-Kaapland beskik oor uitstekende sportgeriewe. Vandat die sportstadion in gebruik geneem is, word dit intensief deur skole gebruik gedurende die atletiekseisoen. Die sportstadion beskik oor 'n sintetiese



FIGUUR 9 : REKREASIEFASILITEITE IN BELLVILLE-SUID

rubber atletiekbaan wat onder alle weersomstandighede gebruik kan word. Sitplek vir ongeveer 3 500 toeskouers kan onderdak verskaf word, terwyl 'n verdere tien tot vyftienduisend in die sportstadion geakkommodeer kan word. Kleedkamers, kafeteriafasiliteite en selfs onthaal-fasiliteite word hier aangetref. Die sportkompleks van die Universiteit sluit sokker- en rugbyvelde onder spreiligte, twee krieketvelde, netbalbane, tennisbane, muurbalbane en 'n gimnasium in. Die meeste sportklubs aan die Universiteit het "oop" eerder as "geslote" lidmaatskap sodat dit nie beperk is tot studente op kampus nie. Oud-studente van UWK behou hul verbintenis met die Universiteit deurdat hulle toegang tot sy sportfasiliteite het.



Sportfasiliteite aan die Skiereilandse Technikon en Onderwyskollege Bellville is nie so toeganklik vir nie-studente as dié van die UWK nie. Lidmaatskap is meerendeels geslote en beperk tot studente verbonde aan die instansies op die kampusse en dié wat elders loseer. Die gebruik van hierdie fasiliteite deur die groter gemeenskap van Bellville-Suid is grootliks dié van toeskouers by sportbyeenkomste. Uitbreidings en verbeterings aan die sportfasiliteite is in 'n gevorderde stadium en die druk wat tans op die Universiteit van Wes-Kaapland se geriewe deur die gemeenskap geplaas word, kan in 'n mate verlig word indien hierdie fasiliteite ook tot die beskikking van die breër gemeenskap gestel word.

Wanneer daar na fasiliteite by skole gekyk word, vind ons dat die meeste skole geen noemenswaardige sportvelde het

nie. Fasiliteite by skole is beperk tot 'n teerblad wat gebruik word vir verpligte liggaamlike opvoedkundeperiodes. Hierdie teerblaaie dien ook as netbalbane en word slegs deur die skole self gebruik. Die gemeenskap word nie sondermeer toegelaat om die fasiliteite wat wel by sommige skole bestaan, te benut nie.

2.4.3 Informele sportvelde

Die verskynsel dat oopruimtes in woonbuurte en langs die op-en-afritte van snelweë vir georganiseerde sport gebruik word, kom wyd op die Kaapse Vlakte voor. Wedstryde tussen rugby- en sokkerklubs vind veral op Sondag plaas. Die rede hiervoor is waarskynlik dat georganiseerde sport deur die meeste plaaslike owerhede nie op Sondag toegelaat word nie. 'n Ander verklaring kan wees dat hierdie spanne nie die fasiliteite het om op Saterdag hul wedstryde te speel nie. Die gebrek aan fasiliteite wat in 'n groot mate toegeskryf kan word aan die Groepsgebiede Wet, en die politieke onderstrominge in die beheer en gebruik van munisipale sportgronde, is bydraende faktore tot hierdie verskynsel. Munisipale sportgronde in Bellville-Suid word beheer deur 'n bestuurskomitee wat volgens alle aanduidings nie baie gewild is by die gemeenskap nie (Burger, 8/9/1983; Cape Herald, 10/9/1983). Volgens sekere respondente verkry sportklubs wat tans binne die "normale" sportkode (gebaseer op Regeringsbeleid) fungeer, makliker toegang tot fasiliteite as dié klubs wat nie bereid is om sport op 'n rassegrondslag te bedryf nie.

Hierdie oopruimtes is meestal geleë naby behuisingskemas en word ook as speelplek deur kinders in die omgewing gebruik. In Bellville-Suid word die oopruimte langs Peter Barlowrylaan (sien figuur 9) veral deur sokkerspanne gebruik. Daar is gewoonlik baie toeskouers vanuit die aangrensende sub-ekonomiese behuisingskema wat die wedstryde bywoon. Hierdie stuk grond, soos ook ander in die studiegebied, is nie geskik vir die beoefening van sport nie. Faktore wat 'n negatiewe invloed daarop uitoefen is eerstens die gruisbedekking waarop spelers hulself kan beseer. en tweedens die ligging langs 'n besige straat. Vanweë die feit dat hierdie ruimte nie as sportveld beplan is nie, is dit ook nie omhein nie. Die kans dat 'n bal voor verbygaande verkeer kan beland, of dat toeskouers (veral kinders) in die straat kan kom terwyl 'n wedstryd aan die gang is, is baie groot. Verkeersongelukke hou dus 'n wesenlike gevaar in.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

2.5 Parke

Openbare rekreasiefasiliteite is van groot belang ten spyte daarvan dat slegs 'n klein gedeelte van die mens se vryetyd hier benut word. Dit is belangrik dat openbare liggame, byvoorbeeld die staat en munisipaliteite, verantwoordelikheid neem vir die voorsiening van sodanige fasiliteite, omdat die koste-faktor andersins sal verhoed dat die meeste mense van sulke fasiliteite gebruik sal maak. 'n Private onderneming sou die grond moes koop of huur en hierdie kostes weer van die publiek verhaal. Die koste van die grond in stedelike gebiede is dus een van die

redes waarom 'n plaaslike owerheid of die sentrale regering eerder as private ondernemings, hierdie hulpbronne kosteloos of teen 'n geringe betaling aan die publiek beskikbaar kan stel.

Volgens Chubb en Chubb het verskillende departemente in die Verenigde State van Amerika en Kanada op stedelike en distriksvlak in die verlede die verantwoordelikheid vir rekreasiehulpbronne gedra (Chubb en Chubb, 1981: 423). 'n "Staatsdepartement" of "Departement van Openbare Werke" was tradisioneel verantwoordelik vir die voorsiening en instandhouding van oopruimtes, stedelike parke en verbypaaie. Met verdere ontwikkeling van stedelike parkstelsels is afsonderlike departemente gevorm wat verantwoordelikheid hiervoor moes dra. 'n Algemene probleem was die beskikbaarheid van paslik-opgeleide persone om hierdie "Parkedepartemente" te bestuur. Daarby het 'n Departement van Rekreasie, gemik op sport en kultuur, ook ontstaan naas die Parke-departemente wat parke, sportvelde, ensovoorts moes ontwikkel. Die aparte stelsels van parke- en rekreasieprogramontwikkeling wat hieruit voortgevloei het, is opgelos deur in die meeste gevalle 'n gekombineerde departement te stig om albei aspekte te behartig.

Chubb en Chubb (1981: 432) identifiseer verder ook verskillende tipes parke, naamlik miniparke, buurtparke ("neighbourhood parks"), gemeenskapparke ("community parks") en streekparke ("regional parks"). Geeneen van hierdie parke kom in die studiegebied as sulks voor nie,

maar in Bellville self kan van die parke geïdentifiseer word. Elizabethpark in die Middestad van Bellville kan as 'n gemeenskapspark geïdentifiseer word aangesien dit bedoel is om die hele stad te bedien. Hierdie park is binne stap-afstand van Bellville-Suid en die aangename en rustige atmosfeer wat veral op Saterdag en Sondagmiddag ervaar word, word terdeë benut deur jongmense van laasgenoemde buurt. Ander parke in die noordelike gebied van Bellville is minder toeganklik vir mense uit die studiegebied omdat hulle in blanke residensiële areas geleë is.

Die uitleg van die piekniekarea by Sack's Circle (figuur 9) leen hom, gemeet aan die kriteria van Chubb en Chubb (1981: 432), tot klassifikasie as 'n buurtpark. Opvallende kenmerke van die gebied is sy golwende grasperke met bome vir koelte, sitplekke, braai-plekke, swaai en ander speel-apparaat vir kinders. Daar is ook 'n ablusieblok vir gebruikers en 'n kantoor vir die opsigter van die terrein.

Daar is egter 'n hele aantal faktore wat verhoed dat hierdie piekniekterrein by die gemeenskap vir wie dit daar-gestel is, byval vind. Eerstens speel die ligging daarvan 'n groot rol hierin. Die terrein is, soos op die kaart gesien kan word, geleë langs die riool- en komposwerke van Bellville. Aan die ooste en suide word dit begrens deur 'n spoorlyn wat dit skei van die munisipale vuilishoop wat binne sigafstand is. Tweedens veroorsaak die beheer van die piekniekgebied ook probleme. Daar moet vooraf gereël word om die area te kan gebruik, sodat 'n mens nie op die ingewing van die oomblik kan besluit om 'n piekniek te gaan

hou of te gaan braai nie. Hierdie fasiliteit is ook onder die beheer van die Bestuurskomitee van Bellville-Suid.

2.6 Speelparke

Die voorsiening van speelparke vir kinders in buurte is baie belangrik. Hierdie speelparke moet die leemte vul wat geskep word deur hoëdigheidsbebouing waar daar nie agterplase is nie [die gemiddelde grootte van erwe in hierdie areas is 280 vk.m. teenoor die 600 vk.m. in areas 1 en 2 (Bron: Bellville Munisipaliteit)] en ruimte vir spel gevolglik baie beperk is. By die uitleg en plasing van speelparke is daar 'n hele aantal faktore wat in gedagte gehou moet word. Dit is veral belangrik om daarop te let dat kinders in verskillende ouderdomsgroepe verskillende vereistes aan speelparke stel.

Gibbon (1979) in sy bespreking oor die voorsiening van speelparke in die Bruin woonbuurte van Port Elizabeth, het taamlik uitgebrei oor die vereistes vir spel wat kinders in verskillende ouderdomsgroepe openbaar. Veral Seeley (1973) het baanbrekerswerk op hierdie terrein verrig. Kinders tussen die ouderdomme van twee en vyf jaar het, volgens Seeley, baie min ruimte vir spel nodig. In die meeste gevalle is hul speletjies beperk tot verbeeldingsvlugte waar hul speelgoed alleen genoeg is om hulle te bevredig. Hulle kan hulself besig hou sonder om baie rond te beweeg.

Kinders in die ouderdomsgroep van vyf tot sewe jaar het egter baie ruimte nodig vir hul speletjies. Hulle hardloop

rond, spring en klouter en speel speletjies soos "Cops and Robbers", ensovoorts. Vir hierdie tipe speletjies moet die geleentheid geskep word in die vorm van ruimte en apparaat. Wanneer kinders egter ongeveer elf jaar oud word, vervaag die belangstelling in speel- apparaat en word meer in groepe aan speletjies deelgeneem. Balspeletjies is een van die kanale waarin hul energie gekanaliseer word.

Dit is dus duidelik dat kinders van verskillende ouderdomme verskillende behoeftes het wat betref ruimte om te speel. Navorsers in Brittanje en die Verenigde State van Amerika het reeds die verskynsel van speelparkvoorsiening deeglik ondersoek. Aandag is veral geskenk aan probleme wat bestaan met die bepaling van standaarde wat as gids kan dien in die vasstelling van minimum grootte vir die voorsiening van speelparke. In albei lande word daar minimum standaarde neergelê wat in onderstaande tabelle weerspieël word.

TABEL 4 : MINIMUMSTANDAARDE VIR DIE GROOTTE VAN SPEELPARKE IN DIE VSA

Bevolking van Woonbuurt	Grootte van Speelpark in ha
3000	1,6
4000	2,0
5000	2,4

(Bron : Gibbon (1979: 56)

In Brittanje word die voorgestelde groottes gebaseer op die aantal sowel as die ouderdomme van kinders in die woonbuurt

soos weerspieël in die volgende tabel (aangehaal uit Gibbon, 1979: 55).

**TABEL 5 : VOORGESTELDE MINIMUMSTANDAARDE VIR SPEELPARKE
IN BRITTANJE**

Ouderdom- groep	Minimum aantal m ² per kind	Minimum grootte speelpark m ²	Maksimum aantal kinders per minimum grootte speelpark	Opmerkings
2 - 5 jr	3,5	125	37	Min ruimte nodig; meeste speletjies van die "verbeel jou" soort; balspeletjies nie baie populêr nie, maar 'n harde oppervlakte is nodig vir speelgoed met wiele.
5 - 10 jr	8,5	335	40	Aangetrek deur toerusting; verkies jag-, klim-, akrobatiese-, verbeeldings- en balspeletjies. Voorsiening van golwende grasperke en bome noodsaaklik.
9 - 15 jr	12,5	670	53	Vir verskillende soort balspeletjies. Omdat hierdie kinders ook ander belangstellings het, sal die aantal kinders wat op enige tydstip van die speelpark gebruik maak, proporsioneel minder wees as vir die ander twee groepe.

(Bron : Gibbon, 1979:55)

Die plasing van speelparke ten opsigte van die verbruiker is ook belangrik. Speelparke word gewoonlik as deel van behuisingsprojekte ontwikkel. In ouer residensiële gebiede word oop erwe as speelparke ontwikkel of andersins vorm hulle deel van 'n groter park. Baie van die speelparke wat op oop erwe tussen woonhuise gebou word, word egter baie min of glad nie gebruik nie. 'n Speelpark wat op 'n hoekerf ontwikkel word kry meer aftrek, omdat hierdie erwe baie meer toeganklik is vir die kinders, en daar makliker toesig oor hulle uitgeoefen kan word. Speelparke wat tussen woonstelgeboue ontwikkel word, is gewoonlik slegs van een kant af sigbaar omdat woonstelgeboue aan twee of drie sye daarvan gebou is. Vandalisme kan ongemerk gepleeg word en kinders sowel as grootmense gemolesteer word. Hierdie plekke word ongelukkig dikwels as vuilishope gebruik en huishoudelike afval, stukke glas en selfs weggegooide meubelment word hier gelaat. Diegene wat dus verantwoordelik is vir die ontwikkeling en instandhouding van speelparke moet deeglik kennis neem van hierdie feite. Die uitleg van speelparke sluit nou aan by die redes waarom kinders moet speel. Dit is belangrik om hierdie aspek in gedagte te hou omdat dit die soort en hoeveelheid apparaat wat verskaf moet word, beïnvloed.

Die verspreiding van speelparke in Bellville-Suid, asook die voorsiening van speelapparaat word in figuur 9 en tabel 6 voorgestel. Uit die figuur kan afgelei word dat speelparke glad nie die hoë prioriteit geniet wat dit behoort te hê nie. As daar na die bevolkingsamestelling van Bellville-Suid (volgens die sensusopname van 1985) gekyk

word, kan gesien word dat 30% van die inwoners onder die ouderdom van vyftien jaar is. Ten spyte hiervan is daar slegs vyf speelparke (oopruimtes) waar speelapparaat voorsien word. Daar is dus een speelpark met apparaat vir elke 1 500 kinders. In Port Elizabeth het Gibbon (1979: 57) vasgestel dat die ratio vir blankes 1 : 776 is en vir bruinmense 1 : 1182, wat minder as dié vir Bellville-Suid is. In die lig hiervan is dit duidelik dat baie kinders dus nie die geleentheid kry om in hierdie speelparke te speel nie. 'n Algemene verskynsel is dat mense van veral Glenhaven en Beroma hul kinders elders heen neem om te speel. Die fasiliteite op die strandfront in Seepunt is veral baie gewild op Sondagmiddae.

'n Ander ooglopende probleem is dat die speelparke almal in die meer gegoede dele van Bellville-Suid voorkom. Daar is byvoorbeeld twee in Glenhaven, een in Beroma en twee in die noordelike deel van Bellville-Suid.

TABEL 6 : Tipes Speelapparaat by Speelparke

LIGGING VAN SPEELPARK					
Area	1	1	1	2	2
Nommer op Figuur 9	1	2	3	4	5
TIPE SPEELAPPARAAT					
Swaaie		x	x	x	x
Glyplank		x		x	
Wiplank				x	
Klouterraam	x	x	x	x	x
Rondomtalie	x			x	
Tarzan Bar				x	

Wat die voorsiening van speelapparaat betref (tabel 6), vind ons ook 'n ongelyke verspreiding. Al die speelparke, behalwe die een in Beroma (wat binne maklike bereik van die kinders uit die sub-ekonomiese skemas is), het baie speelapparaat. By speelparke (oopruimtes wat oënskynlik vir hierdie doel gelaat is) in die ekonomiese en sub-ekonomiese areas, vind 'n mens weinig of geen speelapparaat nie. Die enkele stukke apparaat wat aangetref word, is in 'n vervalte toestand en kan dikwels nie gebruik word nie. Die kinders wat juis 'n behoefte aan hierdie tipe rekreasiefasiliteit het, word dus afgeskeep.

Daar moet ook op gelet word dat erwe in die meer gegoede buurte selde kleiner as seshonderd vierkante meter is en kinders dus meer ruimte rondom die huis het om te speel. Die behoefte aan 'n gemeenskaplike speelpark word egter nie

hierdeur verminder nie. Erwe in die ekonomiese buurte is veel kleiner terwyl die sub-ekonomiese gebied uit skakelhuisse en woonstelle bestaan waar daar van 'n private agterplaas geen sprake is nie.

Die tekort aan, of blote afwesigheid van speelapparaat in speelparke, asook die toestand en voorkoms van speelparke in Bellville-Suid het tot gevolg dat baie kinders in strate speel. In die areas met hoë digtheidsbebouing speel kinders gewoonlik in die strate naby hul woonhuis. Hierdie verskynsel hou 'n groot gevaar vir die kinders sowel as motoriste in. Veral balspele in die strate kan maklik veroorsaak dat ongelukke plaasvind.

Speelparke, veral dié in die omgewing van woonstelle en waar daar enigsins bome aangeplant is, word ook die vergaderplek van kwajongens. Kinders wat van die speelparke gebruik maak loop die gevaar om aangerand en gemolesteer te word waar hulle buite die gesigveld van hul ouers speel. Ouers is huiwerig om hul kinders in hierdie parke te laat speel. Dit het tot gevolg dat selfs die beter versorgde parke in Glenhaven en elders nie optimaal benut word nie. Hierdie toedrag van sake moedig straatspeletjies aan.

2.7 Samevatting

Die area wat aan oopruimtes in Bellville-Suid afgestaan word, is slegs die helfte van die minimum area van 2,4 ha vir elke 1 000 inwoners vir stedelike gebiede in die Kaapprovinsie. Daar bestaan dus 'n ondervoorsiening wat

hierdie aspek betref. Oopruimtes is verder onontwikkeld, veral in die minder gegoede dele van Bellville-Suid.

Rekreasiefasiliteite in die studiegebied word byna uitsluitlik deur die Munisipaliteit voorsien. Hierdie fasiliteite sluit sportvelde, 'n swembad van Olimpiese grootte, 'n piekniekarea en speelparke vir kinders in. Daar bestaan egter probleme in die gebruik van sportvelde deur al die inwoners van die gebied. Hierdie probleme is polities van aard - sportlui wat die beleid van SACOS (South African Council on Sport) onderskryf, weier om sportvelde te gebruik wat op 'n rassegrondslag bestuur word. Die munisipale swembad is vanweë sy ligging besonder gewild by die inwoners van die minder gegoede dele van Bellville-Suid. Dit voorsien in 'n groot behoefte gedurende die warm somermaande.



Die sportfasiliteite van die tersiêre inrigtings en nywerhede in die studiegebied verleen slegs beperkte toegang aan die gemeenskap. Die fasiliteite by die Universiteit van Wes-Kaapland voorsien egter in 'n daadwerklike behoefte wat by skole ontstaan wanneer groot sportbyeenkomstes gereël word. Die fasiliteite by die skole self is nie voldoende om in die behoeftes te voorsien nie.

Inwoners van die minder gegoede buurte gebruik dikwels oopruimtes in die buurt as sportvelde op Sondag. Sokkerwedstryde word op 'n formele wyse deur hierdie mense beslis. Hierdie verskynsel dui op 'n gebrek aan alternatiewe rekreasiegeleenthede in die buurt. Die probleem

kan ook ontstaan as gevolg daarvan dat die munisipale sportvelde nie op Sondag vir wedstryde gebruik mag word nie. Die behoefte aan rekreasiegeleenthede op Sondagmiddae word dus hierdeur weerspieël. Die gebruik van hierdie oopruimtes as sportvelde, hou groot gevaar vir motoriste sowel as deelnemers in.

'n Ander tekortkoming in die voorsiening van fasiliteite wat geïdentifiseer is, is die totale gebrek aan gemeenskapspark in die woonbuurt. Inwoners word verplig om die naaste park aan Bellville-Suid, naamlik Elizabethpark in die middestad van Bellville, vir rekreasie te gebruik. Die gebruik is beperk tot jonger mense wat daarheen stap. Die enigste ontwikkeling in die studiegebied wat as buurtpark geklassifiseer kan word, naamlik die piekniekarea by Sack's Circle, is vanweë die ligging en probleme met die bestuur daarvan, onaanvaarbaar vir die inwoners van Bellville-Suid.

Daar bestaan ook 'n ondervoorsiening ten opsigte van speelparke in die woongebied, veral in die minder gegoede areas waar kinders beperkte speelplek het as gevolg van die digte bebouing. In die gegoede buurte is daar wel speelparke, maar probleme bestaan ten opsigte van apparaat en toesig.

In die hieropvolgende hoofstuk sal gekyk word na die sosio-ekonomiese profiel van die inwoners van Bellville-Suid en die rol wat hierdie faktore in die beïnvloeding van die aanvraagpatroon van die respondente.

HOOFSTUK 3


SOSIO-EKONOMIESE PROFIEL VAN RESPONDENTE

3.1 Inleiding

Soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon, rus die verantwoordelikheid vir die voorsiening, instandhouding en beheer van rekreasiefasiliteite op die skouers van verskillende liggame, hetsy openbaar of privaat. Dit is egter belangrik dat hierdie liggame bewus is van die aanvraag wat daar vir hul dienste bestaan. Roberts (1982) definieer aanvraag as die aantal persone (of deelnemende eenhede) wat dit nodig vind om aan 'n besondere rekreasie-aktiwiteit deel te neem en sodoende die vraag na fasiliteite skep. Die bestaande of uitgedrukte aanvraag word saamgestel uit verskeie komponente (figuur 10).

FIGUUR 10 : AANVRAAGKOMPONENTE

(Volgens Roberts, 1982: 330)



Die vier komponente wat in bostaande figuur voorgestel word, kan vir rekreasie as geheel of vir slegs 'n enkele aktiwiteit geld. Eerstens is daar die werklike of uitgedrukte aanvraag soos blyk uit die bestaande patroon van deelname. Hierdie eerste komponent kan betreklik maklik met behulp van 'n vraelysopname gemeet word.

Die tweede komponent wat onderskei kan word is die latente aanvraag. Dit sluit diegene in wat graag sou wou deelneem aan aktiwiteite (hulle het weliswaar die tyd en die finansiële vermoë om dit te kan doen) maar nie kan nie as gevolg van 'n gebrek aan fasiliteite. Hierdie is dus die onderdrukte aanvraag wat deur die ontoereikendheid van die huidige aanbod en toeganklikheid tot fasiliteite en hulpbronne (soos in die Suid-Afrikaanse situasie gemanifesteer) geskep word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die derde komponent omsluit die potensiele aanvraag. Dit ontstaan as gevolg van 'n gebrek aan beide die finansiële vermoë en tyd om deel te neem aan rekreasie-aktiwiteite. Hierdie toestand kan in die toekoms omskep word in werklike aanvraag indien daar 'n verhewing in die sosiale of ekonomiese vlak van die mense kom.


Die vierde en laaste komponent wat deur Roberts onderskei word, is geen aanvraag. Mense wat in hierdie kategorie val sluit die oues van dae, siek en bedlêende (immobiele) mense en diegene wat nie belangstel in enige vorm van rekreasie nie, in. Die komponente van aanvraag wat Roberts onderskei, kan in die studiegebied

geïdentifiseer en teruggevoer word na die invloed wat die politiek-ekonomiese strukture op die sosio-ekonomiese posisie van die respondente uitoefen.

Die bestaande aanvraag word deur verskillende faktore beïnvloed. Clawson en Knetsch (1966: 60) onderskei drie hoofgroepe faktore wat die aanvraag by 'n besondere plek of vir 'n besondere aktiwiteit bepaal, naamlik faktore wat betrekking het op potensiële rekreërders as individue; faktore met betrekking tot die rekreasiëgebied self; en faktore wat die wisselwerking tussen potensiële verbruikers en die rekreasiëgebied of -fasiliteit beïnvloed.

Die eersgenoemde groep faktore is veral belangrik vir hierdie afdeling van die studie. Genoemde skrywers sit die beïnvloedende faktore soos volg uiteen:

- (a) die aantal potensiële deelnemers in die opvanggebied van die fasiliteit;
- (b) hul geografiese verspreiding binne die opvanggebied;
- (c) hul demografiese en sosiale kenmerke (ouderdom, geslag, beroep, gesinsgrootte en -samestelling, opvoedkundige peil);
- (d) hul gemiddelde inkomste en die verspreiding van inkomste tussen individue;
- (e) hul gemiddelde vrye tyd asook die verspreiding daarvan;
- (f) hul opvoeding, ervaring en huidige kennis van




FIGUUR 11 : FAKTORE WAT REKREASIE BEI"NVLOED

(Volgens Roberts, 1982 : 339)


rekreasie, en
(g) hul voorkeure ten opsigte van rekreasie.

Die faktore wat hierbo bespreek is, word, tesame met ander tersaaklike invloede, saamgevat in 'n vloeydiagram wat deur Law (1970: 5) in sy artikel oor dieselfde onderwerp opgestel is. In die diagram (figuur 11) word gepoog om al die aspekte wat 'n besluit ten opsigte van 'n rekreasië-aktiwiteit beïnvloed, uiteen te sit.

3.2 Sosio-ekonomiese Invloed op Aanyraag in die Studiegebied



Bellville-Suid verteenwoordig, wat stedelike morfologie en sosio-ekonomiese status betref, die spektrum van residensiële en sosio-ekonomiese tipes wat in Swart woonbuurte op die Kaapse Vlakte verwag kan word. Op grond van behuisingkarakter, estetiese voorkoms en ander aspekte van stedelike morfologie kan daar vier sub-areas in Bellville-Suid onderskei word (figuur 12). Die vier sub-areas wat onderskei word, is: Die nuwer privaatbesitwoongebiede van Glenhaven, Beroma en Marlow (Area 1), die ouer privaatbehuisingsgedeelte van Bellville-Suid (Area 2), die munisipale behuisingkemas van Bellville-Suid (Area 3) en die jongste munisipale behuisingkema wat as Kasselsvlei bekend staan (Area 4).



FIGUUR 12 : SUB-AREAS VAN BELLVILLE-SUID

Ten einde 'n beeld van die sosio-ekonomiese status van die respondente te verkry, is na die volgende demografiese en sosio-ekonomiese parameters gekyk, naamlik ouderdom, opvoedingspeil, inkomste, beroep, huisbesit en motorbesit. Daar kan verskeie voorbeelde uit die literatuur aangehaal word, waar gevind is dat deelname aan rekreasie-aktiwiteite en voorkeure op grond van bostaande sosio-ekonomiese veranderlikes verskil, onder andere ouderdom (Hendee en Birdge, 1974), opvoeding (White, 1975), inkomste (Birdge en Field, 1972), onderwyspeil, beroep, ouderdom en gesinssamestelling (Hugo, 1974). Die invloed van hierdie veranderlikes op rekreasiedeelname word breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek.

3.2.1 Die Invloed van die werksituasie

Die rol van die werksituasie ten opsigte van rekreasiedeelname word in die hieropvolgende paragrawe uiteengesit. Die tyd wat mense aan die beoefening van rekreasie kan bestee word deur verskillende faktore beïnvloed, waarvan werk die belangrikste is. Aspekte wat hier ter sprake kom is die reis na en van die werk, waar die werkplek geleë is (wat sal bepaal hoeveel tyd aan die reis daarheen en terug afgestaan word), die aantal ure wat gewerk word, die tipe werk wat gedoen word, die besoldiging en so meer.

Die aantal werksure speel in die daaglikse tydsiklus 'n groot rol want dit het in baie gevalle tot agt uur per dag of selfs minder, gedaal. Volgens Hugo en Hattingh (1973: 6) "... the standard working week in South Africa has

diminished from 47,4 hours in 1927 to 43,5 hours in 1969". Benewens hierdie vermindering van byna 8% in werksure het daar ook ander veranderinge in hierdie verband gekom wat rekreasie beïnvloed. Twee hiervan is "fleksietyd" en "verdiende tyd". In die eerste geval begin werkers op verskillende tye van die dag werk en kan hulle hul vereiste aantal ure in die werksweek rangskik soos dit hulle pas. Verdiende tyd is 'n skema waarvolgens werkers huis toe kan gaan sodra hul produksie-kwota vir die dag gevul is, selfs twee tot drie ure voor die tyd en steeds vir agt ure se werk betaal word.

Wat die naweeklike tydsiklus betref, het die algemene neiging tot 'n vyfdaagse werksweek tot gevolg dat waar in die daaglikse tydsiklus die rekreasie-hulpbron binne maklike bereik van die rekreant moet wees, dit nou minder belangrik is. Die totstandkoming van die tweedag-naweek het rekreasiedeelnames drasties verander. Uitstappies en aktiwiteite wat meer as een dag in beslag neem, kan nou makliker beoefen word.

Vryetyd in die jaarlikse tydsiklus het baie toegeneem die afgelope vyftig jaar en daar kan aangeneem word dat hierdie verskynsel sal voortduur. In Duitsland, byvoorbeeld, het die aantal betaalde vakansiedae toegeneem van drie in 1933 tot 14 in 1945, 22 in 1969 en daar word voorspel dat dit sal styg tot 70 teen die einde van die eeu (Cosgrove en Jackson, 1972: 25). 'n Toename in die lengte van die jaarlikse vakansie het 'n duidelike effek op die begrensing van afstand. McCarthy en Lindberg (1969: 128) stel dit dat

baie mense nie bereid is om selfs 'n tiende van hul vakansie af te staan aan reis nie en dus 'n minderwaardige plek wat nader is, sal besoek.

'n Belangrike verskynsel in stede, met sowel ruimtelike as maatskaplike implikasies, is die ontwikkeling van voorstede en nywerheidsareas ver van mekaar wat tot gevolg het dat die werk en woonplek van mense in toenemende mate geskei word. In gevalle waar mense as gevolg van die Groepsgebiedewet verskuif is na slaapdorpe soos Mitchell's Plein en Khayelitsha, kan die gevolge daarvan reeds waargeneem word. Die industriële gebiede van Bellville is naby die woonbuurte wat deur die studie gedek word, geleë, en die meerderheid van die ekonomies-aktiewe respondente werk vermoedelik naby hul wonings. Daar kan egter baie respondente wees wat elders in die Skiereiland werksaam is en dus ook blootgestel is aan hierdie skeiding van woon- en werkplek.

Die tyd wat in beslag geneem word deur die reis na en van die werk word beskou as "dooie" tyd, hoewel 'n rekreasie-aktiwiteit soos lees beoefen kan word indien van openbare vervoer soos 'n bus of trein gebruik gemaak word. Hierdie fragmentasie van die werker se dag plaas die onus toenemend op die werkgever om rekreasiefasiliteite vir die werknemer by sy werkplek te skep.

Die gemiddelde aantal werksure in ontwikkelde lande beloop 40 uur per week. Chubb en Chubb stel dit dat 'n tipiese fabriekswerker in die Verenigde State van Amerika deesdae

ongeveer vier keer soveel vrye tyd het as in die laat 1800's.

TABEL 7 : VERMINDERING VAN DIE INDUSTRIËLE WERKSWEEK
SEDERT 1850

Tydperk	Tipiese Industriële Werksweek	Vrye Tyd per week	% Toename	% Sedert 1850
Laat 1880s	6 dae/12 of 14 uur = 78 uur	13 uur	-	-
Vroeë 1990s	6 dae/10 uur = 60 uur	31 uur	138	138
1920s	5½ dae/9 uur = 50 uur	41 uur	32	215
1950s	5 dae/8 uur = 40 uur	51 uur	24	292
1980s	5 dae/7 uur = 35 uur	56 uur	10	331

(Bron: Chubb en Chubb (1981: 96))

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In Suid-Afrika, waar Derde Wêreldtoestande in 'n groot mate nog oorheersend is, lyk die prentjie ietwat anders. Die gemiddelde fabriekswerker werk veel langer as sy eweknie in die VSA. Hy handhaaf 'n vyfdag-werksweek met tot soveel as nege uur per dag. In enkele gevalle, waar skofte gewerk word, is die ure langer en word van die werkers vereis om tot twaalf uur per dag aan diens te wees. Die invloed van hierdie werkspatroom op rekreasie kan nie buite rekening gelaat word nie.

Die verspreiding van die werksure, met ander woorde, die tyd wanneer gewerk word, het ook 'n invloed op

rekreasiedeelname. Die meeste mense het 'n standaard agt tot vyf werksdag, maar veranderinge ten opsigte hiervan soos "fleksietyd", "verdiende tyd" en "skofte" beïnvloed die rekreasiepatroon van individue.

Daar is sommige instansies waar daar 24 uur per dag gewerk word. In fabriek, besighede en openbare dienste soos hospitale en brandweerstasies byvoorbeeld, werk mense in skofte om hierdie instansies aan die gang te hou. Mense word dus dikwels, na gelang van die deel van die dag wanneer hulle werk, negatief beïnvloed met betrekking tot hul rekreasie-aktiwiteite. Ongeveer 18% van die ekonomies-aktiewe respondente in hierdie ondersoek het aangedui dat hulle by fabriek en verwante instansies werk. Van die grootse indiensnemers in Bellville- Suid, naamlik South African Nylon Spinners, Food and Nutritional Products en Table Bay Spinners is dag-en- nag aan die gang en hul werknemers word dus in skofte ingedeel.

Rekreasiegedrag word beïnvloed deur die aard van die werk en die toestande waaronder die werk verrig word. Werk kan 'n individu fisies of sielkundig op verskeie maniere beïnvloed en die rekreasie-aktiwiteit waaraan die individu agterna deelneem, is behoort 'n teenmiddel vir die werk te wees. 'n Mens sou verwag dat iemand wat werk met 'n hoë fisiese inset verrig, op 'n wyse sal rekrëer wat fisies nie so veeleisend is nie.

Die keuse van rekreasie-aktiwiteite word dikwels bepaal deur die plek waar die individu werk, asook soms die

invloed van sy kollegas. Baie besighede en industrieë skep rekreasiegeleenthede op die perseel vir werknemers en hul gesinne. Dit kan enigiets wees van kleinere bydraes (geldelik of goedere vir sportspanne en sosiale gebeurtenisse) tot duur fasiliteite soos atletiekbane, sportvelde, gholfbane en selfs gemeenskapsentrums, veral in myndorpe, waarvan Kleinsee en Oranjemund goeie voorbeelde is. Rekreasie-beamptes mag selfs voltyds in diens wees van hierdie instellings om rekreasie-aktiwiteite te inisieer en te koördineer.

Groot fabrieke soos South African Nylon Spinners en Barlows in Bellville-Suid, wat die meeste van hul werkers uit hierdie woonbuurt trek, het sportvelde wat 'n verskeidenheid sportsoorte akkommodeer. Hierbenewens kan 'n mens verwag dat daar gedurende etensure aan rekreasievorme soos kaartspel, domino's, veerpyltjies, tafeltennis, ensovoorts, deelgeneem word. Baie werkers woon selfs fiksheidsklasse by gedurende hul etenstye. Bostaande opmerkings is gegrond op waarnemings en vraelyste is nie aan die werkgewers besorg om 'n omvattende beeld te verkry nie.

3.2.2 Die invloed van inkomste

Rekreasiedeelneme word in 'n groot mate beïnvloed deur die inkomste en byvoordele wat mense ontvang. In hierdie geval is die totale inkomste nie die deurslaggewende faktor nie, maar eerder die hoeveelheid oortollige geld van die huisgesin. Chubb en Chubb (1981: 101) definieer hierdie oortollige geld as volg: "... the money left over after

the basic costs of existence such as taxes, housing, food, transportation to work, and health care have been paid".

Mense met hoër sosio-ekonomiese status het gewoonlik baie meer oortollige geld as dié in die werkersklas om op nie-essensiële goedere soos rekreasie te spandeer. Byvoordele wat sekere werknemers geniet, beteken ook meer oortollige geld. Die meeste werkers ontvang jaarliks 'n vakansiebonus bo-en-behalwe hul gewone salarisse. Dit is deesdae nie ongewoon dat beide man en vrou in 'n huishouding 'n betrekking beklee nie. Die addisionele inkomste van die werkende vrou beteken ook meer oortollige geld.

Hoewel dit geldig kan wees vir enige gemeenskap, maak Taljaard (1984) pertinent die opmerking dat daar "In die algemeen ... gesê (kan) word dat vir 'Kleurlinge' deelname aan ontspanning in belangrikheid toeneem soos die inkomste styg" (p. 22).

3.2.3 Die invloed van vervoer

In 'n uitgestrekte stedelike gebied soos die Kaapse Metropool, is vervoer noodsaaklik om sekere rekreasie-aktiwiteite te kan beoefen. Rekreasiefasiliteite is dikwels ver van die woonplek en een of ander vorm van vervoer is nodig om daar te kom. Bellville-Suid het byvoorbeeld nie 'n bioskoopsaal nie en lang afstande moet afgelê word om by een te kom.

In hierdie verband kan die rol van die private motorvoer-

tuig nie onderskat word nie. Mobiliteit, naas tyd en inkomste, is een van die belangrikste faktore ten opsigte van rekreasiegedrag en die private motor verleen aan rek-reante vryheid om:

- in of buite die stad fasiliteite te besoek wat andersins moeilik bereikbaar sou wees;
- meer privaat te kan rekreër (mense met motors kan afgesonderde plekke besoek, bv. om te hengel);
- jong kinders en selfs troeteldiere saam te neem op uitstappies en alle geriewe saam te neem wat benodig sal word op 'n piekniek;
- as fisies-gestremde fasiliteite te besoek wat nie moontlik sou wees met openbare vervoer nie;
- aan aktiwiteite deel te neem wat spesiale toerusting benodig (bv waterski, bootsport);
- meer tyd aan rekreasie te bestee (ander vorme van vervoer neem dikwels langer om by 'n bestemming te kom);
- meer selektief te wees (op plesierritte slegs die plekke te besoek waarin jy belangstel terwyl jy as deel van 'n toergroep gebonde sou wees aan 'n toerprogram).

Gespesialiseerde motorvoertuie stel ook die individue in staat om plekke te besoek wat hy andersins nie sou kon bereik nie.

Die gebruik van die motor as vervoermiddel het 'n bepaalde invloed op en dra by om die aktiwiteitspatroon van die respondente moontlik te maak. Volgens Hugo (1974: 103) en ander het die koms van die motor, meer as enigiets anders,

'n omwenteling in rekreasie buite die tuisomgewing teweeggebring. Hy merk op dat die grootste voordeel van die motor in sy plooibaarheid ten opsigte van tyd en gebruik lê. Burton (1970: 64) het ook beklemtoon dat persoonlike en gesinsmobiliteit 'n sleutelfaktor in die bepaling van mense se rekreasiegedrag is. Hierdie aspek is reeds deur talle navorsers bewys (Crackwell, 1970; Patmore, 1970; Wasser, 1966).


3.3 Area 1 (Glenhaven, Beroma en Marlow)

Hierdie buurte (figuur 12) lê oos van Peter Barlowrylaan en bestaan uitsluitlik uit privaatbehuising. Die buurte word saamgegroepeer op grond van hul eenvormige karakter. Daar kan reeds op grond van die visuele voorkoms van Area 1 afgelei word dat respondente uit hierdie buurte 'n hoë ekonomiese status beklee. Aan die noorde en oostekant word die area begrens deur die Bellville-Sareptaspoorlyn, in die weste vorm Peter Barlowrylaan die grens en in die suide is dit die kompleks van die Athlone Skool vir Blindes en die industriële gebied. Verdere ruimtelike uitbreiding van hierdie buurte is nie moontlik nie. 'n Aspek van die buurte wat vir die huidige studie van belang is, is dat oopruimtes vir ontwikkeling as speelparke en parke reeds met die uitleg van die buurt daargestel is, sodat dit goed geplaas is ten opsigte van die potensieële gebruikers.

Die ouderdomsverspreiding van die respondente word in figuur 13 voorgestel. Dit is opvallend dat die grootste

groep in die ouderdomsgroepe 20 tot 24 jaar en 25 tot 29 jaar resorteer. Die inwoners van Area 1 is dus 'n relatiewe jong gemeenskap, met 'n gemiddelde ouderdom van 31 jaar en slegs 8% van die respondente ouer as 55 jaar.

FIGUUR 13 : OUDERDOM (AREA 1)




Die voorkoms van 'n besondere hoë persentasie respondente in die ouderdomsgroepe 20 tot 24 en 25 tot 29 dui op die moontlikheid van baie jong kinders. Hierdie stelling word in bostaande figuur gereflekteer. Dit sal 'n vraag na speelparke vir die jong kinders, waar hulle sonder gevaar van verkeer kan speel, tot gevolg hê.

Daar is 'n hoë voorkoms van kinders in die ouderdomsgroep 15 tot 19 jaar wat korreleer met die hoë persentasie tussen 40 en 54. Hierdie verskynsel sal weer 'n vraag na ander tipe fasiliteite laat ontstaan. Daar kan verwag word dat hierdie jongmense al taamlik onafhanklik rekreër. Die tipes rekreësie waarin hulle sou belangstel sal van 'n sosiale aard, byvoorbeeld dans, jeugbyeenkomste,

ensovoorts, wees.

Wat die opvoedkundige peil van die respondente betref, kan hul skoolastiese prestasies in drie groepe ingedeel word, naamlik diegene wat slegs laerskoolopleiding gehad het (hierdie groep sluit skoolgaande kinders ook in en maak 19,1% van die totaal uit), diegene met 'n hoërskoolkwalifikasie insluitende matriek [waarvan 'n derde (15,9%) nog op skool is en die res (33,3%) alreeds skool verlaat het] en derdens die groep wat hul hoërskoolopleiding voltooi en verder studeer het. Hierdie laaste groep (sien tabel 8) bestaan uit 31,7% van die respondente uit Area 1.

TABEL 8 : OPVOEDKUNDIGE PEIL (AREA 1)




	n	%
<St 4	9	14,3
4	2	3,2
5	1	1,6
6	1	1,6
7	2	3,2
8	4	6,3
9	8	12,7
10	16	25,4
Naskools	20	31,7

Dit is hierdie twee laaste groepe wat reeds uit die skool is (41,2%), wat van belang is vir die studie van rekreasie in hierdie area. Daar kan verskeie voorbeelde uit die literatuur aangehaal word waar bevind is dat 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies 'n verhoging in rekreasiebewustheid teweegbring (O.R.R.R.C., 1962; Burton, 1970). Die vraag na rekreasiegeleenthede wat hierdie groep genereer,

behoort 'n wye spektrum van aktiwiteite te omsluit.

Die beroepsverspreiding van die ekonomies-aktiewe respondente in Area 1 word in figuur 14 uitgebeeld. Die groepering van beroepe is gedoen volgens die 1985-sensusopname van die Republiek van Suid-Afrika. Die ekonomies-aktiewe respondente vorm 52,4% van die totaal. Die nie-ekonomies-aktiewe sektor, wat nie by hierdie voorstelling ingesluit is nie, bestaan uit skoolgaande kinders, huisvroue en pensioenarisse (44,3%) en werkloses (3,3%). Slegs 18,2% van die ekonomies-aktiewe respondente is betrokke by produksie en verwante bedrywighede. Die res kan geklassifiseer word as witboordjiewerkers, bestaande uit dokters, prokureurs, onderwysers, winkelassistente, ensovoorts.

FIGUUR 14 : BEROEPSVERSPREIDING (AREA 1)



Inkomste van respondente word in tabel 9 weerspieël. Die gemiddelde maandelikse inkomste van gesinne word aangegee. Die gemiddelde maandelikse inkomste per gesin in hierdie area is, volgens hierdie opname, R2 044,00. Hierdiesyfer laat die verwagting ontstaan dat daar baie oortollige geld moet wees om aan rekreasie te bestee.

TABEL 9 : MAANDELIKSE INKOMSTE PER GESIN (AREA 1)

Inkomstekategorieë	Aantal Gesinne	%
Geen		
< 500	1	5,9
500 - 999	1	5,9
1000 - 1499	3	17,6
1500 - 1999	4	23,5
2000 - 2499	2	11,8
2500 - 2999	4	23,5
3000 - 3499	1	-
> 3500	2	11,8

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die private motorvoertuig speel 'n baie belangrike rol in die rekreasiebeoefening van mense. Wanneer na motorbesit gekyk word (tabel 10) is dit duidelik dat hierdie area ook in terme hiervan hoë sosio- ekonomiese status reflekteer. Daar is ten minste een motor per gesin terwyl 47,1% van die gesinne ook 'n tweede motor besit.

TABEL 10 : MOTORBESIT (AREA 1)


	n	%
Geen vervoer	-	-
Een motor	9	52,9
Meer as een motor	8	47,1

3.4 Area 2 (Bellville-Suid)

Die sub-area bekend as Bellville-Suid (figuur 12) word begrens deur die Bellville-Sareptaspoorlyn in die noorde. Mimosa- en Werdastraat in die suide, Industrie- en Sacksonstraat in die ooste en Modderdamweg en Osbornestraat in die weste en bestaan uitsluitlik uit privaatbehuising. Blankes en die sogenaamde Bruinmense het in die deel noord van Kasselsvleiweg gewoon totdat die hervestiging van Blankes in 1957 in terme van die Groepsgebiedewet begin het. Die area is dus veel ouer as Area 1 en die algemene voorkoms van woonhuise dui dan ook hierop. In baie dele is die inwoners besig om die woongebied op te knap (deur byvoorbeeld hul huise te vernuwe en tuine en grasperke aan te lê), maar origens het die area [veral suid van Joolstraat (figuur 9)] nie 'n visueel-aantreklike voorkoms nie. Onooglike sinkstrukture in agterplase dui op die woningnood in baie dele van die gebied. Dit is 'n algemene verskynsel dat kinders wat trou by hul ouers inwoon en erwe word dus verder toegebou deur die toevoeging van bediendekwartiere waarin hierdie kinders dan woon. Bellville-Suid het in terme van residensiële uitbreiding reeds byna sy versadigingspunt bereik en die mense wat 'n huis nodig het moet óf by hul ouers inwoon of wegtrek uit 'n bekende omgewing. Selfs garages word in woonkwartiere omskep. Die enkele stukke oop grond (in baie gevalle erwe wat as oopruimte gelaat is) kom verwaarloos voor.

Die ouderdomsverspreiding van respondente uit hierdie area (figuur 15) is baie meer eweredig as in Area 1. Daar is geen ouderdomsgroep wat werklik domineer nie.

FIGUUR 15 : OUDERDOM (AREA 2)




Terwyl speelparke in hierdie area ook soos in Area 1 'n knelpunt is, bestaan daar 'n groter knelpunt ten opsigte van die ouer respondente. Daar word glad nie vir hierdie deel van die gemeenskap voorsiening gemaak vir rekreasie nie. Daar is byvoorbeeld nie 'n park waarin mense vir wandelings kan gaan nie. Die enigste oopruimte/speelpark in hierdie deel van Bellville-Suid (nommer 5 op figuur 9) is nie geskik vir rekreasie-aktiwiteite van ouer mense nie, omdat daar nie fasiliteite in die vorm van rusbanke of koeltebome is nie. Ouer mense in Bellville-Suid het dikwels nie die finansiële vermoë of toegang tot vervoer om die parke in die blanke residensiële areas van Bellville te besoek nie. Toeganklikheid speel dus hier 'n deurslaggewende rol.

In die groepe bo 55, wat in Area 1 slegs sowat 8% van die totaal uitgemaak het, is hier meer as dubbel soveel as in Area 1. Die gemiddelde ouderdom van die respondente is ook hoër (35 jaar) as in Area 1. Dit dui op 'n ouer gemeenskap (wat eintlik te verwagte is - hierdie is immers 'n baie ouer deel van Bellville-Suid).

Die opvoedkundige peil van respondente uit Area 2 word in tabel 11 voorgestel. Dieselfde onderskeid soos by Area 1 kan gemaak word ten opsigte van die verskillende kategorieë.

TABEL 11 : OPVOEDINGSPEIL (AREA 2)




	n	%
< St 4	35	18,6
4	2	1,1
5	11	5,9
6	24	12,8
7	19	10,1
8	29	15,4
9	10	5,3
10	29	15,4

Van hierdie respondente het 26,1% aangedui dat hulle nog op skool is; 51,1% het aangedui dat hulle werk; 20,7% is huisvroue; 1,6% het alreeds afgetree en die orige 0,5% is werkloos. 'n Belangrike verskil in die opvoedkundige peil van respondente uit hierdie area en dié uit Area 1 lê daarin dat hierdie mense oor die algemeen nie so 'n hoë peil van onderwys bereik het nie. Vyftig persent minder as in Area 1 het naskoolse kwalifikasies behaal. Die algemene vlak van opvoeding is egter nie soveel laer dat verwag kan

word dat dit ander deelnamepatrone as dié van respondente in Area 1 in die hand sal werk nie.

Die beroepsverspreiding van respondente uit Area 2 word in figuur 16 uitgebeeld. Net meer as die helfte (51,1%) van die respondente het aangedui dat hulle ekonomies-aktief is. Die res (48,9%), wat die nie- ekonomies-aktiewe sektor uitmaak, bestaan uit skoolgaande kinders (26,1%), huisvroue (20,7%), pensioenarisse (1,6%) en werkloses (0,5%).

FIGUUR 16 : BEROEPSVERSPREIDING (AREA 2)



In hierdie area is veel minder witboordjiewerkers (57,7%) as in Area 1 (78,8%), terwyl daar baie meer mense betrokke is by blouboordjie tipe werk (42,3% teenoor 18,2%), dit wil sê, diensnywerhede en produksie en aanverwante bedrywe. Die samestelling van die werksmag in Area 2 laat die ver-

wagting ontstaan dat rekreasiepatrone anders daar sal uit-sien as in Area 1. By die bespreking van die beroepsverspreiding van Area 1 (figuur 14) is reeds gewys op die invloed wat werk op die vryetydsbesteding van mense het.

Daar is reeds gewys op die rol van inkomste in die rekreasiebeoefening van mense. Die gemiddelde maandelikse inkomste van gesinne uit Area 2 word in tabel 12 weerspieël. Die gemiddelde inkomste van R1375 per maand per gesin in hierdie area is veel laer as in Area 1.

TABEL 12 : MAANDELIKSE INKOMSTE PER GESIN (AREA 2)

Inkomstekategorieë	Aantal Gesinne	%
Geen	-	-
< 500	10	19,2
500 - 999	15	28,8
1000 - 1499	4	7,7
1500 - 1999	10	19,2
2000 - 2499	6	11,5
2500 - 2999	3	5,8
3000 - 3499	3	5,8
> 3500	1	1,9

Die minimum inkomste wat 'n gesin van vyf persone gedurende 1984 in Kaapstad benodig het om 'n bestaan te kon voer, was, volgens die Instituut vir Beplanningsnavorsing van die Universiteit van Port Elizabeth (Potgieter, 1985: 58) R353,36. Volgens Hugo (1974: 98) moet hierdie inkomste egter veel hoër wees om sosiologiese noodsaaklikhede soos opvoeding, 'n minimum vir rekreasie, en dies meer, in te sluit. 'n Bedrag wat 50% hoër is as die broodlyn word hiervoor benodig. Hierdie bedrag word slegs as ver-

wysingspunt gebruik en verteenwoordig nie noodwendig die werklike situasie soos dit huidiglik ondervind word nie. Faktore soos inflasie het die lewenskoste sedert 1974 drasties laat styg, sodat 50% miskien nie meer realisties is nie. In hierdie geval beloop dit R530,04. Dit beteken dat die maandelikse inkomste van gesinne in hierdie area bokant albei vlakke is en hulle genoeg oortollige geld behoort te hê om aktief te kan deelneem. Daar kan dus verwag word dat finansies nie 'n sterk beperkende invloed op die rekreasiepatroon van die respondente sal hê nie.

Wat motorbesit betref, is respondente in Area 2 slegter daaraan toe as respondente in Area 1. Motorbesit per gesin word in tabel 13 saamgevat.

TABEL 13 : MOTORBESIT (AREA 2)

	n	%
Geen vervoer	16	28,6
Een motor	26	46,4
Meer as een motor	14	25,0

Terwyl elke gesin in Area 1 minstens oor hul eie vervoer beskik het, het 28,6% van hierdie gesinne nie toegang tot 'n privaat motor nie. Daar kan gevolglik verwag word dat hierdie faktor die mense se rekreasiepatroon negatief sal beïnvloed beide wat betref die tipe aktiwiteit waaraan hulle deelneem en die plek waar dit beoefen word.

3.5 Area 3 (Ouer Munisipale Behuisingskema)

Area 3 beslaan die ouer munisipale behuisingskema van Bellville-Suid wat suid van Oopstraat geleë is (figuur 12).


Die skema word aan die westekant van die ekonomiese huise van Bellville-Suid geskei deur 'n oop stuk grond. Aan die oostekant is daar ook so 'n bufferstrook wat dit van die industriële area skei. 'n Verdere uitbreiding van hierdie skema word deur Erasmusstraat van die nuutste munisipale behuisingskema, naamlik Kasselsvlei, geskei. Die meeste van die mense in hierdie skema is vanuit die noordelike dele van Bellville (suid van die N1) hierheen verskuif in terme van die Groepsgebiedewet. Hierdie verskuiwings het gedurende die laat-50's en vroeë 60's plaasgevind.

Die algemene indruk van die buurt is een van verwaarlosing en armoede. Die huise is klein, klam in die winter en oor die algemeen oorbewoon. Daar word tot drie gesinne per woning gehuisves. Verligting van die behuisingsnood in hierdie area sal bitter moeilik wees, aangesien daar geen grond vir verdere uitbreiding beskikbaar is nie. Die munisipale huise word tans te koop aangebied aan die inwoners en baie mense het volgens bronne by die munisipaliteit van Bellville reeds hul wonings gekoop.

Die ouderdomsverspreiding van respondente in hierdie area word in figuur 17 uitgebeeld. 'n Opvallende kenmerk van die ouderdomstruktuur is die groot persentasie (66%) van die respondente in die ouderdomsgroep onder 34 jaar. Die gemiddelde ouderdom, volgens die steekproef, is 29,7 jaar, wat laer is as die vorige twee areas wat beskryf is. Die rede hiervoor hang saam met sosio-ekonomiese probleme soos woonplek en lae persoonlike inkomste. Getroude kinders woon

ook by hul ouers in.

FIGUUR 17 : OUDERDOM (AREA 3)



In terme van hul vryetydsbesteding behoort respondente in hierdie area min of meer dieselfde behoeftes te openbaar as in Areas 1 en 2. Die feit dat daar so 'n groot aantal jongmense is, vereis egter meer vergaderplekke soos klubhuise en ontspanningssale. Hoewel die huidige navorser nie daarop ingegaan het nie, is dit moontlik dat jongmense in hierdie areas na vergaderplekke soos die stoepe van winkels en straathoeke gedryf word as gevolg van die hoë bewoningsdigtheid van hul wonings en gebrek aan alternatiewe rekreasiefasiliteite.

Die opvoedkundige peil van respondente uit Area 3 is opvallend laer as in die vorige twee areas wat bespreek is. Die opvoedkundige peil word in tabel 14 saamgevat.


TABEL 14 : OPVOEDKUNDIGE PEIL (AREA 3)

	n	%
< St 4	18	22,0
4	5	6,1
5	15	18,3
6	19	23,2
7	6	7,2
8	9	11,0
9	5	6,1
10	5	6,1
Naskools	-	-

Van die 24,4% van die respondente wat nog op skool was, was 8,5% op hoërskool, wat 'n aanduiding behoort te gee van die groot aantal jongmense wat alreeds skool verlaat het (gesien in die lig van die ouderdomsverspreiding van die respondente). Ongeveer 45,0% van die respondente het alreeds hul hoërskoolopleiding voltooi. Geeneen van die respondente het enige naskoolse opleiding gehad nie. Die opvoedkundige peil van die respondente is dus baie laag in vergelyking met die vorige twee areas.

Wat die beroepsverspreiding (figuur 18) van die ekonomies-aktiewe respondente in Area 3 betref, is die oorwig na die produksie en aanverwante bedrywe. Ruim 85,7% kan in hierdie kategorie geplaas word. Ten tye van die opname was slegs 41,4% van die respondente ekonomies-aktief. Die nie-ekonomies-aktiewe sektor van die gemeenskap het bestaan uit skoolgaande kinders (24,4%), huisvroue (18,3%), afgetrede persone (6,1%) en werkloses (9,8%). Hierdie besonder hoë werkloosheidsyfer hou ook implikasies vir rekreasie in gegewe die beperkte hulpbronne in hierdie area.

FIGUUR 18 : BEROEPSVERSPREIDING (AREA 3)



Die feit dat so baie van die respondente as blouboordjiewerkers geklassifiseer kan word, het noodwendig implikasies vir die beoefening van sowel as die tipe rekreasie wat beoefen word, veral as die tydaspek (soos bespreek in afdeling 3.2.1) in oorweging geneem word. Hierdie implikasies kan verskil van dié in Areas 1 en 2.

'n Verdere negatiewe faktor in die rekreasiepatroon van mense in hierdie is hul inkomste. Die maandelikse inkomste per gesin word in tabel 15 getabelleer.

TABEL 15 : MAANDELIKSE INKOMSTE PER GESIN (AREA 3)

Inkomstekategorieë	Aantal gesinne	%
Geen	-	-
< 500	11	52,4
500 - 999	7	33,3
1000 - 1499	3	14,3
> 1500	-	-

Die gemiddelde maandelikse inkomste per gesin vir die area as geheel beloop slegs R560,00. Dit beteken dat gesinne in hierdie area slegs R30,00 per maand sal oorhê as oortollige geld, indien die bestaansvlak soos in afdeling 3.2.2 bespreek, in ooreweging geneem word. In die lig daarvan dat die beoefening van talle vorme van rekreasie direk saamhang met die hoeveelheid geld wat daarop uitgegee kan word (afdeling 3.2.1), sal mense in hierdie area waarskynlik as gevolg van gebrekkige finansies nie so 'n groot verskeidenheid aktiwiteite kan beoefen nie, indien enige.

Respondente in Area 3 is baie meer afhanklik van openbare vervoer as diegene in Areas 1 en 2. Wanneer na motorbesit (tabel 16) gekyk word, is dit duidelik dat die privaat motor nie naastenby dieselfde rol in rekreasiebeoefening kan speel as in die ander twee areas nie.

TABEL 16 : MOTORBESIT (AREA 3)

	n	%
Geen vervoer	17	77,3
Een motor	4	22,7
Meer as een motor	-	-

Slegs 22,2% van die gesinne het hul eie motorvoertuig wat noodwendig gesinsuitstappies bemoeilik. 'n Mens vind hier die verskynsel dat van die kerkgenootskappe en sportklubs in die area uitstappies per bus reël na nabygeleë strande of rekreasie-areas soos Antoniesvlei of Wolwekloof.


3.6 Area 4 (Kasselsvlei)

Die noordelike grens van Kasselsvlei (figuur 7) wat reeds in 1985 as "Bruin"-woongebied geproklameer is, word gevorm deur Kasselsvleiweg. (Area 4 word onderskei van Area 3 omdat hierdie area eers in die vroeë sewentigerjare ontwikkel is en dus betreklik nuut is.) In die suide strek die area sover as William Hartellaan en Stilwaneyasingel. In die weste vorm Industriestraat die grens terwyl Peter Barlowrylaan die oosgrens vorm. Hierdie area bestaan uit verskillende tipes munisipale behuisingseenhede, naamlik drie verkoopskemas, een ekonomiese behuisingskema en drie sub-ekonomiese behuisingskemas. Laasgenoemde bevat aaneengeskakelde woonstelblokke, bestaande uit twee grond- en twee eerste verdiepingwooneenhede

met 'n gemeenskaplike trap in die middel van die woonstelblok. Effektief het mense wat op die eerste verdieping woon, dus min of geen toegang tot 'n agterplaas of tuin nie. Die visuele voorkoms van hierdie deel van die area is baie neerdrukkend en verwaarlosing is aan die orde van die dag. Die ekonomiese en verkoopskemas is daarteenoor beter versorg met weereens 'n graadverskil tussen die twee.

Wanneer na die ouderdomsverspreiding (figuur 19) van respondente uit area 4 gekyk word, is dit opvallend dat tienderjariges die dominante groep in hierdie area is. Hierdie ouderdomsgroepe (10 tot 14 en 15 tot 19 jaar) vorm 27% van die totaal. Die volgende uitstaande ouderdomsgroep is dié tussen 35 en 39 en tussen 40 en 44.

FIGUUR 19 : OUDERDOM (AREA 4)



In hierdie geval sal die vraag na fasiliteite vir die jeug oorheersend wees. Daar sal 'n wegbeweging van gesinsgerigte rekreasie wees namate die jongmense hul eie

belangstellingsvelde begin ontwikkel. Dieselfde tipe situasie (waar kinders hul eie rekreasiepatrone en milieu skep), as in Area 3 sal dus ook hier ontstaan.

Die opvoedkundige peil van die respondente uit area 4 word in tabel 17 saamgevat. Die opvoedkundige kenmerke van die respondente sluit nou aan by dié van Area 3 in die sin dat dit ook relatief laag is in vergelyking met Area 1.

TABEL 17 : OPVOEDKUNDIGE PEIL (AREA 4)

	n	%
< St 4	76	31,9
4	22	9,2
5	32	13,4
6	46	19,3
7	20	8,4
8	22	9,2
9	8	3,4
10	11	4,6
Na-skools	1	0,4


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ongeveer 27% van die respondente was ten tye van die opname nog op skool. Hiervan was slegs 11,7% op hoërskool. As daar na die aantal tienerjariges in die area gekyk word, beteken dit dat hier ook baie jongmense is wat vroeg skool verlaat het. Die vermoede ontstaan gevolglik dat hierdie skoolverlaters verantwoordelik is vir die hoë persentasie werkloses in hierdie area (5%).

Ongeveer vyftig persent van die respondente uit Area 4 is ekonomies-aktief. Die nie-ekonomies-aktiewe komponent (die orige 50%) is saamgestel uit huisvroue (13,4%); werkloses (5,5%); pensioenarisse (4,6%) en skoolgaande

kinders (27,3%). Die beroepsverspreiding van die ekonomies-aktiewe respondente word in figuur 20 uitgebeeld.

FIGUUR 20 : BEROEPSVERSPREIDING (AREA 4)



Uit bostaande figuur is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die ekonomies-aktiewe respondente in produksie en verwante bedrywe betrokke is. Hierdie toedrag van sake het implikasies vir die beoefening van rekreasie omdat hierdie mense gewoonlik lang ure werk en gevolglik min vryetyd tot hul beskikking het. Rekreasie sal as gevolg hiervan waarskynlik tuisgerig wees. Gegewe die gebrekkige rekreasiefasiliteite in hierdie area is dit te verwagte dat mense nie buite hul wonings sal rekreer nie. Wanneer daar

na die aktiwiteite gekyk word wat wel beoefen word (in 'n latere hoofstuk) blyk dit dat televisiekyk een van die belangrikste rekreasie-aktiwiteite is. Dat die werksituasie (soos bespreek in afdeling 3.2.1) in hierdie area 'n bepalende rol ten opsigte van rekreasiebeoefening sal speel, is dus nie te betwyfel nie.

Die gemiddelde maandelikse inkomste van gesinne in hierdie area word in tabel 18 saamgevat. Die gemiddelde inkomste vir die area as geheel is hoër as dié van Area 3, naamlik R720. Ongeveer 40% van die gesinne het 'n inkomste wat minder is as die fisiese bestaansvlak van R530 wat in afdeling 3.2.2 uiteengesit is.

TABEL 18 : MAANDELIKSE INKOMSTE PER GESIN (AREA 4)

Inkomstekategorie	Aantal gesinne	%
Geen		-
< 500	19	37,3
500 - 999	19	37,3
1000 - 1499	10	19,4
> 1500	3	6,0

Die gemiddelde inkomstesifer in hierdie area word positief beïnvloed deur die groot aantal privateienaarskapswonings in die noordelike deel wat grens aan Kasselsvleiweg. Die gesinne in die ekonomiese en sub-ekonomiese deel van Kasselsvlei is op dieselfde inkomstevlak as dié van Area 3. Dit kan dus verwag word dat vir 'n deel van die respondente die beoefening van rekreasie dieselfde probleme sal openbaar as in die geval van Area 3.

Wat motorbesit betref (tabel 19) blyk dit dat respondente in Area 4 beter daaraan toe is as respondente in Area 3. Die aantal gesinne wat toegang tot 'n privaatmotor het, is egter nie veel hoër nie en die oorgrote meerderheid van die gesinne (64,8%) is nog steeds op openbare vervoer aangewese.

TABEL 19 : MOTORBESIT (AREA 4)

	n	%
Geen vervoer	35	64,8
Een motor	15	27,8
Meer as een motor	4	7,4

3.7 Sosio-ekonomiese Profiel van die Studiegebied


Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat hier drie sosio-ekonomiese klasse onderskei kan word, naamlik 'n hoër middelklas in Area 1, 'n middelklas in area 2 en 'n werkersklas in Areas 3 en 4. Hierdie kategorisering moet egter nie as allesomvattend beskou word nie, aangesien daar binne die Suid-Afrikaanse politiek- ekonomiese struktuur baie faktore is wat 'n invloed op die sosio-ekonomiese status van mense kan uitoefen. Die verskillende areas is verder ook nie geslote vir diegene wat nie daar woon nie, want beskikbare geriewe, byvoorbeeld speelparke, word oor en weer gebruik sonder inagneming van 'n klassestruktuur soos hierbo uiteengesit. Intendeel, die speelpark in Beroma (Area 1) word deur kinders uit die Kasselsvleigebied (Area 4) besoek as gevolg van die gebrekkige geriewe in

Area 4.

Aangesien die groep onder bespreking as gevolg van 'n beperkte keuse en deur magte buite hul beheer hulle in Bellville-Suid bevind, is dit nodig om 'n opsommende beeld van die sosio-ekonomiese profiel van die respondente te kry. Demografiese en sosio-ekonomiese indikatore wat in die vorige afdelings per area bespreek is, word vervolgens vir Bellville-Suid as geheel saamgevat en waar die gegewens beskikbaar is, vergelyk met die syfers vir die betrokke gemeenskap soos vervat in die mees onlangse sensusopname van die Republiek van Suid-Afrika (1985). In figuur 21 word die ouderdomsverspreiding van die respondente (a) vergelyk met die syfers wat uit die 1985-sensusopname verkry is (b).



FIGUUR 21 : OUDERDOMSVERSPREIDING (STUDIEGEBIED)



'n Opvallende verskil tussen die gegewens van respondente

wat verkry is deur middel van die vraelysopname en syfers soos vervat in die sensusopname van 1985 bestaan in die gemiddelde ouderdom van die twee stelle data. In die geval van die vraelysopname is die gemiddelde ouderdom 31,4 jaar en vir die sensusopname is dit 24,1. Hierdie demografiese verskil hou sekere implikasies in vir rekreasie in Bellville-Suid - beide wat die aanvraag na en aanbod van fasiliteite betref. Die verwagting ontstaan dat die vraag veral gemik sal wees op fasiliteite wat as 'n gesin benut kan word. Die jeugkomponent sal ook sekere eise aan die hulpbronbasis stel.

In tabel 20 word die algemene opvoedkundige peil van die respondente vergelyk met dié van die sensusopname vir 1985. Die tabel bevat ook die opvoedkundige peil van die respondente in die studiegebied wat alreeds skool verlaat het. Data in die sensusopname weerspieël die hoogste skolastiese vlak van die bevolking. Data word as 'n persentasie gegee.

TABEL 20 : OPVOEDKUNDIGE PEIL (STUDIEGEBIED)


Hoogste st geslaag	Bellville-Suid		Sensus 1985
	Skoliere Ingesluit	Skoliere Uitgesluit	
< St 4	23,4	16,8	50,7
4	5,5	6,0	8,2
5	10,4	10,8	9,9
6	15,9	18,0	11,5
7	8,3	8,6	6,4
8	11,3	13,7	6,1
9	5,5	4,1	2,1
10	10,8	10,6	2,8
Na-skools	8,9	11,5	2,3

'n Ontleding van die bostaande tabel bring interessante

verskille in die twee stelle data na vore. Die beeld van 'n gemeenskap met 'n lae opvoedkundige peil wat in die sensus-gegevens daargestel word, word deur data wat met die opname ingesamel is, as onwaar bewys. Terwyl daar met die sensusopname bevind is dat 50,7% van die inwoners van Bellville-Suid 'n opvoedkundige peil van laer as Standaard 4 het, toon die resultate van die vraelysopname dat dit slegs 23,4% is (eerste kolom). Hierdie argument geld deurgaans wanneer die twee stelle data vergelyk word. Die afleiding kan gevolglik gemaak word dat ons hier met 'n gemeenskap met 'n hoë opvoedkundige peil te make het. Gegewe die rol van opvoeding in die rekreasiebewustheid van mense in die algemeen, kan daar verwag word dat hierdie mense in 'n groot mate bewus moet wees van die rol wat rekreasie in hul lewens behoort te speel. Opvoeding, as beïnvloedende faktor, behoort gevolglik 'n positiewe bydrae tot die rekreasiegedrag van die respondente te lewer.

Die verskille in die sosio-ekonomiese status van respondente uit die onderskeie areas word weereens deur die beroepsverspreiding (figuur 22) uitgebeeld. Vir Bellville-Suid as geheel is ongeveer 60% van die ekonomies-aktiewe respondente betrokke by produksie en aanverwante bedrywe. Hierdie patroon kom ook na vore in die 1985-sensus. Van hierdie respondente is 72,6% afkomstig uit Areas 3 en 4.

FIGUUR 22 : BEROEPSVERSPREIDING (STUDIEGEBIED)



Byna 90% van die respondente wat 'n beroep in die professionele-, semi-professionele- of tegniese kategorie volg, woon in Areas 1 en 2. Die implikasies hiervan vir rekreasie is dat deelname aan aktiwiteite wat 'n groter kapitaal-inset verg veral in hierdie twee areas sal voorkom omdat hierdie groep ook die meeste geld verdien. Die invloed van werk (soos uiteengesit in afdeling 3.2.1) behoort ook duidelik na vore te kom wanneer die aktiwiteite van die respondente uit die onderskeie areas van nader beskou word.

Vraelyste is aan 151 hoofde van gesinne bestel en 141 (of 93,4%) het 'n aanduiding van die gesin se inkomste gegee (tabel 21). Die oorblywende 6,6% het of geen inkomste gehad ten tye van die opname nie, of wou nie die gegewens verstrek nie. Die gemiddelde maandelikse inkomste van die gesinne in die studiegebied beloop R1097,51 per maand.

TABEL 21 : GESINSINKOMSTE PER MAAND (STUDIEGEBIED)

Inkomstekategorieë	Aantal gesinne	%
< 500	41	29,1
500 - 999	42	29,8
1000 - 1499	20	14,2
1500 - 1999	17	12,1
2000 - 2499	8	5,7
2500 - 2999	7	5,0
3000 - 3499	3	2,1
> 3500	3	2,1

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wanneer na die inkomste van gesinne in die verskillende areas gekyk word, het die respondente in Areas 3 en 4 die laagste inkomste. In hierdie areas het onderskeidelik 85,7% en 74,5% 'n inkomste wat laer is as die gemiddelde vir die studiegebied as geheel. Die afleiding kan gevolglik gemaak word, dat, net soos in die geval van beroep, mense in Areas 1 en 2 ook wat inkomste betref, meer aan rekreasie-aktiwiteite wat 'n groter kapitaal-inset verg, sal deelneem.

Die rol van die private motorvoertuig in die beoefening van rekreasie (soos bespreek in afdeling 3.2.3), kan nie oorbeklemtoon word nie. Motorbesit per gesin word in tabel 22

vir die studiegebied saamgevat.

TABEL 22 : MOTORBESIT (STUDIEGEBIED)

	Aantal gesinne	%
Geen vervoer	70	46,4
Een motor	55	36,4
Meer as een motor	26	17,2
	151	

Motorbesit per gesin is reeds vir die verskillende areas bespreek, maar in bostaande tabel kan gesien word dat bykans die helfte van die gesinne in die studiegebied nie die gerief en voordele van 'n gesinsmotor geniet nie.

Die besit van 'n motor op sigself verleen egter nie outomaties toegang tot rekreasiegebiede nie. Tot onlangs was die grootste beperkende faktor in hierdie tipe rekreasie die institusionele beperkings wat daar op die swart deel van die bevolking van Suid-Afrika gerus het. Hoewel daar in die afgelope paar jaar 'n verbetering in hierdie opsig na vore gekom het, het die trae oopstel van beperkte geriewe vir swartes nog nie 'n tasbare verandering in die rekreasiegedrag van hierdie mense teweeggebring nie.

3.8 Samevatting

Vier sub-areas is binne die gemeenskap van Bellville-Suid geïdentifiseer op grond van stedelik-morfologiese kenmerke soos die ouderdom van die areas, die tipe behuising, of die

area uit privateienaarskapswonings of huureenhede bestaan, en dies meer.

Die onderskeid is verder onderskryf deur die bepaling van die sosio-ekonomiese status van die respondente uit die onderskeie areas. Hoewel die inwoners van Bellville-Suid binne die Suid-Afrikaanse politiek- ekonomiese bestel byna sonder uitsondering as middelklas beskryf kan word, kom die onderskeid tussen middelklas en werkersklas tog duidelik na vore. Inwoners van Areas 1 en 2 kan as oorwegend hoër middelklas beskryf word, terwyl diegene in Areas 3 en 4, op enkele uitsonderings na, as laer middelklas geklassifiseer kan word.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word hoe hierdie onderskeid in die benutting van rekreasiefasiliteite gemanifesteer word.



HOOFSTUK 4

DIE REKREASIEGEDRAG VAN DIE RESPONDENTE

4.1 Inleiding

Volgens Chubb en Chubb (1981) en Kraus (1984) word die aard en omvang van rekreasiedeelname by enige gemeenskap beïnvloed deur die sosio-ekonomiese vlak van ontwikkeling van die betrokke gemeenskap. Daar is egter al in voorafgaande hoofstukke aangetoon dat hierdie stelling nie sonder meer op die Suid-Afrikaanse samelewing van toepassing gemaak kan word nie en dat politiek-ekonomiese faktore 'n groot rol speel in die bepaling van die graad van rekreasiedeelname. Die rol van die politieke en ekonomiese faktore in die beïnvloeding van die sosio-ekonomiese stand van mense is myns insiens die belangrikste van hierdie faktore.

Chubb en Chubb (1981: 89) onderskei tussen 'n ontwikkelde en 'n ontwikkelende stadium ten opsigte van sosio-ekonomiese vlak. Die onderskeid tussen die ontwikkelende (of Derde Wêreldstadium) en die ontwikkelde stadium (waarin die meeste Westerse lande alreeds is) word deur middel van verskeie aanduiders geïdentifiseer. In die ontwikkelde stadium het mense wat rekreasie betref, volgens bostaande skrywers:

- a) minder tyd nodig om hul basiese behoeftes te bevredig;
- b) 'n hoër vlak van fisiese en geestelike gesondheid bereik as gevolg van voldoende voedselvoorsiening en gesondheidsdienste;
- c) meer geld oor vir rekreasie omdat inkomstes soveel hoër is;
- d) 'n hoër vlak van opvoeding;
- e) toegang tot meer produkte en fasiliteite vir rekreasie;
- f) toegang tot verbeterde kommunikasiemiddele;
- g) toegang tot verbeterde private en openbare vervoer;
- h) regeringsprogramme wat op verskillende vlakke aangebied en uitgebrei word met betrekking tot die voorsiening van fasiliteite.

Die kenmerke wat hierbo uiteengesit is, word reeds in 'n groot mate in Blanke Suid-Afrika waargeneem. As gevolg van die beperkende wette en regulasies in die land (in wese die ideologie van Apartheid), het die ander bevolkingsgroepe agterweë gebly. Die verskynsel van beter en groter vir die blanke is nie net beperk tot residensiële gebiede of werksgeleenthede nie, maar word gemanifesteer op elke vlak van die politiek-ekonomiese struktuur, insluitende rekreasie. Diskriminasie in fasiliteitsvoorsiening vir verskillende bevolkingsgroepe, wat duidelik waarneembaar is in stedelike gebiede, word skreiend wanneer na landelike gebiede gekyk word (Redlinghuis, 1986).


In die studiegebied self is rekreasiegeleenthede baie beperk, soos reeds in hoofstuk 2 aangetoon. Die wyse

waarop die beperkte fasiliteite egter deur die respondente benut word, word vervolgens bespreek.

4.2 Rekreasie-aktiwiteite van Respondente

Die frekwensie van deelname aan verskillende aktiwiteite wissel van een area in die studiegebied tot die volgende. Ten einde die deelnamepatrone van die onderskeie areas te ondersoek, is tabelle saamgestel van aktiwiteite waaraan deelgeneem is vir die verskillende tydsiklusse, naamlik dag, naweek en vakansie. In hierdie afdeling word gekyk na die deelnamepatroon van die respondente gedurende hierdie tydsiklusse.

4.2.1 Dagaktiwiteite



In tabel 23 word die aktiwiteite waaraan respondente op 'n daaglikse basis deelneem in volgorde van belangrikheid voorgestel. Die verwagting is dat daar veral aan aktiwiteite in en rondom die huis deelgeneem sal word. Chubb en Chubb (1981: 50) stel dit dat "most recreation experiences take place in or close to home and involve everyday pleasures such as relaxing, chatting with family or friends, or playing simple games". Faktore wat in hierdie tydsiklus rekreasiedeelname kan beïnvloed is onder andere die werksomstandighede van die respondente, hul mobiliteit, die samestelling van die huisgesin, en die beskikbare fasiliteite. In afdeling 3.2.1 is reeds aandag geskenk aan die invloed wat werksomstandighede op rekreasie kan hê en hoe die reis na en van die werk die tyd wat beskikbaar is vir hierdie aspek

kan beperk. In die hieropvolgende afdelings sal die korrelasie tussen spesifieke demografiese en sosio-ekonomiese parameters en die rekreasiepatroon verder ondersoek word.

TABEL 23 : DAGAKTIWITEITE (AANTAL DEELNEMERS)

Aktiwiteite	Area 1 n = 63		Area 2 n = 166		Area 3 n = 101		Area 4 n = 235	
	n	%	n	%	n	%	n	%
Televisiekyk	46	73,0	149	89,9	69	68,9	188	80,0
Radioluister	45	71,4	109	65,7	53	52,5	153	65,1
Lees	46	73,0	134	80,7	55	54,5	123	52,3
Plate of bande luister	35	55,6	72	43,4	56	55,4	116	49,4
Stap	22	34,9	80	48,2	37	36,6	104	44,3
Besoek vriende of familie	22	34,9	49	29,5	20	19,8	74	31,5
Tuinmaak	17	27,0	50	30,1	11	10,9	40	17,0
Naaldwerk	17	27,0	42	25,3	10	9,9	36	15,3
Gaan inkopies doen	13	29,6	27	16,3	16	15,8	30	12,8
Brei	4	6,3	28	16,9	7	6,9	23	9,8
Sporttoeskouer	3	4,8	8	4,8	2	2,0	11	4,7
Sportdeelnemer	1	1,6	7	4,2	1	1,0	14	6,0
Ry vir genot of besigtiging	-	-	10	6,0	1	1,0	9	3,8
Houtwerk	-	-	10	6,0	4	4,0	4	1,7
Speel in speel- park	1	1,6	6	3,6	-	-	11	4,7
Swem	-	-	2	1,2	5	5,0	8	3,4
Dans	4	6,3	6	3,6	1	1,0	3	1,3
Bioskoop	2	3,2	5	3,0	2	2,0	2	0,9
Piekniek	1	1,6	1	0,6	-	-	-	-
Hengel	1	1,6	-	-	-	-	-	-
Bootsport	-	-	-	-	-	-	1	0,4
Teater	1	1,6	-	-	-	-	-	-


Die dominante dagaktiwiteit in al vier areas is ongetwyfeld televisiekyk. Die oorheersende rol van televisiekyk in die aktiwiteitspatroon van die respondente kan teruggevoer word na die beperktheid van die rekreasieomgewing in Bellville-Suid. Respondente investeer in hierdie vorm van vermaak as

gevolg van 'n gebrek aan alternatiewe. Die hoogste deelnamesyfers aan hierdie aktiwiteit word in Area 2 aangetref waar 90% van die respondente daaglik televisie kyk. In Area 4, waar, as die lae gemiddelde inkomste van die respondente in gedagte gehou word, verwag sou word dat die verspreiding van televisiestelle nie so hoog sal wees nie, het 80% van die respondente aangedui dat hulle daaglik televisie kyk. Selfs in Area 3, waar die gemiddelde inkomste per gesin die laagste in Bellville-Suid is, speel televisie 'n groot rol in die daaglikse rekreasiepatroon van die respondente. Deelname is weliswaar laer as in die ander areas wat ter sprake is, maar die inkomste van die respondente is waarskynlik verantwoordelik daarvoor dat minder mense 'n televisiestel kan bekostig.

Die feit dat televisiekyk so 'n belangrike plek in die rekreasiemilieu van mense inneem, veroorsaak dat daar soveel minder tyd is om aan ander aktiwiteite deel te neem. Sedert die aanvang van televisie-uitsendings in Suid-Afrika in 1976, het veral fliek- en teaterbywoningsyfers drasties afgeneem. Hierdie verskynsel is ook in Bellville-Suid waar te neem waar die enigste bioskoop alreeds etlike jare gelede gesluit is as gevolg van lae bywoningsyfers. Opvoerings (drama en andersins) wat van tyd tot tyd in die Burgersentrum aangebied word, word ook swak ondersteun.

Radioluister is ook 'n gewilde aktiwiteit wat deur 'n baie hoë persentasie van die respondente beoefen word. 'n Mens sou kon postuleer dat hierdie aktiwiteit saam met ander aktiwiteite beoefen kan word. Plate en bande luister val ook

in hierdie kategorie. Van die vier areas is radioluister die gewildste aktiwiteit by respondente uit Area 1. Die gevolgtrekking dat radioluister op 'n intellektueel-stimulerende wyse in Area 1 beoefen word, word verder versterk deur die feit dat lees (wat ook as 'n rekreasie-aktiwiteit beskou kan word) ook baie gewild by respondente is. Dit is interessant om daarop te let dat lees ook in Area 2 'n baie gewilde tydverdryf is. Weereens moet die opvoedkundige peil van die respondente as verklaring hiervoor aangebied word. In Areas 3 en 4 is hierdie aktiwiteit minder gewild.



Stap bly die belangrikste van die aktiwiteite wat 'n groter fisiese inset van die respondente verlang, te wees. Dit is in al vier areas 'n besonder gewilde rekreasie-aktiwiteit. Stap is natuurlik die goedkoopste manier om fiks te bly, en baie mense doen dit eerder as om aan 'n sportsoort, wat uitgawes ten opsigte van uitrusting meebring, deel te neem. Besoeke aan vriende en familie is gewild in al vier areas, behalwe in Area 2 waar tuinmaak 'n belangriker aktiwiteit is. Wat tuinmaak betref, is Area 3 die uitsondering want terwyl dit byna ewe gewild is in die ander drie areas, is dit nie so gewild hier nie. Die tipe behuising van die respondente is moontlik 'n verklaring hiervoor. Daar is reeds in afdeling 3.4 daarop gewys dat hierdie area visueel nie baie aantreklik is nie. Dit is opvallend dat naaldwerk en brei in al vier areas baie gewild is as rekreasie-aktiwiteit. Hierdie aktiwiteite word waarskynlik gekoppel aan televisiekyk en radioluister, omdat dit op dieselfde tyd beoefen kan word.

In 'n ondersoek na rekreasie-aktiwiteite in die Kaapse Skiereiland, het Taljaard gevind dat die dominante daaglikse aktiwiteit in Bellville-Suid "kuier by vriende of familie" is (Taljaard, 1984: 111). 'n Vergelyking tussen die tien dominante aktiwiteite in die huidige studie en dié van Taljaard word hieronder in tabelvorm saamgevat.

TABEL 24 : VERGELYKING TUSSEN DIE TIEN DOMINANTE DAGAKTIWITEITE VAN TALJAARD (1984) EN DIE HUIDIGE STUDIE

Huidige studie		Taljaard	
Aktiwiteit	%	Aktiwiteit	%
Televisiekyk	80	Kuier by vriende	36
Radioluister	64	Ander, bv Kerk	13
Lees	63	Sportdeelname	13
Plate of bande luister	49	Sport-toeskouer	9
Stap	43	Piekniek	5
Besoek vriende of familie	29	Swem	5
Tuinmaak	21	Plesierritte	4
Naaldwerk	19	Besigtiging	3
Gaan inkopies doen	15	Ontspan (lees, ens.)	3
Brei	11	Binnenshuise spele	2

(Aantal deelnemers per aktiwiteit uitgedruk as persentasie van die totale aantal respondente)

Dit is duidelik dat daar in die studie van Taljaard meer klem geleë is op rekreasievorme wat weg van die huis beoefen word, terwyl tradisioneel-huisgerigte aktiwiteite saamgevat is in die een kategorie, naamlik "ontspan, (lees, ens.)" waaraan slegs 3% van die respondente op 'n daaglikse basis deelneem. Kuier by vriende wat hy identifiseer as die dominante aktiwiteit, beklee slegs die sesde plek in die huidige studie. Deelnamesyfers in ooreenstemmende

kategorieë (tabel 24) is ook baie hoër as dié van Taljaard. Die verklaring vir die groot verskille tussen die huidige studie en dié van Taljaard lê daarin dat laasgenoemde "weens die groot verskeidenheid ontspanningsaktiwiteite waaraan mense deelneem ... besluit (het) om sommige in die vraelys saam te groepeer in enkele kategorieë. Aktiewe sportdeelname, binnenshuise spele en passiewe ontspanningsvorme is voorbeelde van hierdie kategorieë (1984: 4).

4.2.2 Naweekaktiwiteite

Die meeste mense in die studiegebied het 'n vyfdagwerksweek. Gevolglik is daar oor naweke baie meer vrye tyd tot die beskikking van die respondente. Soos daar alreeds in afdeling 3.2.1 aangetoon is, is dit nie so noodsaaklik dat die rekreasie-hulpbron binne maklike bereik van die rekreant moet wees gedurende naweke nie. Aktiwiteite wat vereis dat die rekreant vir 'n dag of meer weg van die huis moet wees, kan nou makliker beoefen word.

Gedurende naweke is die moontlikheid groter dat mense as gesin aan rekreasie-aktiwiteite sal deelneem. Hier dink 'n mens veral aan aktiwiteite soos besoeke aan familie en vriende, inkopies doen, plesierritte en dies meer. In die geval van byvoorbeeld inkopies doen, is winkelsentra gewoonlik tot laat op Saterdagmiddae oop vir sake (Sanlamsentrum in Parow en die Tygervalleisentrum in Bellville) en is gerieflik naby die inwoners van Bellville-Suid geleë. Openbare vervoer na en van die winkelsentra is ook gerieflik.

Naweke is voorts die tradisionele tyd van die week wanneer sport beoefen word. Daar kan dus verwag word dat deelname aan hierdie aktiwiteit, hetsy as deelnemer of toeskouer, sal toeneem. Rekreante behoort ook meer tyd te hê vir aktiwiteite soos tuinmaak en ander stokperdjies. Veral die jongmense is gedurende naweke ingestel op vermaak, en aktiwiteite soos dans en flik behoort ook hoë deelnamesyfers te toon.

TABEL 25 : NAWEEKAKTIWITEITE (AANTAL DEELNEMERS)

Aktiwiteite	Area 1 n = 63		Area 2 n = 166		Area 3 n = 101		Area 4 n = 235	
	n	%	n	%	n	%	n	%
Besoek vriende of familie	29	46,0	105	63,3	52	51,5	77	32,8
Gaan inkopies doen	27	42,9	89	53,6	44	43,6	81	34,5
Sport-toeskouer	21	33,3	59	35,5	28	27,7	68	28,9
Ry vir genot of besigtiging	25	39,7	70	42,2	23	22,8	38	11,9
Dans	16	25,4	30	18,1	17	16,8	53	22,6
Sport-deelnemer	15	23,8	26	15,7	14	13,9	41	17,4
Piekniek	13	20,6	30	18,1	14	13,9	29	12,3
Tuinmaak	5	7,9	28	16,9	15	14,9	19	8,1
Brei	4	6,3	17	10,2	14	13,9	17	7,2
Naaldwerk	-	-	8	4,8	18	17,8	24	10,2
Bioskoop	13	20,6	10	6,0	9	8,9	14	6,0
Televisiekyk	3	4,8	24	14,5	5	4,0	13	5,5
Plate of bande luister	1	1,6	22	13,3	10	9,9	8	3,4
Swem (see)	10	15,9	13	7,8	2	2,0	16	6,8
Lees	-	-	18	10,8	8	7,9	11	4,7
Radioluister	1	1,6	17	10,2	7	6,9	5	2,1
Houtwerk	1	1,6	7	4,2	6	5,9	12	5,1
Stap	3	4,8	3	1,8	5	5,0	13	5,5
Swem (openbare swembad)	-	-	2	1,2	4	4,0	6	2,6
Teater	4	6,3	8	4,8	-	-	-	-
Speel in speelpark	1	1,6	6	3,6	2	2,0	1	0,4
Hengel	-	-	6	3,6	1	1,0	-	-
Bootsport	-	-	-	-	1	1,0	1	0,4

Uit tabel 25 blyk dit dat besoeke aan familie en vriende by

respondente uit drie van die vier areas die belangrikste rekreasie-aktiwiteit gedurende naweke is. Hierdie bevinding strook met dié van Taljaard (1984: 6) waar hy ook besoeke aan familie en vriende as die belangrikste aktiwiteit gedurende naweke in Bellville-Suid geïdentifiseer het. Vir respondente uit Area 4 blyk die belangrikste aktiwiteit inkopies doen te wees. Die waarskynlike rede hiervoor is die werksomstandighede van die mense. Gedurende die week werk hulle lang ure en het hulle nie tyd om inkopies te doen nie. 'n Mens kan aanneem dat die noodsaaklikste huishoudelike items by plaaslike winkels gekoop word en dat die weeklikse inkopies as 'n gesinsaktiwiteit beoefen word. Hierdie stelling word verder onderskryf deur na die mobiliteit van respondente uit hierdie area te kyk (byna 65% van die gesinne beskik nie oor 'n privaatmotor nie), sodat daar nie vinnig ná werk na die groot supermarkte gery kan word nie.

Die bywoning van sportwedstryde is 'n belangrike rekreasie-aktiwiteit vir respondente uit Areas 3 en 4. Minder mense uit Areas 1 en 2 woon sportwedstryde by. Die rede vir die gewildheid van sport as toeskouer-aktiwiteit by respondente uit eersgenoemde twee areas hang nou saam met die ligging van die sportvelde. Die sportvelde is binne stapafstand vir respondente uit hierdie twee areas. In die geval van respondente in Areas 1 en 2, is die politieke probleme wat daar rondom die gebruik van munisipale sportvelde bestaan 'n groter beperkende faktor. Die oënskynlik hoër politieke bewustheid van hierdie respondente (soos blyk uit opmerkings in hoofstuk 5) dra dus hiertoe by. Daar is ook baie minder

mense uit Areas 1 en 2 wat aan plaaslike sportklubs behoort. 'n Verklaring hiervoor lê in die groter mate van mobiliteit wat hierdie mense geniet. Ofskoon die indruk geskep mag word dat mense in Areas 3 en 4 nie negatiewe gevoelens teenoor die gebruik van munisipale sportvelde het nie, moet daar in gedagte gehou word dat hierdie areas die laagste mobiliteit het, en mense as't ware gedwing word om rekreasie binne die grense van die studiegebied te beoefen. Dit is egter interessant om daarop te let dat sportdeelname by respondente uit Area 1 baie hoër is as by die ander areas.

Plesierritte word deur slegs 'n kwart van die respondente op 'n gereelde grondslag onderneem. Dit kan aanvaar word dat hierdie aktiwiteit in die meeste gevalle met piekniehouding gekombineer word en 'n mens kan dus die afleiding maak dat dit 'n gesinsaktiwiteit is. Respondente uit Area 1 het aangedui dat swem in die see 'n belangrike naweekaktiwiteit is wat heel waarskynlik saam met plesierritte beoefen word.

Daar behoort egter 'n verklaring vir die lae deelnamesyfer aan plesierritte te wees wanneer die natuurskoon en opelugrekreasiegeleenthede wat die Kaapse Skiereiland bied, in ag geneem word. 'n Faktor wat moontlik 'n rol speel is die lae mobiliteit van die gemeenskap betrokke by hierdie studie. In vergelyking met die blankes waar daar ongeveer 560 motors per duisend van die bevolking is, is die ooreenstemmende syfer vir bruinmense slegs 60 motors per duisend (RSA Sensusopname, 1980). In Bellville-Suid is die ratio ongeveer 127 motors per duisend van die bevolking.

Die laagste deelnamesyfer vir plesierritte word in Area 4 gevind (slegs 12% van die respondente het aangedui dat hulle deelneem). Hierdie area het die laagste mobiliteit (tabel 16), wat dus 'n verklaring vir hierdie verskynsel behoort te bied. In Areas 1 en 2 waar die mobiliteit hoog is, is deelname dienooreenkomstig hoog.

Soos te verwagte word lae deelnamesyfers gevind vir aktiwiteite waarvoor daar nie fasiliteite in Bellville-Suid is nie. Voorbeelde hiervan is flik en besoeke aan die teater. In Bellville-Suid self is daar geen bioskoop nie en mense moet dus ver ry om by een uit te kom (ten tye van die opname was die naaste bioskoop in Athlone). Hierdie aktiwiteit was veral gewild by respondente uit Area 1, wat weereens die rol van hoë mobiliteit in die area onderskryf. Dit sou interessant wees om die impak wat die oopstelling van bioskope vir alle bevolkingsgroepe op bywoning vanuit Bellville-Suid gehad het, na te gaan. Bioskope is nou veel nader en makliker bereikbaar as wat die geval tydens die opname was.

Dans is veral gewild by respondente uit Area 1 en 4. Hierdie verskynsel hang waarskynlik saam met, eerstens, die ouderdomsverspreiding van die respondente [Area 4 het die grootste aantal jongmense (in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar)] en dit is dus te verwagte dat hierdie groep na hierdie tipe vermaak sal soek gedurende naweke. Danse word ook gerieflik naby die huis (by die Burgersentrum) aangebied sodat vervoer nie 'n wesenlike rol in die deelnamesyfers speel nie. In die geval van Area 1 kan die hoë

mobiliteit as verklaring vir die hoë deelnamesyfers aan gebied word.

Daar is dus 'n wesenlike verskil in die deelnamepatroon van die respondente aan dag- en naweekaktiwiteite. Dit is duidelik dat die rekreasiepatroon gedurende naweke meer buitelig-georiënteerd is. Meer gesinsgerigte aktiwiteite word ook gedurende hierdie tydperk beoefen.

4.2.3 Vakansie-Aktiwiteite

Respondente in die studiegebied het, op enkele uitsonderings na, almal aangetoon dat hulle tussen twee en vier weke betaalde verlof gedurende die jaar ontvang. In die geval van onderwysers en ander professionele mense was die tydperk baie langer en ook meer verspreid gedurende die jaar (drie weke in Junie/Julie en ongeveer ses weke gedurende Desember/Januarie). Vir diegene wat nie in bostaande beroepskategorieë val nie, met ander woorde die mense in produksie en aanverwante bedrywe, was die belangrikste tydperk gedurende Desember en Januarie. Die meeste fabriek sluit gedurende hierdie tydperk vir hoogstens vier weke. Ook vir diegene in die boubedryf sluit alle bedrywighede gedurende Desember vir 'n tydperk van vier weke.

Daar is baie faktore wat gedurende die Desembervakansie 'n invloed op die rekreasiepatroon van die respondente behoort te hê. Eerstens sal weersomstandighede in Wes-Kaapland baie gunstig wees vir buiteligrekreasië. Tweedens ontvang die meeste mense hierdie tyd hul vakan-

siebonusse van hul werkgewers, wat sal meebring dat daar meer geld behoort te wees om aan rekreasie te bestee. Derdens behoort die deelnamepatroon aan die verskillende aktiwiteite aansienlik te verskil van die dag- en naweekpatroon, met die klem op buiteligaktiwiteite. In tabel 26 word die deelname aan die verskillende aktiwiteite uiteengesit.

TABEL 26 : VAKANSIE-AKTIWITEITE (AANTAL DEELNEMERS)

Aktiwiteite	Area 1 n = 63		Area 2 n = 164		Area 3 n = 101		Area 4 n = 235	
	n	%	n	%	n	%	n	%
Piekniek	26	41,3	56	33,7	33	32,7	78	33,2
Swem in die see	9	14,3	23	13,9	8	7,9	37	15,7
Ry vir genot of besigtiging	11	17,5	19	11,4	9	8,9	18	7,7
Besoek vriende of familie	-	-	24	14,5	3	3,0	3	1,3
Dans	1	1,6	20	12,0	4	4,0	4	1,7
Televisiekyk	1	1,6	22	13,3	-	-	-	-
Brei	5	7,9	9	5,4	1	1,0	2	0,9
Sport-toeskouer	2	3,2	6	3,6	3	3,0	4	1,7
Teater	6	9,5	6	3,6	1	1,0	1	0,4
Lees	-	-	14	8,4	-	-	-	-
Tuinmaak	-	-	10	6,0	1	1,0	3	1,3
Gaan inkopies doen	-	-	13	7,8	-	-	-	-
Radioluister	-	-	12	7,2	-	-	-	-
Plate en bande luister	-	-	11	6,6	-	-	-	-
Bioskoop	-	-	4	2,4	2	2,0	4	1,7
Hengel	5	7,9	4	2,4	-	-	1	0,4
Swem (openbare swembad)	-	-	1	0,6	3	3,0	4	1,7
Speel in speelpark	-	-	5	3,0	-	-	-	-
Houtwerk	-	-	2	1,2	-	-	1	0,4
Stap	1	1,6	-	-	-	-	1	0,4
Sport-deelnemer	-	-	1	0,6	-	-	-	-
Naaldwerk	-	-	-	-	1	0,2	-	-

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat deelnamepatroon baie verskil van dag- en naweekpatrone. Die vakansiepatroon is duidelik meer buitelig-georiënteerd en

die gewildste aktiwiteite hou verband met rekreasievorme wat weg van die tuisomgewing onderneem word.

Dit is opvallend dat deelnamesyfers aan byna al die aktiwiteite baie laag is. Wanneer die sosio- ekonomiese omstandighede van die respondente met moontlike deelname in verband gebring word, is dit duidelik dat slegs mense in Areas 1 en 2 oor die finansiële vermoë beskik om vakansies weg van die huis te onderneem. In Areas 3 en 4 is die moontlikheid dat respondente koste-intensiewe vakansies sal onderneem baie laer as gevolg van 'n gebrek aan geld en hul lae graad van mobiliteit. Die lys van moontlike aktiwiteite wat aan die respondente voorgelê is (sien vraelys in addendum) en die wyse waarop deelname aangedui moes word, is moontlik ook verantwoordelik vir die lae verspreiding van deelnamesyfers. Die indruk word in tabel 26 geskep dat mense inderdaad minder rekreër gedurende vakansies as wat met die dag- en maweekperiodes die geval was. Dit is duidelik dat respondente slegs sekere aktiwiteite op die vraelys spesifiek aan vakansies gekoppel het en dit kan moontlik ook die lae respons ten opsigte van vakansie- aktiwiteite verklaar. 'n Verdere verklaring sou wees dat dag- en naweekaktiwiteite gedurende vakansies met dieselfde frekwensie beoefen word as gedurende ander tydperke van die jaar en dat daar dus nie 'n duidelike onderskeid tussen dag- en naweek- en vakansie- aktiwiteite gemaak word nie.

Piekniek blyk die belangrikste aktiwiteit te wees gedurende die vakansies. Besoeke aan strande is baie gewild aangesien swem in die see die tweede belangrikste vakansie-

aktiwiteit is. Plesierritte wat aan bostaande aktiwiteite gekoppel kan word, is ook baie gewild. Die belangrikheid van eie vervoer kom duidelik na vore as 'n mens daarop let dat deelname aan plesierritte direk verband hou met die graad van mobiliteit in die studiegebied. Die respondente uit Area 1 onderneem die meeste plesierritte, terwyl diegene uit Area 4 (met die laagste mobiliteit) die minste plesierritte onderneem.

Die graad van deelname aan spesifieke aktiwiteite verskil weereens van een area tot die volgende. Uit die tabel blyk dit dat respondente uit Area 2 byvoorbeeld baie meer besoeke aan familie en vriende bring as mense uit die ander drie areas. Hierdie respondente gaan ook baie meer dans as wat die geval in die ander areas is. Die afleiding kan gemaak word dat respondente uit Area 1 'n baie groter onderskeid tref tussen aktiwiteite behorende tot die verskillende tydsiklusse as respondente uit die ander areas. Die finansiële vermoë van mense in Areas 1 en 2 dra positief by tot die groter keuse van aktiwiteite wat openbaar word.

4.3 Die Invloed van Sosio-Ekonomiese Veranderlikes op Rekreasie


In hoofstuk 1 is die moontlikheid genoem dat 'n verhoging in sosio-ekonomiese status 'n toename in rekreasiedeelnahme kan meebring. Hierdie stelling word getoets deur te kyk na die korrelasie tussen 'n aantal aktiwiteite en sekere demografiese en ekonomiese parameters. As gevolg van die wye verskeidenheid aktiwiteite wat in die vraelys

aan die respondente voorgelê is, asook die feit dat die frekwensie van deelname vir sommige aktiwiteite baie laag was, is besluit om slegs die aktiwiteite wat 'n hoë deelnamefrekwensie het, te gebruik. Die volgende metode is gevolg om hierdie aktiwiteite te abstraher. Deelnamesyfers vir die onderskeie aktiwiteite (op 'n dag-, naweek- en vakansiebasis) is op 'n grafiek teenoor die aktiwiteite geplaas en 'n afsnypunt bepaal waar dit geblyk het dat deelname aan 'n aktiwiteit nie beduidend is nie.

Sosio-ekonomiese maatstawwe word reeds lankal deur navorsers en selfs beplanners gebruik om sekere neigings en patrone by die ondersoek van die gedrag (hetsy rekreasie of andersins) van gemeenskappe en individue te help verklaar (Burdge, 1969; Butler-Adam, 1984; Holman en Epperson, 1984; Lindsay en Ogle, 1972; McEnvoy, 1974; Nolan en Sofranko, 1973; Spreitzer, et al, 1974; Witt, 1973). Taylor (1984) het 'n reeks parameters gebruik om verskille tussen deelnemers en nie-deelnemers aan bepaalde buitелugrecreasievorme uit te lig. Hy het aangetoon dat sosio-ekonomiese faktore wel 'n verklaring bied vir talle van die verskynsels wat in sy ondersoek na vore gekom het. White (1975) het spesifiek die rol van beroep as determinant in buitелugrecreasie ondersoek en gevind dat dit nie so belangrik is nie, maar dat inkomste en opvoeding 'n veel groter invloed het. Opvoeding kan, volgens White, beskou word as die belangrikste determinant vir rekreasiedeelname. Die invloed van die werk of beroep op rekreasiedeelname hang saam met die besoldiging (dus inkomste) van die individue, want as die individu meer geld verdien as wat hy nodig het

om sy basiese behoeftes te bevredig, kan dit sy rekreasiegedrag positief beïnvloed.

Volgens Hugo (1974) strek die invloed van onderwys op die individu baie verder as bloot 'n vermeerdering van akademiese kennis. Mense word deur onderwys meer bewus van sowel hulself as die wêreld rondom hulle en hierdie feit speel 'n belangrike rol in rekreasie. Die O.R.R.R.C (1962: 19) het onderwyspeil geïdentifiseer as een van die ses belangrikste sosio-ekonomiese invloede ten opsigte van rekreasie. Hulle het gevind dat 'n toename in onderwyspeil 'n toename in rekreasiedeelnemers meebring. Burton (1970: 20) het ook gevind dat mense wat na die ouderdom van 15 jaar verdere onderwysopleiding ontvang het, neig om aan 'n wyer reeks aktiwiteite deel te neem as diegene wat nie die opleiding gehad het nie.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hul ondersoek na die wyse waarop die beskikbaarheid van rekreasie hulpbronne die keuse van 'n residensiële area beïnvloed maak Preston en Taylor (1981: 48) die opmerking dat die grootste veranderinge ten opsigte van rekreasie-aktiwiteite voorkom in die vroeë en laat stadium van die gesinslewenssiklus van getroude vroue. Gesinsgerigte, tuisgebonde aktiwiteite vervang deelname aan ruimtelik-verspreide, individuele tydverdrywe (dikwels met 'n hoë fisiese inset) wanneer daar met 'n gesin begin word. Met die afname in sosiale en fisiese vermoëns laat in die lewenssiklus, word passiewe tuisgerigte aktiwiteite weer meer belangrik.

Chubb en Chubb (1981) het aangedui dat aktiewe


rekreasievorme, wat as individu beoefen kan word, gedurende die middeljare wanneer die kinders reeds die huis verlaat het, weer in belangrikheid kan toeneem. Na aanleiding van die opmerkings van laasgenoemde twee skrywers, behoort die rol wat ouderdom in die rekreasiegedrag van mense speel, dus ooglopend te wees. Aktiewe rekreasievorme word gedurende die ongetroude stadium en later middeljare verwag, terwyl passiewe rekreasievorme gedurende die vroeë huweliksjaar en laat in die lewe van die mens die belangrikste behoort te wees. Die bydrae van Suid-Afrikaanse navorsers oor die mate van invloed van demografiese en sosio-ekonomiese veranderlikes op rekreasiegedrag is meerendeels beperk tot die blanke bevolkingsgroep. Hugo (1974) is die uitsondering met sy werk oor die behoeftes van swartes ten opsigte van rekreasie teen die jaar 2000. Die feit dat navorsers op die blanke bevolkingsgroep gekonsentreer het, hang daarmee saam dat toestande by hierdie groep en die in die lande waar navorsing alreeds ver gevorderd het, min of meer op dieselfde vlak is en dus 'n vergelykbare basis bied.

Die bespreking van die invloed van sosio-ekonomiese veranderlikes op die rekreasiegedrag van die respondente sal geskied op die basis waarvolgens aktiwiteitsperiodes ingedeel is, naamlik dag-, naweek- en vakansieperiodes. Kruistabulasies van demografiese en sosio-ekonomiese veranderlikes en aktiwiteite is opgestel volgens die program CROSSTABS in die **Statistical Package for the Social Sciences (SPSS)** van Nie, et al (1975: 218). Die doel van die hieropvolgende bespreking is om die veronderstelling dat rekreasiebewustheid saamhang met opwaartse sosiale mobiliteit

en dat 'n verhoging in lewensstandaarde 'n toename in deelname aan rekreasie-aktiwiteite meebring, te verifieer.

4.3.1 Ouderdom

Wanneer ouderdom as demografiese veranderlike ten opsigte van rekreasie-aktiwiteite oorweeg word, kan verwag word dat respondente in die laer ouderdomsgroepe 'n aktiewe rekreasiepatroon sal openbaar. Mense in die hoër ouderdomskategorieë behoort 'n meer passiewe vorm van rekreasiegedrag te hê as gevolg van beïnvloedende faktore soos gesondheid, tuisgebondenheid en in uiterste gevalle, 'n lae graad van beweeglikheid.



Hierdie verwagtinge word egter nie bevestig deur die patroon wat uit die gegewens in tabel 27 afgelei kan word nie. Wanneer daar na die daaglikse tydsiklus gekyk word, word die omgekeerde waargeneem. Respondente in die ouderdomsgroepe bo 35 beoefen veral fisiese aktiwiteite soos tuinmaak en stap, terwyl hierdie aktiwiteite glad nie so gewild is by die jonger respondente nie. Die feit dat by so baie respondente in die hoër ouderdomsgroep ook gedurende die naweek-tydsiklus tuinmaak as die gewildste aktiwiteit geïdentifiseer is, dui op die tuisgerigtheid van die rekreasiepatroon. Meer passiewe rekreasievorme soos radioluister, plate en bande luister, lees en besoeke aan familie en vriende word deur die jonger respondente (in die kategorieë onder 30) beoefen. Hierdie toedrag van sake kan gekoppel word aan die beskikbaarheid van alternatiewe rekreasiefasiliteite in die studiegebied. Die gebrek aan sekere fasiliteite wat deelname kan stimuleer, is reeds in

hoofstuk 2 uiteengesit.

TABEL 27 : DIE VERWANTSKAP TUSSEN OUDERDOM EN REKREASIEDEELNAME

OUDERDOMS-KATEGORIE	DAG										NAWEEK						VAKANSIE									
	Televisie	Radio-luister	Lees	Plate en Bande luister	Stap	Familie Besoek	Tuinmaak	Nealdwerk	Inkopies Doen	Brei	TOTAAL	Familie en Vriende Besoek	Inkopies Doen	Sport (Toeskouer)	Plesiertertjie	Dens	Sport (Deelnemer)	Paknietk	Tuinmaak	TOTAAL	Paknietk	Swem	Plesiertertjie	Familie en Vriende Besoek	Dens	TOTAAL
>10	12 28,6 2,7	4 9,5 1,7	7 16,7 2,0	4 9,5 1,4	4 9,5 1,7	7 16,7 4,2	2 4,8 1,7	-	-	2 4,8 3,2	42 1,9	5 22,7 1,9	2 9,1 0,8	2 9,1 1,1	4 18,2 2,7	-	3 13,6 3,2	5 22,7 3,2	1 4,5 1,5	22 1,9	6 60,0 3,1	-	1 10,0 1,8	3 30,0 10,0	-	10 2,6
10 - 14	36 21,2 8,0	24 14,1 6,7	29 17,1 8,1	24 14,1 8,6	18 10,6 7,4	21 12,4 12,7	1 0,6 0,8	4 2,4 3,8	7 4,1 8,1	6 3,5 9,7	170 7,6	13 16,9 5,0	11 14,3 4,6	17 22,1 9,7	6 7,8 4,1	2 2,6 1,7	16 20,8 16,8	7 9,1 8,2	5 6,5 7,5	77 6,5	17 50,0 8,9	11 32,3 14,5	2 5,9 3,6	2 5,9 6,7	2 6,9 8,9	34 8,9
15 - 19	68 19,5 15,0	55 15,8 15,3	47 13,5 14,8	47 17,8 22,2	34 20,6 19,4	34 9,7 20,6	7 2,0 5,9	11 3,2 10,5	8 9,3 6,5	4 1,1 6,5	349 15,7	30 16,5 11,9	28 15,4 11,6	34 18,7 19,4	17 9,3 11,6	31 17,0 27,0	24 13,2 25,3	14 7,7 16,5	4 2,2 6,0	182 15,3	28 59,6 14,6	14 29,8 18,4	1 2,1 1,8	2 4,3 6,7	2 6,9 12,3	47 12,3
20 - 24	54 19,5 11,9	50 18,1 13,9	31 10,8 14,5	49 17,7 17,6	31 12,8 12,8	19 6,9 11,5	4 1,4 3,4	7 2,5 6,7	7 8,1 8,1	4 1,4 6,5	277 12,4	27 16,9 10,3	30 18,8 12,4	26 15,6 12,4	17 10,6 11,6	25 15,6 21,7	18 11,3 18,9	13 8,1 15,3	4 2,5 6,0	160 13,5	23 47,9 12,0	17 35,4 22,4	6 12,5 10,7	-	2 6,9 12,5	48 12,5
25 - 29	54 22,0 11,9	45 18,3 12,5	48 15,4 10,6	33 13,4 11,8	22 8,9 9,1	11 4,5 6,7	10 4,1 8,5	11 4,5 10,5	14 5,7 16,3	8 3,3 12,9	246 11,0	35 22,7 13,4	29 18,7 12,0	22 14,2 12,6	17 11,0 11,6	15 9,7 13,0	16 10,3 16,0	12 7,7 14,1	9 5,8 13,4	155 13,1	17 43,6 8,9	7 17,9 9,2	8 12,8 14,3	5 16,7 16,7	2 5,1 6,9	39 10,2
30 - 34	37 19,5 8,2	26 13,7 7,2	22 17,4 9,2	22 11,6 7,9	16 8,4 6,6	17 8,9 10,3	8 4,2 6,8	9 4,7 8,6	13 6,8 15,1	9 4,7 14,5	190 8,5	24 21,4 9,2	23 20,2 9,5	16 14,0 9,1	16 14,0 11,0	12 10,4 10,4	5 4,4 5,3	8 7,0 9,4	10 8,8 14,9	114 9,6	9 30,0 4,7	20 60,0 13,0	9 30,0 16,1	4 13,3 13,3	2 6,7 6,9	30 7,8
35 - 39	42 20,1 9,3	30 14,4 8,3	20 16,3 9,5	24 11,5 8,6	20 8,3 8,3	13 9,6 8,3	19 9,1 16,1	14 6,7 13,3	5 3,9 5,8	8 3,8 12,9	209 9,4	31 24,2 11,8	32 25,0 13,3	18 14,1 10,3	16 12,5 11,0	8 6,3 7,0	4 3,1 4,2	12 9,4 14,1	7 5,5 10,4	128 10,8	25 47,2 13,0	11 20,8 14,5	7 11,3 12,5	6 20,0 20,0	4 7,5 13,8	53 13,8
40 - 44	42 18,3 9,3	38 16,5 10,6	29 14,3 9,2	22 9,6 7,9	14 12,0 8,5	14 8,5 7,9	17 7,4 14,4	20 9,7 19,0	9 3,9 10,5	6 2,6 9,7	230 10,3	27 27,4 11,8	28 28,3 13,3	11 11,5 7,4	13 15,9 18,0	6 7,3 5,2	3 3,7 3,2	4 4,9 4,7	6 7,3 9,0	82 6,9	21 60,0 10,9	4 11,4 5,1	5 14,3 8,9	-	5 17,2 9,1	35 9,1
45 - 49	31 22,3 6,9	25 18,0 6,9	15 14,4 5,6	15 10,8 5,4	12 5,4 5,0	6 8,6 5,0	11 7,9 9,3	9 6,5 8,6	5 3,6 5,8	5 3,6 8,1	139 6,2	20 24,4 7,6	20 24,4 5,7	10 12,2 5,7	13 15,9 8,9	6 7,3 5,2	3 3,7 3,2	4 4,9 4,7	6 7,3 9,0	82 6,9	13 52,0 6,8	4 16,0 5,1	4 16,0 7,1	2 8,0 6,7	2 6,9 6,5	25 6,5
50 - 54	27 21,3 6,0	11 15,7 6,7	14 11,0 5,5	7 8,7 4,2	9 5,5 7,6	7 5,5 4,2	9 7,1 7,6	6 4,7 5,7	6 2,4 4,0	3 2,4 4,0	127 5,7	17 29,8 6,5	12 21,1 5,0	10 12,3 4,0	10 17,6 6,8	2 3,5 1,7	2 3,5 2,1	2 1,2 1,2	6 10,5 9,0	57 4,8	13 52,0 6,8	4 4,8 1,5	6 24,0 10,7	2 8,0 6,7	3 10,3 10,3	25 6,5
55 - 59	19 19,4 4,6	17 15,7 4,7	8 12,0 5,4	8 3,2 3,2	5 5,4 5,4	5 3,0 3,0	13 12,0 11,0	5 5,6 5,7	6 4,6 5,8	1 0,9 1,6	108 4,4	15 33,4 5,3	11 24,4 4,6	3 6,7 1,7	7 15,6 4,8	-	1 2,2 1,1	4 8,9 4,7	4 8,9 6,0	45 3,8	11 61,1 5,7	-	3 16,7 5,4	1 5,6 3,3	3 10,3 10,3	18 4,7
60 - 64	17 25,0 3,8	13 19,1 3,6	2 8,8 2,5	6 2,9 0,7	6 4,4 1,8	4 3,0 1,8	7 10,3 5,9	2 1,9 1,9	4 3,5 3,5	2 2,9 3,2	68 3,1	7 23,3 2,1	4 20,0 2,5	4 13,3 2,3	6 7,7 1,4	5 16,7 4,3	=	3 10,0 3,5	3 10,0 4,5	30 2,5	2 33,3 1,0	-	2 33,3 3,6	2 6,7 6,7	-	6 1,6
< 64	11 15,3 2,4	9 12,5 2,5	2 11,1 2,2	2 2,8 0,7	10 4,5 4,5	8 11,1 4,8	10 13,9 8,5	6 8,3 5,7	4 5,6 5,7	4 5,6 6,5	72 3,2	7 33,8 2,7	5 23,8 2,1	3 14,3 1,7	2 9,5 1,4	1 4,8 0,9	-	1 4,8 1,2	2 9,5 3,0	21 1,8	7 53,8 3,6	1 7,7 1,3	2 15,4 3,6	1 7,7 3,3	2 15,4 6,9	13 3,4
TOTAAL	452 20,3	360 16,2	358 16,1	279 12,5	242 10,9	165 7,4	118 5,3	105 4,7	86 3,9	62 2,8	2227	262 22,1	241 20,5	175 14,8	146 12,3	115 9,7	95 8,0	85 7,2	67 5,6	1186	192 50,1	76 19,0	56 14,4	30 7,8	29 7,6	303 7,6

Gedurende naweke verander die rekreasiepatroon egter heelwat en deelname aan aktiewe rekreasievorme neem toe by die jonger ouderdomsgroepe. Die beoefening van sport beide as deelnemer en toeskouer verkry prominensie. Dieselfde geld vir 'n aktiwiteit soos dans, wat deur groepe in die kategorieë tussen 15 en 34 beoefen word. Aktiewe sportbeoefening kom byna glad nie voor in die kategorieë bo 30 jaar nie, maar sportbyeenkomste word wel as toeskouer bygewoon. Soos reeds aangedui is tuinmaak die gewildste vorm van aktiewe rekreasie by hierdie kategorieë. Besoeke aan familie en vriende, piekniek en inkopies doen (wat as gesinsaktiwiteite beskou kan word) is ook belangrik by bogenoemde groepe. Dit is interessant om daarop te let dat piekniek die belangrikste aktiwiteit van die groep in die ouderdomskategorie tussen 35 en 39 is, wat die gedagte laat ontstaan dat hierdie groep jong kinders het en op hierdie wyse as gesin gedurende naweke uitgaan.


Gedurende vakansies verskuif die klem soos te verwagte na buitelugaktiwiteite. Piekniek word deur byna alle groepe as 'n gewilde vakansie-aktiwiteit beskou. Weereens kan die gesinsgerigtheid van die aktiwiteit as verklaring aangebied word. Slegs respondente in die ouderdomskategorie 20 tot 39 het minder hieraan deelgeneem as die res. Plesierritte is veral by die respondente bo 25 baie gewild. Hierdie tendens hang waarskynlik saam met die feit dat hierdie respondente as gesin rekreër en toegang tot 'n gesinsmotor het.

Terwyl dans by die jonger respondente (onder 40) as 'n belangrike naweekaktiwiteit beskou word, gaan respondente bo

40 graag gedurende vakansies dans. Dans word waarskynlik ook gedurende vakansies deur die jonger respondente beoefen, maar word steeds as 'n naweekaktiwiteit beskou. Besoeke aan familie en vriende is ook by alle ouderdomsgroepe 'n gewilde aktiwiteit gedurende vakansies.

Opsommend kan dus, wat ouderdom betref, gesê word dat aktiewe rekreasievorme gedurende naweke en vakansie prominensie verkry by alle ouderdomskategorieë, maar dat die rekreasiepatroon gedurende die dagsiklus by die jonger respondente 'n meer passiewe aard openbaar. Ander verpligtinge gedurende die week, byvoorbeeld die skool of werk, kan ook hul vrye tyd baie beperk.

4.3.2 Opvoeding



Verskeie navorsers het die rol van opvoeding as stimulant vir rekreasiedeelnemers as baie insiggewend bevind (Burdge, 1972; Harry, 1972 en White, 1975). Opvoeding is, volgens bogenoemde skrywers, 'n goeie maatstaf van sosiale verhewing en daar kan verwag word dat opvoeding deelname aan rekreasie-aktiwiteite positief sal beïnvloed sodat mense met 'n hoër opvoedingspeil 'n groter verskeidenheid van aktiwiteite sal beoefen asook 'n hoër frekwensie van deelname sal toon. Hierdie observasie word bevestig deur te kyk na die kruistabulering van opvoedkundige kwalifikasies met die verskillende aktiwiteite vir die onderskeie tydsiklusse in tabel 28.

Wat die dagaktiwiteite betref, is brei en naaldwerk die

TABEL 28 : DIE VERWANTSKAP TUSSEN OPVOEDING EN REKREASIEDEELNAME

OPVOEDKUNDIGE KATEGORIEË	DAG											NAWEEK						VAKANSIE											
	Televisiekyk	Radio/luister	Lees	Plate en Bande	Luister	Stap	Familie en Vrindende Besoek	Tuinmaak	Naaldwerk	Inkopies Doen	Brei	TOTAAL	Familie en Vrindende Besoek	Sport (Toeskouer)	Presierfietjie	Dans	Sport (Deelnemer)	Plekniek	Tuinmaak	TOTAAL	Plekniek	Swem	Presierfietjie	Familie en Vrindende Besoek	Dans	TOTAAL			
> St 4	110 21,0 24,3	86 16,4 23,9	71 13,6 19,8	71 13,6 25,4	71 13,6 25,4	64 12,2 26,3	48 9,2 29,1	26 5,0 22,0	19 3,6 18,1	15 2,9 17,4	13 2,5 21,0	523 23,5	61 23,1 23,2	44 16,7 25,0	25 9,5 17,1	19 7,2 16,4	30 11,4 31,3	22 8,3 25,6	18 6,8 26,9	264 22,2	61 23,1 23,2	45 17,0 18,7	44 16,7 25,0	25 9,5 17,1	19 7,2 16,4	30 11,4 31,3	22 8,3 25,6	18 6,8 26,9	55 4,6
4	28 22,8 6,2	17 12,2 6,1	15 12,2 4,2	17 13,8 6,1	14 11,4 5,8	14 11,4 5,8	6 4,9 3,6	10 8,1 8,5	6 4,9 5,7	2 1,6 2,3	3 2,4 4,8	123	14 25,5 5,3	5 9,1 2,8	4 7,3 2,7	5 9,1 4,3	3 5,5 3,1	2 3,6 2,3	6 10,9 9,0	55	14 25,5 5,3	16 29,1 6,6	5 9,1 2,8	4 7,3 2,7	5 9,1 4,3	3 5,5 3,1	2 3,6 2,3	6 10,9 9,0	55
5	37 19,4 8,2	27 14,1 7,5	31 16,2 8,7	23 12,0 8,2	23 12,0 8,2	23 12,0 8,2	13 6,8 7,9	9 4,7 7,6	14 7,3 13,3	7 3,7 8,1	7 3,7 11,3	191	16 18,4 6,1	19 21,8 10,8	7 8,0 4,8	10 11,5 8,6	5 5,7 5,2	2 2,3 2,3	2 2,3 3,0	87	16 18,4 6,1	26 29,9 10,8	19 21,8 10,8	7 8,0 4,8	10 11,5 8,6	5 5,7 5,2	2 2,3 2,3	2 2,3 3,0	87
6	71 19,9 15,7	60 16,8 16,7	60 16,8 16,8	41 11,5 14,7	43 12,0 17,7	43 12,0 17,7	5 5,3 11,5	22 6,2 18,6	16 4,5 15,2	14 3,9 16,3	11 3,1 17,7	357	43 20,8 16,3	28 13,5 15,9	21 10,1 14,4	28 13,5 24,1	17 8,2 17,7	13 6,3 15,1	18 8,7 26,9	207	43 20,8 16,3	39 18,8 16,2	28 13,5 15,9	21 10,1 14,4	28 13,5 24,1	17 8,2 17,7	13 6,3 15,1	18 8,7 26,9	207
7	36 20,5 8,0	26 14,8 7,2	25 14,2 7,0	21 11,9 7,5	15 8,5 6,2	15 8,5 6,2	20 11,4 12,1	8 4,5 6,8	11 6,3 10,5	8 4,5 9,3	6 3,4 9,7	176	21 21,6 8,0	16 16,5 9,1	9 9,3 6,2	10 10,3 8,6	6 6,2 6,3	11 11,3 12,8	2 2,1 3,0	97	21 21,6 8,0	22 22,7 9,1	16 16,5 9,1	9 9,3 6,2	10 10,3 8,6	6 6,2 6,3	11 11,3 12,8	2 2,1 3,0	97
8	46 20,3 10,2	34 15,9 10,0	44 19,4 12,3	25 11,9 7,0	25 11,9 7,0	21 9,3 8,6	9 4,0 5,5	10 4,4 8,5	17 7,5 16,2	8 3,5 9,3	11 4,8 17,7	227	31 24,2 11,8	15 11,7 8,5	19 14,8 13,0	9 7,0 7,8	8 6,3 8,3	8 6,3 9,3	9 7,0 13,4	128	31 24,2 11,8	29 22,7 12,0	15 11,7 8,5	19 14,8 13,0	9 7,0 7,8	8 6,3 8,3	8 6,3 9,3	9 7,0 13,4	128
9	20 19,0 4,4	19 18,1 5,3	16 15,3 4,5	14 13,3 5,0	12 11,4 4,9	12 11,4 4,9	7 6,7 4,2	5 4,8 3,8	4 3,8 3,8	5 4,8 5,8	3 2,9 4,8	105	13 21,7 4,9	10 16,7 5,7	10 16,7 6,8	9 15,0 7,8	6 10,0 6,3	2 3,3 3,0	2 3,3 3,0	60	13 21,7 4,9	8 13,3 3,3	10 16,7 5,7	10 16,7 6,8	9 15,0 7,8	6 10,0 6,3	2 3,3 3,0	2 3,3 3,0	60
10	92 19,8 20,4	77 16,6 21,4	85 18,3 23,7	59 12,7 21,1	44 9,5 18,1	44 9,5 18,1	31 6,7 18,8	27 5,8 22,9	17 3,7 16,2	25 5,4 29,1	8 1,7 12,9	465	59 22,2 22,4	34 12,8 19,3	48 18,0 32,9	22 8,3 19,0	17 6,4 17,7	24 9,0 27,9	9 3,4 13,4	266	59 22,2 22,4	19 19,9 22,0	34 12,8 19,3	48 18,0 32,9	22 8,3 19,0	17 6,4 17,7	24 9,0 27,9	9 3,4 13,4	266
Na-Skool	12 19,7 2,7	7 11,5 1,9	11 18,0 3,1	8 13,1 2,9	7 11,5 2,9	7 11,5 2,9	12 19,7 7,3	1 1,6 0,8	1 1,6 1,0	2 3,3 2,3	-	61	5 18,5 1,9	5 18,5 2,8	3 11,1 2,1	4 14,8 3,4	4 14,8 4,2	2 7,4 2,3	1 3,7 1,5	27	5 18,5 1,9	3 11,1 2,1	5 18,5 2,8	3 11,1 2,1	4 14,8 3,4	4 14,8 4,2	2 7,4 2,3	1 3,7 1,5	27
TOTAAL	452 20,3	360 16,2	358 16,1	279 12,5	243 10,9	243 10,9	165 7,4	118 5,3	105 4,7	86 3,9	62 2,8	2228	263 22,1	241 20,2	146 12,3	116 9,7	96 8,1	86 7,2	67 5,6	1191	263 22,1	241 20,2	146 12,3	116 9,7	96 8,1	86 7,2	67 5,6	1191	

enigste aktiwiteite waaraan deelname verminder namate opvoedkundige kwalifikasies toeneem. Inkopies doen en lees, daarenteen, neem weer in gewildheid toe met 'n verhoging in opvoedkundige kwalifikasies. In die geval van inkopies doen speel die hoër inkomste wat verhoogde opvoedkundige kwalifikasies meebring natuurlik ook 'n rol. Deelname aan die ander aktiwiteite is taamlik eweredig versprei oor al die opvoedkundige kategorieë.

Gedurende naweke verander die deelnamepatrone ten opsigte van die respondente met hoër opvoedkundige kwalifikasies. Inkopies doen het nie dieselfde prominensie as wat dit in die dagsiklus gehad het nie. Deelname aan aktiwiteite soos plesierritte, dans, sport en piekniek is hoër. Mense met laer opvoedkundige kwalifikasies doen egter graag inkopies oor naweke, woon meer sportbyeenkomste by en bestee ook minder tyd aan tuinmaak.

Piekniek is 'n gewilde vakansie--aktiwiteit en deelname is dienooreenkomstig hoog in al die kategorieë. Swem is egter nie baie gewil by die hoër gekwalifiseerdes nie, en deelname aan plesierritte neem ook af met 'n toename in kwalifikasies. Besoeke aan familie en vriende en dans, met ander woorde sosiale funksies, domineer gedurende die vakansies die rekreasiepatroon van respondente met 'n hoër opvoedingspeil.

4.3.3 Beroep

Die invloed van werk op rekreasiegedrag is reeds in diepte bespreek in afdeling 3.2.1. Daar is gewys op die belangrikheid van tyd vry van werk as bepalend ten opsigte van die tipe aktiwiteit waaraan deelgeneem word. Die verskynsel dat die rekreasie-aktiwiteit dikwels as teenmiddel vir die werk wat die persoon verrig, dien, is ook bespreek. Aangesien die meeste van die ekonomies-aktiewe respondente in die studiegebied (ongeveer 60%) in die beroepskategorie van produksie en verwante beroepe resorteer, kan verwag word dat hul rekreasie 'n passiewe vorm sal aanneem. Volgens White (1975) kan die invloed van beroep op rekreasie-aktiwiteite egter nie afsonderlik van die inkomste van individue oorweeg word nie. Hy het gevind dat die inkomste, en nie beroep as sulks nie, in baie gevalle die deurslaggewende faktor in die beoefening van sekere duur rekreasievorme is.

In die geval van dagaktiwiteite (tabel 29) vind 'n mens dat tuisgerigte aktiwiteite (televisiekyk, lees, plate en band luister) die rekreasiepatroon van die respondente oorheers. Dit is opvallend dat respondente in die professionele en tegniese beroepe aan 'n aktiwiteit soos inkopies doen deelneem gedurende hierdie tydsiklus. Hierdie verskynsel kan teruggevoer word na die observasie dat mense met die hoogste opvoedkundige kwalifikasies ook inkopies doen as die gewildste aktiwiteit aangedui het. Hierdie neiging hang ook saam met motorbesit. Hulle werksdag is waarskynlik korter as dié van die respondente in die ander beroepskategorieë. Hierteenoor is die gewildste aktiwiteite by produksie en

TABEL 29 : DIE VERWANTSKAP TUSSEN BEROEP EN REKREASIEDEELNAME

BEROEPS-KATEGORIE	DAG											Brel	TOTAL
	Telesieskyk	Radio-luister	Lees	Plate en Bande Luister	Step	Familie en Vrindende Besoek	Tuinmaak	Naaldwerk	Inkopies Doen	Brel	TOTAL		
Professioneel en Tegnie	53 20,3 11,7	40 15,3 11,1	48 18,4 23,4	38 14,6 13,6	20 7,7 8,3	17 6,5 10,3	13 5,0 11,0	9 3,4 8,6	17 6,5 19,8	6 2,3 9,7	261 11,7		
Administratiewer Bestuend	13 25,0 2,9	10 19,2 2,8	12 23,1 3,4	5 9,6 1,8	5 2,1	-	4 7,7 3,4	1 1,9 1,0	1 1,9 1,2	1 1,9 1,6	52 2,3		
Klerklike en Verkoopswerker	35 18,1 7,7	30 15,5 8,3	33 17,1 9,2	28 14,5 10,0	21 10,9 8,7	14 7,3 8,5	12 6,2 10,2	8 4,1 7,6	8 4,1 9,3	4 2,1 6,5	193 8,7		
Dienswerker	15 21,7 3,3	7 10,1 1,9	15 21,7 4,2	10 14,5 3,6	5 7,2 2,1	7 10,1 4,2	2 2,9 1,7	2 2,9 1,9	3 4,3 3,5	3 4,3 4,8	69 3,1		
Produksie en Verwante	106 22,4 23,5	87 18,4 24,2	77 16,3 21,5	60 12,7 21,5	57 11,4 23,6	27 5,7 16,4	27 5,7 22,9	12 2,5 11,4	15 3,2 17,4	5 1,1 8,1	473 21,2		
Nie-Ekonomies Aktief	230 19,5 50,9	186 15,8 51,7	173 14,7 48,3	138 11,7 49,5	134 11,4 55,4	100 8,5 60,6	60 5,1 50,8	73 6,2 69,5	42 3,4 48,8	43 3,6 69,4	1179 52,9		
TOTAAL	452 20,3	360 16,2	358 16,1	279 12,5	242 10,9	165 7,4	118 5,3	105 4,7	86 3,9	62 2,8	2227		

	NAWEEK							TOTAL	
	Familie en Vrindende Besoek	Inkopies Doen	Sport (Toeskouer)	Plesierritte	Dans	Sport (Deelnemer)	Piekniek		Tuinmaak
	35 23,3 13,4	33 22,0 13,7	13 8,7 7,4	29 19,3 19,9	12 8,0 10,4	6 4,0 6,3	15 10,0 17,6	7 4,7 10,4	150 12,6
	12 34,3 4,6	3 8,6 1,2	4 11,4 2,3	7 20,0 4,8	2 8,6 2,6	3 5,7 2,1	1 2,9 1,2	3 8,6 4,5	35 3,0
	29 23,6 11,1	27 22,0 11,2	18 14,6 10,3	14 11,4 9,6	10 8,1 8,7	9 7,3 9,5	10 8,1 11,8	6 4,9 9,0	123 10,4
	11 22,4 4,2	10 20,4 4,1	8 16,3 4,6	2 4,1 1,4	4 8,2 3,5	5 10,2 5,3	3 6,1 3,5	6 12,2 9,0	49 4,1
	64 23,0 24,4	50 18,0 20,7	46 16,5 26,3	31 11,2 21,2	37 13,3 32,2	21 7,6 22,1	10 3,6 11,8	19 6,8 28,4	278 23,4
	111 20,1 42,4	118 21,4 49,0	86 15,6 49,1	63 11,4 43,2	49 8,9 42,6	52 9,4 54,7	46 8,3 54,1	26 4,7 38,8	551 46,5
	262 22,1	241 23,0	175 14,8	146 12,3	115 9,7	95 8,0	85 7,2	67 5,6	1186

	VAKANSIE					TOTAL
	Piekniek	Swem	Plesierritte	Familie en Vrindende Besoek	Dans	
	24 42,9 12,5	7 12,5 9,2	10 17,9 17,9	5 8,9 16,7	10 17,9 34,5	56 14,6
	4 80,0 2,1	-	-	-	1 20,0 3,4	5 1,3
	16 43,2 8,3	7 18,9 9,2	7 18,9 12,5	4 10,8 13,3	3 8,1 10,3	37 9,7
	5 45,5 2,6	3 27,3 3,9	1 9,1 1,8	1 9,1 3,3	1 9,1 3,4	11 2,9
	49 50,5 25,5	23 23,7 30,3	15 15,5 26,8	7 7,2 23,3	3 3,1 10,3	97 25,3
	94 53,1 49,0	36 20,3 47,4	23 13,0 41,1	13 7,3 43,3	11 6,2 37,9	177 46,2
	192 50,1	76 19,8	56 14,6	30 7,8	29 7,6	383

verwante werkers en die nie-ekonomies-aktiewe sektor van 'n meer passiewe aard, onderskeidelik televisiekyk en naaldwerk en brei. Hierdie groepe het ook aangedui dat hulle graag stap en besoeke aan familie en vriende bring. Dit kan aangeneem word dat hulle na hul werksplek stap en binne die buurt besoeke aan familie of vriende bring. Deelname aan hierdie aktiwiteite is opvallend laag in die eerste twee beroepskategorieë.

Sport speel in die naweektydsiklus 'n groot rol in die rekreasiepatroon van die nie-ekonomies-aktiewe sektor van die gemeenskap. Deelname aan sport en die bywoning van sportbyeenkomste is belangrik vir die blouboordjiewerkers (dienswerkers, produksie en verwante werkers), terwyl plesierritte en piekniek weer die kern van aktiwiteite van die witboordjiewerkers (professioneel en tegnies, administratief en besturend, klerklike en verkoopswerkers) vorm. Besoeke aan familie en vriende is by almal 'n gewilde rekreasie-aktiwiteit gedurende naweke.

Terwyl dans 'n belangrike naweekaktiwiteit by produksie en verwante werkers is, is dit een van die belangrikste komponente van die vakansie- rekreasiepatroon van witboordjiewerkers. Dit bevestig die waarneming wat reeds gemaak is dat mense met 'n hoër sosio-ekonomiese status gedurende vakansies meer sosiaal verkeer. Plesierritte en besoeke aan familie en vriende is eweneens gewild by witboordjiewerkers terwyl aktiwiteite soos piekniek en swem voorkeur kry by die blouboordjiewerkers en nie-ekonomies aktiewe respondente.

In die voorafgaande paragrawe is die invloed van ouderdom, opvoeding en beroep op die rekreasiegedrag van die individu bespreek. Die fokus verskuif egter nou na die gesin. Die aanname kan gemaak word dat inkomste en motorbesit die belangrikste invloed op gesinsgerigte rekreasie-aktiwiteite sal uitoefen.

4.3.4 Inkomste

Inkomste speel 'n groot rol in die beoefening van duur stokperdjies, soos plate en bande luister. Daar kan dus verwag word dat deelname aan hierdie aktiwiteite by gesinne in die hoër inkomstegroepe baie hoog sal wees. Mense in die laer inkomstegroepe sal waarskynlik aan aktiwiteite soos tuinmaak, radioluister, stap, naaldwerk, brei en ander deelneem. Dit moet in gedagte gehou word dat bykans 30% van die gesinne 'n gesamentlike inkomste van minder as R530 per maand (sien afdeling 3.3) gehad het ten tye van die opname. Daar sou dus, as die lewenskoste op daardie tydstip in oorweging geneem word, baie min mense wees wat werklik oortollige geld gehad het om, soos baie mense dit sien, op 'n nie-essensiële uitgawe soos rekreasie te bestee. Hierdie gebrek aan oortollige geld dra in 'n groot mate by tot die tuisgerigtheid van rekreasie in Bellville-Suid.

In tabel 30 word die gemiddelde maandelikse inkomste van gesinne met die rekreasie-aktiwiteite gekruistabuleer. Dit is opvallend dat, wat dagaktiwiteite betref, slegs respondente in die laagste inkomstekategorieë aan aktiwiteite soos naaldwerk en brei deelneem. Hierdie mense

TABEL 30 : DIE VERWANTSAP TUSSEN GESINSINKOMSTE EN REKREASIEDEELNAME

INKOMSTE IN RAND	DAG										Bres	TOTAAL
	Televisiekyk	Radio luister	Lees	Plate en Bande luister	Stap	Familie en Vrjende Besoek	Tuinmaak	Naaldwerk	Inkopies Doen	Bres		
Geen Inkomste	14 18,7 11,5	12 16,0 11,7	12 16,0 11,4	6 8,0 11,5	9 12,0 13,8	6 8,0 15,0	8 10,7 13,1	7 9,3 46,7	-	1 1,3 12,5	75	
>500	44 36,1	40 38,8	34 32,4	18 14,8 34,6	28 12,2 43,1	19 8,3 47,5	22 9,6 36,1	8 3,5 53,3	10 4,4 43,5	6 2,6 75,0	229 38,9	
500 - 999	34 23,9 27,9	23 16,2 22,3	29 20,4 27,6	15 10,6 28,8	13 9,2 20,0	8 5,6 20,0	15 10,6 24,6	-	5 3,5 21,7	-	142 24,1	
1000 - 1499	14 20,0 11,5	14 20,0 13,6	13 18,6 12,4	8 11,4 15,4	6 8,6 9,2	3 4,3 7,5	7 10,0 11,5	-	4 5,7 17,4	1 1,4 12,5	70 11,9	
1500 - 1999	8 21,1 6,6	7 18,4 6,8	9 23,7 8,6	2 5,3 3,8	6 15,8 9,2	1 2,6 2,5	4 10,5 6,6	-	1 2,6 4,3	-	38 6,4	
2000 - 2499	5 23,8 4,1	4 19,0 3,9	5 23,8 4,8	1 4,8 1,9	2 9,5 3,1	2 9,5 5,0	4 19,0 6,6	-	3 14,3 13,0	-	21 3,6	
<2500	3 21,4 2,5	3 21,4 2,9	3 21,4 2,9	2 14,3 3,8	1 7,1 1,5	1 7,1 2,5	1 7,1 1,6	-	-	-	14 2,4	
TOTAAL	122 20,7	103 17,5	105 17,8	52 8,8	65 11,0	40 6,8	61 10,4	15 2,5	23 3,9	8 1,4	589	

NAWEEK										TOTAAL
Familie en Vrjende Besoek	Inkopies Doen	Sport (Toeskouer)	Plesierritte	Dans	Sport (Deelnemer)	Piekniek	Tuinmaak	TOTAAL		
6 23,1 7,0	7 26,9 12,3	4 15,4 7,3	4 15,4 8,2	3 11,5 12,5	-	1 3,8 4,3	1 3,8 2,7	26 7,5		
27 22,9 31,4	23 19,5 40,4	22 18,6 40,0	8 6,8 16,3	9 7,6 37,5	4 3,4 23,5	8 6,8 34,8	17 14,4 45,9	118 33,9		
26 25,5 30,2	12 11,8 21,1	16 15,7 29,1	17 16,7 34,7	6 5,9 25,0	9 8,8 52,9	6 5,9 26,1	10 9,8 27,0	102 29,3		
15 30,6 17,4	7 14,3 12,3	4 8,2 7,3	9 18,4 18,4	3 6,1 12,5	2 4,1 11,8	4 8,2 17,4	5 10,2 13,5	49 14,1		
7 25,9 8,1	4 14,8 7,0	5 18,5 9,1	6 22,2 12,2	2 7,4 8,3	1 3,7 5,9	1 3,7 4,3	1 3,7 2,7	27 7,8		
3 18,8 3,5	2 12,5 3,5	2 12,5 3,6	4 25,0 8,2	1 6,3 4,2	-	2 12,5 8,7	2 12,5 5,4	16 4,6		
2 20,0 2,3	2 20,0 3,5	2 20,0 3,6	1 10,0 2,0	-	1 10,0 5,9	1 10,0 4,3	1 10,0 2,7	10 2,9		
86 24,7	57 16,4	55 15,8	49 14,1	24 6,9	17 4,9	23 6,6	37 10,6	348		

VAKANSIE					TOTAAL
Piekniek	Swem	Plesierritte	Familie en Vrjende Besoek	Dans	
6 66,7 10,7	1 11,1 5,0	1 11,1 6,3	-	1 11,1 9,1	9 8,0
21 48,8 37,5	10 23,3 50,0	5 11,6 31,3	5 11,6 50,0	2 4,7 18,2	43 38,1
13 41,9 23,2	6 19,4 30,0	8 25,8 50,0	2 6,5 20,0	2 6,5 18,2	31 27,4
6 40,0 10,7	3 20,0 15,0	-	2 13,3 20,0	4 26,7 36,4	15 13,3
5 83,3 8,9	-	-	-	1 16,7 9,1	6 5,3
4 57,1 7,1	-	2 28,6 12,5	1 14,3 10,0	-	7 6,2
1 50,0 1,8	-	-	-	1 50,0 9,1	2 1,8
56 49,6	20 17,7	16 14,2	10 8,8	11 9,7	113

het waarskynlik nie die finansiële vermoë om klere te vervang of nuwes te koop nie. Die herstel van klere wat eintlik 'n noodsaaklikheid is, word as stokperdjie beoefen. Deelname aan soortgelyke goedkoper aktiwiteite bevestig die stelling dat inkomste deelname bepaal. Voorbeelde hiervan kan gesien word in deelname aan aktiwiteite soos inkopies doen en plate en bande luister wat deur gesinne in die hoër inkomstegroepe beoefen word.

Die patroon gedurende naweke weerspieël die observasies wat reeds ten opsigte van opvoedkundige kwalifikasies en beroep gemaak is. Respondente in die hoër kategorieë onderneem die koste-intensiewe rekreasievorme soos plesierritte en piekniek terwyl inkopies doen en dans, sport (beide as toeskouer en deelnemer) by die lae inkomstegroepe gewild is. Gedurende naweke het die ouers in hierdie geval meer tyd tot hul beskikking en kan hulle as gesin die winkels besoek en inkopies doen.

Aktiwiteite van 'n meer portuurgroepgeoriënteerde aard vorm gedurende vakansies die kern van rekreasie-aktiwiteite van die hoër inkomstegroepe. Dit is opvallend dat deelname aan plesierritte, swem en besoeke aan familie en vriende glad nie bestaan nie. Die enigste verklaring hiervoor is moontlik die lae respons wat daar oor die algemeen ten opsigte van vakansie-aktiwiteite van respondente verkry is. Wat die laer inkomstegroepe betref, is piekniek, swem en besoeke aan familie en vriende die gewildste aktiwiteite. Dit is reeds in 'n vorige afdeling gestel dat gesinne in die lae inkomstegroepe nie die finansies het om vakansies

weg van die huis te onderneem nie. Opsies wat minder inkomste-intensief is, sal dus beoefen word. In die volgende paragrawe sal daar gekyk word na die invloed van openbare vervoer op die rekreasiepatroon van die respondente en sal verklarings vir die gewildheid van eersgenoemde twee aktiwiteite by die laer inkomstegroepe moontlik daaruit voortspruit.

4.3.5 Mobiliteit

Die rol van die gesinsmotor in die rekreasiegedrag van respondente blyk duidelik uit die kruistabulering van motorbesit met die verskillende rekreasie-aktiwiteite in tabel 31. Die omvang van die invloed van die private motorvoertuig in rekreasiebeoefening is in afdeling 3.2.1. uiteengesit. In die studiegebied het 46,4% van die gesinne wat by hierdie studie betrek is, aangedui dat hulle nie 'n motorvoertuig besit nie (tabel 22). Die mate waarin hierdie tekortkoming hul rekreasiegedrag beïnvloed, blyk duidelik indien daar na tabel 31 gekyk word.

In die daaglikse tydsiklus is die rekreasiegedrag van gesinne wat nie 'n motor besit nie, beperk tot tuisgerigde aktiwiteite soos televisiekyk, radioluister, lees, plate en bande luister en besoeke aan familie en vriende (wat binne stapafstand van die gesin woon). In teenstelling hiermee is deelname aan al die aktiwiteite baie hoog by gesinne wat wel 'n motor besit.

Naweekaktiwiteite word eweneens beperk tot die tuiste en

TABEL 31 : DIE VERWANTSKAP TUSSEN MOTORBESIT EN REKREASIEDEELNAME

MOTORBESIT	DAG											TOTAAL
	Te Lev isiekyk	Radio luister	Lees	Plate en Bande luister	Stap	Familie en Vriende besoek	Tuinmaak	Naaldwerk	Inkopies Doen	Brei	TOTAAL	
Geen Motor	1 20,0 0,8	1 20,0 1,0	1 20,0 1,0	1 20,0 1,9	-	1 20,0 2,5	-	-	-	-	5 0,8	
Ten Minste een Motor	121 20,5 99,2	102 17,3 99,0	104 17,7 99,0	51 8,7 98,1	65 11,0 100,0	39 6,6 97,5	61 10,4 100,0	15 2,5 100,0	23 3,9 100,0	8 1,4 100,0	589 99,2	
TOTAAL	122 20,5	103 17,3	105 17,7	52 8,8	65 10,9	40 6,7	61 10,3	15 2,5	23 3,9	8 1,3	594	

	NAWEEK								TOTAAL
	Familie en Vriende Besoek	Inkopies Doen	Sport (Leeskouer)	Plesierritte	Dans	Sport (Deelnemer)	Piekniek	Tuinmaak	
	1 25,0 1,2	1 25,0 1,8	1 25,0 1,8	-	1 25,0 4,2	-	-	-	4 1,1
	85 24,7 98,8	56 16,3 98,2	54 15,7 98,2	49 14,2 100,0	23 6,7 95,8	17 4,9 100,0	23 6,7 100,0	37 10,8 100,0	344 98,9
	86 24,7	57 16,4	55 15,8	49 14,1	24 6,9	17 4,9	23 6,6	37 10,6	348

	VAKANSIE						TOTAAL
	Piekniek	Swem	Plesierritte	Familie en Vriende Besoek	Dans		
	1 50,0 1,8	1 50,0 5,0	-	-	-	2 1,8	
	55 49,5 98,2	19 17,1 95,0	16 14,4 100,0	10 9,0 100,0	11 9,9 100,0	111 98,2	
	56 49,6	20 17,7	16 14,2	10 8,8	11 9,7	113	

onmiddellike omgewing by gesinne sonder 'n motor. Hierdie stelling geld ook vir deelname aan vakansie-aktiwiteite. Gedurende vakansies maak hierdie gesinne egter meer geredelik van openbare vervoer gebruik om aan aktiwiteite soos piekniek en swem buite die tuisomgewing deel te neem.

4.4 Die Ruimtelike Dimensies van die Rekreasiepatroon

In afdeling 3.2.1 is daarop gewys dat die private motor die grootste invloed op die ruimtelike patroon van 'n individuele rekreasiegedrag uitoefen. Die opmerking is egter ook gemaak dat die studiegebied baie goed deur openbare vervoer bedien word, wat dus die afhanklikheid van eie vervoer in 'n mate verminder. Mobiliteit is egter nie die enigste beïnvloedende faktor wanneer die ruimtelike verbreiding van rekreasie-aktiwiteite oorweeg word nie. Faktore soos die tyd wat beskikbaar is om 'n sekere aktiwiteit te beoefen, die finansiële implikasies wat met die beoefening van sekere aktiwiteite saamhang en die beskikbaarheid van fasiliteite in die studiegebied beïnvloed ook die rekreasiepatroon.

In die hieropvolgende paragrawe word daar gekyk na waar respondente hul rekreasie-aktiwiteite beoefen gedurende die verskillende tydsiklusse wat ondersoek word.

4.4.1 Dagpatroon


Die relatiewe belangrikheid van plekke wat in die beoefen-

ing van dagaktiwiteite deur die respondente besoek word, word saamgevat in tabel 32. Hierdie tabel weerspieël ook die oorheersende rol van die tuisomgewing in die daaglikse rekreasiepatroon van respondente waarop reeds in afdeling 4.2.1 gewys is. Ruim 95% van die daaglikse rekreasie-aktiwiteite word in die tuisomgewing beoefen.

TABEL 32 : DAGAKTIWITEITE - RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN PLEKKE

Plek	F	%
Tuis	1769	75,80
Bellville	450	19,30
Elders	36	1,50
Kraaifontein	20	0,90
Athlone	14	0,60
Skiereiland	8	0,30
Mitchell's Plein	7	0,30
Brackenfell	6	0,30
Kaapstad	5	0,20
Wynberg	3	0,10
Somerset-Wes	2	0,09
Belhar	2	0,09
Parow	2	0,09
Kuilsrivier	2	0,09
Kensington	1	0,04
Strandfontein	1	0,04
Maitland	1	0,04
Claremont	1	0,04
Paarl	1	0,04
Stellenbosch	1	0,04
Epping	1	0,04
	2333	100,00

Die waarneming van Chubb en Chubb (1981: 50) dat die tuiste die plek is waar die meeste rekreasie-aktiwiteite plaasvind, word ook hier geïllustreer deurdat 75,8% van die respondente aangetoon het dat hulle 'n besondere aktiwiteit tuis beoefen. Slegs enkele respondente (5%) het aangetoon dat hulle elders in die Kaapse Metropolitaanse gebied asook



FIGUUR 23 : DAGAKTIVITEITE - PLEKKE BESOEK

buite hierdie area reis om rekreasie-aktiwiteite te beoefen (figuur 23).

Redes vir die tuisgerigtheid van die daaglikse rekreasiepatroon is reeds in vorige afdelings aangevoer. Lang werksure, wat die vrye tyd baie inkort, 'n lae graad van mobiliteit en lae inkomste blyk van die opvallendste redes te wees. Die gebrek aan alternatiewe of voldoende fasiliteite in die tuisomgewing kon ook bygedra het tot hierdie situasie.

4.4.2 Naweekpatroon

Die deelname aan rekreasie-aktiwiteite van die respondente gedurende naweke is in afdeling 4.2.2 bespreek. Daar is aangetoon dat aktiwiteite oor naweke minder tuisgebonde is en ook meer buiteliggeoriënteerd is. Die meeste mense het meer vrye tyd gedurende naweke (slegs enkele respondente werk Saterdag en Sondag), kinders en jongmense het ook minder verpligtinge soos skoolwerk en dies meer, sodat besoeke aan plekke buite die studiegebied meer geredelik onderneem kan word. Plekke waaraan gedurende die studietydperk besoek gebring is, word in tabel 33 voorgestel. In figuur 24 word die ligging van die besoekpunte in verhouding tot die studiegebied uitgebeeld.

In onderstaande tabel is die rangorde van plekke bepaal deur die aantal kere wat 'n plek as rekreasiehelpbron genoem is, te tel en dan as persentasie van die totaal uit te druk. Die dominante rol van die tuisomgewing blyk

duidelik uit die feit dat 60% van die rekreasie-aktiwiteite tuis beoefen word. 'n Groot aantal respondente het aangedui dat hulle rekreasie op een of ander plek in die Kaapse Skiereiland beoefen, sonder om die spesifieke plek te noem. Hierdie verskynsel veroorsaak probleme in die sin dat die belangrikheid van spesifieke plekke in die Skiereiland dan nie na behore in die tabel gereflekteer word nie. Die groot aantal plekke en voorstede in die Kaapse Skiereiland wat gedurende naweke deur respondente uit Bellville-Suid besoek word, toon die interafhanklikheid van gemeenskappe ten opsigte van rekreasie.




UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

TABEL 33 : NAWEEKAKTIWITEITE - RELATIEWE BELANGRIKHEID VAN PLEKKE

Plek	F	%	Plek	F	%
Bellville	642	39,8	Rondebosch	3	0,2
Tuine	343	21,3	Worcester	3	0,2
Kaapse Skiereiland	251	15,6	Weskus	3	0,2
Athlone	47	2,9	Retreat	3	0,2
Strandfontein	27	1,7	Steenbrasdam	3	0,2
Parow	22	1,4	Swellendam	3	0,2
Brackenfell	22	1,4	Caledon	3	0,2
Strand	18	1,1	Glenhaven	2	0,1
Soutrivier	17	1,0	Helderberg	2	0,1
Kaapstad	17	1,0	Macassar	2	0,1
Wynberg	12	0,7	Kaappunt	2	0,1
Mitchell's Plein	10	0,6	Heathfield	2	0,1
Grassy Park	9	0,6	Atlantis	2	0,1
Zeekoeivlei	9	0,6	Durbanville	2	0,1
Stellenbosch	9	0,6	Rondebosch (Baxter)	2	0,1
Buffelsbaai	8	0,5	Witsand	2	0,1
Hawston	8	0,5	Silwermyl	2	0,1
Koeëlbaai	8	0,5	Kirstenbosch	1	0,06
Paarl	8	0,5	Somerset-Wes	1	0,06
Sandvlei	7	0,4	Stompneusbaai	1	0,06
Kuilsrivier	7	0,4	Rylands	1	0,06
Tiervlei	7	0,4	De Dam	1	0,06
Wellington (Antoniesvlei)	7	0,4	Swartklip	1	0,06
Belhar	6	0,4	Maitland	1	0,06
Seepunt	6	0,4	Mamre	1	0,06
Ceres (Wolwekloof)	5	0,3	Tygerberg	1	0,06
Kraaifontein	5	0,3	Manenberg	1	0,06
Blackheath	5	0,3	Montana	1	0,06
Harmony Park	5	0,3	Goodwood	1	0,06
Kampsbaai	5	0,3	Malmesbury	1	0,06
Heideveld	4	0,2			
Boland	4	0,2			
1614					

Strande wat besoek word deur die respondente is die volgende: Seepunt, Kampsbaai, Strandfontein, Swartklip, Harmony Park en Koeëlbaai. In Suid-Afrika word strandgebiede ook soos woongebiede onder Apartheidswetgewing vir verskillende rasse-groepe afgebaken en mense word vervolg indien hulle 'n strand sou gebruik wat nie vir die betrokke persoon se groep gereserveer is nie



FIGUUR 24 : NAWEEKAKTIWITEITE - PLEKKE BESOEK

(Wet op Aparte Geriewe, 1953). Die vraag na hierdie tipe rekreasie is egter gedurende die somermaande so groot dat fasiliteite by bogenoemde strande heeltemal ontoereikend is en mense gedwing word om hierdie wette te oortree.

Binnelandse wateroppervlaktes wat besoek word sluit in Sandvlei, Steenbrasdam en Zeekoeivlei. By hierdie plekke word daar ruim voorsiening gemaak vir besoekers in die vorm van braaiplekke, speelplek vir kinders en parkeerplekke, sodat dit geskik is vir gesinsaktiwiteite soos pieknik hou, wat reeds geïdentifiseer is as een van die gewilde rekreasie-aktiwiteite gedurende naweke.

Die verste punte wat gedurende naweke besoek word, is Hawston, Ceres en Elim (figuur 24). Elim is ongeveer 300 km vanaf Kaapstad. Hierdie afstand is heelwat meer as die afstand van tussen 60 en 240 km wat Hugo (1974: 200) reken mense bereid is om af te lê vir 'n naweekuitstappie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie slegs enkele gevalle is en dat die meeste mense slegs bereid is om 'n afstand van ongeveer 200 km (na Ceres en Hawston) af te lê. By Hawston en Ceres tref ons onderskeidelik die Sonesta en Wolwekloof vakansie-oorde aan. Die oorde is binne maklike bereik vir mense vanaf Kaapstad en is baie gewild by mense wat per bus daarheen reis. Dit is veral kerkgenootskappe en sportklubs wat hierdie tipe daguitstappie organiseer. Die gewilde kampeerplek van De Dam is naby Elim geleë.

Karavaankampering is 'n vorm van rekreasie wat in gewildheid toeneem. Ongeveer 5% van die hoofde van

huishoudings in Areas 1 en 2 het aangedui dat hulle 'n karavaan besit, maar gedurende vakansies huur baie meer gesinne karavane. Diegene wat hul eie karavane besit, sleep dit na die enkele karavaanparke binne maklike bereik van Bellville (binne 'n afstand van 100 na 150 km) oor naweke. Beskikbare karavaanparke word gewoonlik ten volle benut oor naweke gedurende die somermaande. Die gebrek aan voldoende karavaanparke skep probleme ten opsigte van hierdie tipe rekreasie (sien berig uit Weekend Argus, 29/9/1984 in addendum).

4.4.3 Vakansiepatroon

Die verbreiding van plekke besoek gedurende vakansies word kartografies in figuur 25 voorgestel en in tabel 34 gelys. In afdeling 4.2.3 is reeds aangetoon dat aktiwiteite gedurende vakansies buiteliggeoriënteerd is met die klem op besoeke aan strande en vakansie-oorde. Die grootste enkele knelpunt in die beoefening van rekreasie-aktiwiteite gedurende vakansies is ongetwyfeld die beskikbaarheid van fasiliteite. Institusionele beperkings is reeds geïdentifiseer as die faktor wat rekreasie op alle tydsvlakke, hetsy dag, naweek of vakansie as't ware reguleer. Die druk op die beperkte fasiliteite wat toeganklik is vir die "Bruin"-gemeenskap veroorsaak dat die aanvraag die aanbod ver oorskry en samedromming is gevolglik onvermydelik.

In die vorige afdeling is reeds verwys na die probleme wat daar bestaan ten opsigte van karavaanparke. Gedurende

vakansies neem hierdie toedrag van sake krisisafmetings aan. Vakansiegangers moet reeds lank voordat hul vakansie 'n aanvang neem, die karavane na die beskikbare oorde sleep ten einde 'n staanplek te verseker. Dit bring dus dubbele uitgawes mee, want die reis na en van die vakansie-oord, byvoorbeeld Sonesta (naby Hawston), Stilbaai, of Diazstrand by Mosselbaai, moet twee keer onderneem word. Baie karavaankampeerders is egter bereid om hierdie ekstra uitgawe aan te gaan ten einde hul vakansie te kan geniet.

'n Soortgelyke probleem bestaan ten opsigte van rekreasie-oorde waar daar hutte is. Hierdie hutte moet reeds lank voor die tyd bespreek word, in sommige gevalle tot 'n jaar vooruit, ten einde verblyfplek te verseker. Afgesien van die enkele vakansie-oorde in en rondom die Skiereiland wat hierdie geriewe bied, is die meeste aan die suidkus geleë, met Sonesta as die gewildste vakansie-oord.


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

TABEL 34 : VAKANSIE-AKTIWITEITE - RELATIEWE BELANGRIKHEID
VAN PLEKKE

Plek	F	%	Plek	F	%
Elders	82	16,07	Wellington	5	0,98
Strandfontein	55	10,78	Steenbrasdam	4	0,78
Bellville	48	9,48	Houtbaai	4	0,78
Harmony Park	45	8,82	Flamingobaai	4	0,78
Tuis	28	5,49	Pniel	3	0,58
Hawston	28	5,49	Stompneusbaai	3	0,58
Macassar	27	5,29	Rondebosch	2	0,39
Skiereiland	24	4,70	Kaappunt	2	0,39
Kaapstad	15	2,94	Manressa	2	0,39
Athlone	15	2,94	Rylands	2	0,39
Wolwekloof	11	2,16	Sack's Circle (piekniek)	2	0,39
Koeëlbaai	10	1,96	Soutrivier	2	0,39
Newcastle	8	1,56	Franschhoek	1	0,20
Zeekoeivlei	8	1,56	Calitzdorp	1	0,20
Paarl	8	1,56	Saldanha	1	0,20
Mosselbaai	8	1,56	Eersterivier	1	0,20
Gansbaai	8	1,56	Bordjiesdrif	1	0,20
Struisbaai	7	1,37	Retreat	1	0,20
Port Elizabeth	7	1,37	Seepunt	1	0,20
Somerset-Wes	7	1,37	Mamre	1	0,20
Boland	5	0,98	Piketberg	1	0,20
Swartklip	5	0,98	Upington	1	0,20
Stellenbosch	5	0,98	Stilbaai	1	0,20
				510	

Uit bostaande tabel blyk dit dat baie mense nie besliste voorkeure het wanneer dit kom by die keuse van 'n plek om 'n aktiwiteit te beoefen nie, vandaar die hoë persentasie (16,1%) wat hul bestemming as "elders" aangegee het. Die gewildste aktiwiteit gedurende vakansies is piekniek hou (tabel 26) en respondente op plesierritte het waarskynlik nie 'n spesifieke eindbestemming in gedagte wanneer hulle hierdie aktiwiteit met piekniek hou kombineer nie.


Die afleiding kan ook gemaak word dat mense hierdie aktiwiteit beoefen by plekke binne 'n uur se reis van hul tuistes af, vandaar die gewildheid van plekke soos Strandfontein, Harmony Park, Macassar en Koeëlbaai aan die



FIGUUR 25 : VAKANSIE-AKTIWITEITE - PLEKKE BESOEK

Valsbaaikus. Sekere strande naamlik Houtbaai en Seepunt aan die Atlantiese kus is ook gewild by dagbesoekers uit die studiegebied. Ofskoon die binnelandse oorde soos Wolwekloof by Ceres en Antoniesvlei by Wellington vakansiehutte asook geriewe vir tent- en karavaankampering het, is die meeste mense wat daarheen gaan, dagbesoekers. Baie van hierdie mense reis per bus na die genoemde oorde of strande. Busse word spesiaal vir dié doel gehuur. Hierdie busuitstappies wat deur ondernemende individue, kerkgenootskappe en sportklubs georganiseer word, is baie gewild onder inwoners van Areas 3 en 4 waar mobiliteit baie laag is (tabelle 16 en 19).

4.5 Samevatting



In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die invloede op die rekreasiegedrag van die respondente gedurende die dag, naweek en vakansie. Die interaksie tussen aanvraag en aanbod is ondersoek binne die heersende politiek-ekonomiese strukture soos dit in hoofstukke 1 en 3 uiteengesit is. Die korrelasie tussen demografiese en sosio-ekonomiese veranderlikes en rekreasie-aktiwiteite is met behulp van kruistabulasies nagegaan. Laastens is die ruimtelike patroon wat die rekreasiegedrag openbaar, nagegaan.

In die hieropvolgende hoofstuk sal enkele knelpunte wat deur respondente ten opsigte van rekreasiefasiliteite in Bellville-Suid uitgelig is, bespreek word. Moontlike oplossings vir sommige van hierdie probleme sal ook voorgestel word.

HOOFSTUK 5

DIE LATENTE EN POTENSIELE AANVRAAG

5.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is daar gepoog om die rekreasieomgewing van die inwoners van Bellville-Suid te beskryf. Die primêre doel van die navorsing was om ondersoek in te stel na die vryetydsbesteding van die mense in die studiegebied, die rekreasiefasiliteite wat beskikbaar is in die gemeenskap, die wyse waarop hierdie fasiliteite benut word en hoe dit in die vraag van die gemeenskap beantwoord gegewe die politiek-ekonomiese konteks in Suid-Afrika. Sosio-ekonomiese faktore wat 'n beperkende rol in die rekreasiepatroon van die respondente speel, is geïdentifiseer as 'n gebrek aan oortollige geld om aan rekreasie te bestee, werksomstandighede wat die vryetyd van respondente tot 'n minimum beperk (veral ten opsigte van dagaktiwiteite) en 'n lae graad van mobiliteit.

In hoofstuk 3 is daar gewys op die sosio-ekonomiese verskille wat daar tussen die verskillende areas in die studiegebied bestaan. Daar kan basies onderskei word tussen 'n middelklas, naamlik Areas 1 en 2 en 'n werkersklas, naamlik Areas 3 en 4. Hierdie laasgenoemde klas domineer die studiegebied (figuur 22). Die verskille wat daar dus tussen die areas bestaan bemoeilik breë veralgemenings ten opsigte van rekreasiegedrag. Mense wat in die werkersklas of middelklas onderskeidelik resorteer, openbaar verskil-

lende patrone van rekreasiedeelname (soos reeds in die voorafgaande hoofstuk beskryf). Dit is egter belangrik om te onthou dat al die respondente blootgestel is aan dieselfde strukturele beperkinge.

Die respondente het egter besliste idees omtrent hul behoeftes ten opsigte van rekreasie en in die volgende paragrawe sal gepoog word om hierdie behoeftes te verwoord.

5.2 Behoeftes van die Gemeenskap

Daar is gepoog om vas te stel of die gemeenskap tevrede is met die stand van rekreasievoorsiening in die studiegebied. Die resultate van die vraag word hier onder in tabelvorm saamgevat.

TABEL 35 : GEVOEL VAN RESPONDENTE IN VERBAND MET BESTAANDE GERIEWE

	Area 1 (%)	Area 2 (%)	Area 3 (%)	Area 4 (%)	Totaal (%)
Baie tevrede	-	-	-	4,1	1,3
Tevrede	29,4	31,5	21,4	22,4	26,4
Ontevrede	64,7	37,0	42,9	40,8	42,6
Baie ontevrede	5,9	31,5	35,7	32,7	29,7

(Persentasie van hoofde van huishoudings)

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die hoofde van huishoudings (72%) glad nie tevrede is met die voorsiening van rekreasiefasiliteite in Bellville-Suid nie. Slegs 1,3% van die hoofde van huishoudings het aangedui dat hulle baie

tevrede is met die huidige opset, terwyl 'n verdere 26,4% aangedui het dat hulle tevrede is met die bestaande fasiliteite. Dit is opvallend dat slegs respondente uit Area 4 baie tevrede is met die fasiliteite terwyl daar in vorige hoofstukke aangetoon is dat die grootste behoeftes ten opsigte van fasiliteite juis in hierdie area bestaan. Die sosio- ekonomiese veranderlikes wat in hoofstuk 3 bespreek is, kan moontlik 'n verklaring bied hiervoor. Daar is reeds gewys op, onder andere, die lae opvoedingspeil, lae inkomste en lae mobiliteit van die inwoners van Area 4. Hierdie faktore het 'n negatiewe invloed op sowel rekreasie-bewustheid as deelname. Oorlewing is waarskynlik die hoogste prioriteit in hierdie mense se bestaansopset.

Hoofde van huishoudings is verder gevra om aan te dui wat hulle as die grootste tekortkominge ten opsigte van bestaande rekreasiefasiliteite beskou. Aangesien hierdie 'n ope vraag was, word slegs die belangrikste tekortkominge wat geïdentifiseer is, hieronder in tabelvorm saamgevat (al die respondente het nie noodwendig drie knelpunte geïdentifiseer nie).

TABEL 36 : TEKORTKOMINGE TEN OPSIGTE VAN BESTAANDE FASILITEITE

Tekortkominge	% van respondente
Speelparke vir kinders	36,0
Binnenshuise rekreasiegeriewe	38,0
Meer sportvelde	21,0
Parke	13,0
Dieselfde geriewe as by blankes	12,0
Bioskoopsaal	10,0
Meer tennisbane	8,0
Beter toesig by bestaande speelparke	8,0

Daar kan basies vier belangrike tekortkominge ten opsigte van rekreasiefasiliteitsvoorsiening in die studiegebied uit bostaande tabel afgelei word. Eerstens blyk daar 'n ondervoorsiening te wees wat speelparke en speelgeriewe vir kinders betref. In hoofstuk 2 is reeds gewys op die belangrikheid van hierdie aspek in enige woongebied. Die belangrikheid van behoorlike toesig by speelparke is ook deur respondente as 'n knelpunt uitgewys. 'n Tweede aspek waaraan aandag gegee behoort te word, is die voorsiening van binnenshuise rekreasiefasiliteite. Sommige respondente (8%) het die behoeftes geïdentifiseer deur spesifiek te verwys na muurbalbane. Daar is op die oomblik nie 'n muurbalbaan in Bellville-Suid nie, hoewel hierdie sportsoort die afgelope tyd baie in gewildheid toegeneem het. Slegs 'n beperkte aantal mense kan by die bestaande muurbalbane by die Universiteit van Wes-Kaapland geakkommodeer word en dan ook net indien hulle of 'n ingeskrewe student, oudstudent, of 'n personeellid van die Universiteit is. Die voorsiening van binnenshuise rekreasiefasiliteite kan egter baie koste-intensief wees en daar sal gekyk moet word na wie die verantwoordelikheid daarvoor moet dra, hetsy die privaat of openbare sektor. 'n Derde tekortkoming wat deur die respondente geïdentifiseer is, is die gebrek aan voldoene sportvelde. Ruim 21% van die hoofde van huishoudings het aangedui dat daar nie genoeg sportvelde vir die gemeenskap is nie en 'n verdere 8% het gevoel dat die tennisbane in Glenhaven ook ontoereikend is. Veral respondente wat nie in hierdie area (Area 1) woonagtig is nie, het hierdie tekortkoming aangedui. Die redes hiervoor kan saamhang met toeganklikheid, afstand, beheer oor die

gebruik van die tennisbane, of dat dit nie in almal se behoeftes kan voorsien nie. Vierdens het respondente aangedui dat daar ook 'n knelpunt ten opsigte van parke bestaan. Soos reeds in hoofstuk 2 aangetoon is, bestaan daar hoegenaamd nie so 'n fasiliteit in die studiegebied nie en moet mense na die middestad van Bellville gaan om 'n park te kan benut. Veral ouer mense sal dit moeilik vind om hierdie fasiliteit te kan benut, aangesien dit nie binne stapafstand van hulle geleë is nie.

In die opmerking dat die gemeenskap van Bellville-Suid "dieselfde geriewe as by blankes" verlang, lê die ironie van die Suid-Afrikaanse bestel opgesluit. Dit dui daarop dat mense bewus is van die ongelykhede wat daar bestaan in die verspreiding en kwaliteit van rekreasiefasiliteite in die onderskeie groepsgebiede - huidiglik is rekreasiehelpbronne van die University of the Western Cape gekonsentreerd in blanke areas. Dit moet aanvaar word dat swart inwoners ook 'n werklike behoefte aan geriewe soos gholfbane, rolbalbane, trimparke en alle fasiliteite wat tans in blanke-groepsgebiede voorsien word, openbaar. Hoewel daar die afgelope tyd 'n effense verslapping ontstaan het ten opsigte van die gebruik van fasiliteite in ander groepsgebiede buite die grense van die een waarin die swart Suid-Afrikaner hom bevind, is die opmerking wat Steyn in 1979 gemaak het: "It should be realised, however, that accessibility should not be measured in terms of distance alone, since a host of institutional constraints, particularly with respect to non-whites, exist, that may effect a recreationist's travel decisions" (Steyn, 1979: 157), nog

steeds waar. Bostaande aanhaling onderskryf ook in 'n groot mate waarnemings waarop herhaaldelik in hierdie studie gewys is, naamlik dat die politiek-ekonomiese strukture negatief inwerk op die wisselwerking tussen aanbod en aanvraag vir sover dit rekreasiefasiliteitsvoorsiening aan swart mense betref.

5.3 Samevatting

Die politiek-ekonomiese strukture is ongetwyfeld die belangrikste faktor wat die rekreasiegedrag van die inwoners van Bellville-Suid beïnvloed. Weens die ruimtelike ordening van Bellville (die afbakening en toekenning van grond in terme van die Groepsgebiedewet) word die uitbreiding van die residensiële komponent van Bellville-Suid wesenlik beperk. Daar is gewys op die probleem van oorbewoning in die gebied maar tensy die strukturele beperkinge (naamlik die Groepsgebiedewet) geëlimineer word, of meer grond elders in Bellville vir "Bruin"-mense beskikbaar gestel word, kan daar weinig gedoen word om die behuisingsvraagstuk te probeer verlig of op te los. Hierdie gebrek aan grond sal ook die voorsiening van rekreasiefasiliteite in die studiegebied negatief beïnvloed. Dieselfde argument kan ook aangevoer word in die geval van aanvraag. Aanvraag word in baie gevalle gegenerereer deur die beskikbaarheid van fasiliteite. Waar fasiliteite dus beperk is, sal aanvraag insgelyks laag wees. Sosiaal-wetenskaplikes aanvaar dat daar 'n duidelike korrelasie bestaan tussen die politiek-ekonomiese strukture en armoede in Suid-Afrika (Redlinghuis, 1984). Dit is ook in

Bellville-Suid die geval. Apartheid skep dus nie net ongelykhede nie, maar vererger en perpetueer die ongelykhede.

Waar swartmense in Suid-Afrika egter in 'n mate die probleme van oorlewing die hoof gebied het en daar ruimte bestaan vir opwaartse sosiale beweging, beïnvloed die institusionele beperkinge hierdie strewes negatief. Daar is ook in hierdie verband na die rekreasihulpbronn in Bellville-Suid gekyk. Eerstens is gevind dat die fasiliteite kwantitief ontoereikend is, sodat die beoefening van rekreasie nie tot sy volle reg kan kom nie. Tweedens is probleme in die beheer en toeganklikheid van fasiliteite geïdentifiseer wat ook deelname negatief beïnvloed. Aanvraag word insgelyks deur bostaande faktore beïnvloed. Sosio-ekonomiese faktore soos werksomstandighede, inkomste en motorbesit oefen 'n negatiewe invloed uit op die aanvraag na fasiliteite in sekere areas in die studiegebied. In Areas 3 en 4, waar oorwegend mense uit die werkersklas woon, is hierdie invloed duidelik waarneembaar. As gevolg van die sosio-ekonomiese kenmerke van die betrokke respondente is hulle rekreasiepatroon gerig tot die onmiddellike omgewing (ten spyte van die gebreke ten opsigte van fasiliteitsvoorsiening). Ten spyte van gunstige sosio-ekonomiese omstandighede word die rekreasiedeelname van mense uit Areas 1 en 2 meer negatief beïnvloed deur faktore soos die ruimtelike verspreiding van fasiliteite (die naaste bioskoop is byvoorbeeld in Athlone) of toeganklikheid (Wet op Aparte Geriewe).

In die lig van bogenoemde beperkings is daar egter definitiewe patrone geïdentifiseer in die rekreasiegedrag van respondente op 'n daaglikse, naweeklikse en vakansie-tydsiklus. Rekreasie is oorwegend tuisgerig gedurende al die tydsperiodes. Daar is gevind dat slegs die mense uit die meer vermoënde dele van die studiegebied, naamlik Areas 1 en 2, dit kan bekostig om vakansies weg van die huis te onderneem.

5.3.1 Voorstelle en Aanbevelings

Scholtz (1987: 1) stel dit dat "omvattende betrokkenheid by konstruktiewe vryetydshandeling ... stabiliteit, sosiale aanvaarding en aangetrokkenheid (bring), ... uitlewingsmoontlikhede (skep) en 'n ervaring van verhoogde lewensgehalte (meebring)" (Scholtz, 1987: 1). Wanneer na die rekreasiegedrag van die werkersklas in Bellville-Suid gekyk word, vind 'n mens dat die leemtes meermale die resultaat is van 'n lae vlak van rekreasiebewustheid. 'n Rekreasiemilieu behoort in die gemeenskap geskep te word deur die sosio-ekonomiese probleme waaronder hulle gebuk gaan, te probeer verlig. In hierdie verband moet prioriteit verleen word aan die soeke na oplossings vir behuisingsprobleme, die hoë werkloosheidssyfer, en ander maatskaplike probleme wat die inwoners van Bellville-Suid ondervind. Indien die hulpbronnasie uitgebrei word, sal die voordele wat die benutting daarvan vir die gemeenskap kan inhou, aan die teikengroep oorgedra moet word. Scholtz sien die oplossing vir hierdie probleem by die betrokkenheid van die plaaslike owerhede: "Dit sal

veral die plaaslike owerheid wees wat hierdie nuwe vryetydsbewussyn sal moet oordra. Plaaslike owerhede ... sal 'n groter sensitiwiteit teenoor die vryetydsbehoefte van plaaslike gemeenskappe moet ontwikkel" (1987: 2).

In die lig van bostaande behoort gemeenskapsbetrokkenheid by rekreasiëprogramme ten sterkste aangemoedig te word. Insette deur instansies binne die gemeenskap self, byvoorbeeld kerk- en jeugorganisasies, sportklubs, ensovoorts, moet erken word as aspirasies tot die konstruktiewe benutting van vryetyd en die nodige fasiliteite daarvoor behoort voorsien te word indien finansiering daarvoor gevind kan word.

Dit is duidelik dat die plaaslike owerheid "onder 'n morele druk verkeer om na die beste van hulle (finansiële) vermoëns in die rekreatiewe behoeftes van hulle gemeenskappe te voorsien en 'n regverdige en billike bedeling ten opsigte van dienstevoorsiening te bewerkstellig" (Steyn, 1984: 1). In die lig van hierdie opmerking sal daar dus deur die plaaslike owerheid gekyk moet word na die probleme (soos in afdeling 5.2 uitgewys) wat daar bestaan ten opsigte van fasiliteitsvoorsiening in Bellville-Suid. Op die korttermyn kan die bestaande fasiliteite, veral speelparke, uitgebrei en verbeter word. Die beheer van, asook die toestand van speelapparaat, was trouens van die probleme wat deur die respondente geïdentifiseer is. Speelparke in areas 3 en 4 behoort van meer apparaat voorsien te word en die speelparke moet met gras beplant word, en nie 'n gruisoppervlak hê soos wat tans die geval is nie. In die ander areas moet meer

aandag aan instandhouding geskenk word.

Ten einde optimale benutting van sportfasiliteite binne die studiegebied te verseker, behoort daar kennis geneem te word van die politieke onderstrominge wat hierdie doelstelling in Bellville-Suid negatief beïnvloed. Die gemeenskap van Bellville-Suid word, soos die res van Suid-Afrika, ook geraak deur ideologiese verskille tussen verskillende groepe. In die lig van die politieke aspirasies van 'n groot deel van die gemeenskap van Bellville-Suid behoort daar gelet te word op die mate waarin die plaaslike beheerliggame die belange van die gemeenskap verteenwoordig. Groter sensitiwiteit moet aan die dag gele word in die allokasie van fasiliteite (veral sportvelde) sodat van die respondente nie voel dat hulle gepenaliseer word vir hul politieke oortuigings nie. Meer geriewe vir die beoefening van sport sou probleme soos die gebruik van oopruimtes (wat met 'n ander doel daar gelaat is) as informele sportvelde, uitskakel.

'n Voorstel wat weliswaar buite die jurisdiksie van die plaaslike owerheid val, maar wat vir die gemeenskap groot voordele sou inhou, behels die gebruik van skoolpersele en geriewe by die skole.

Die gebruik van skoolpersele vir die beoefening van sport en skoolsale as rekreasiesentrums deur lede van die gemeenskap wanneer dit nie vir onderwysdoeleindes aangewend word nie, behoort oorweeg te word. Dieselfde geld vir geriewe by die tersiêre opvoedingsentra in

Bellville-Suid. Hierdie voorstel sou meebring dat beleid ten opsigte van die gebruik van staatseiendom gewysig sal moet word. Die daadwerklike behoeftes van die gemeenskap sou egter oorweging van hierdie voorstel regverdig. Dit moet egter as 'n laaste uitweg gesien word omdat die eerste verantwoordelikheid in die soeke na 'n antwoord op hierdie vraagstuk by die plaaslike owerhede berus.

Die hulpbronbasis kan verder uitgebrei word deur die skrap van diskriminerende wette, te wete die Groepsgebiedewet en die Wet op Aparte Geriewe, sodat fasiliteite wat tans vir sekere bevolkingsgroepe gereserveer word, tot die beskikking van almal gestel word. Faktore soos die lae graad van mobiliteit en lae inkomste sou egter steeds verhinder dat 'n groot deel van die gemeenskap geredelik van fasiliteite in ander buurte gebruik sal maak. Die oopstelling van geriewe sal hoogstens verligting bring, maar nie die probleem in die buurt self oplos nie. Hier moet in gedagte gehou word dat sekere patrone alreeds gevestig is in gemeenskappe en dat die oopstelling van fasiliteite in hierdie sin nie oornag 'n verandering in die rekreasiegedrag van die respondente sal meebring nie.

Na aanleiding van die bostaande bespreking kan die volgende aanbevelings dus gemaak word:

- Die Groepsgebiedewet en Wet op Aparte Geriewe moet afgeskaf word sodat die inwoners van Bellville-Suid vryelik van die uitgebreide rekreasiefasiliteite in

Bellville gebruik kan maak.

- Daar behoort daadwerklike pogings aangewend te word om probleme rondom die beheer en gebruik van sportvelde in die studiegebied uit te stryk. Daar moet na oplossings gesoek word vir die oorsake van hierdie probleme, byvoorbeeld die kwessie van verteenwoordiging van die gemeenskap op liggame wat besluite in hierdie verband neem.

- Privaatmaatskappye in Bellville-Suid wat oor sportfasiliteite beskik behoort oorweging te skenk aan die moontlikheid om hierdie fasiliteite ook tot die beskikking van die breër publiek te stel wanneer dit nie deur die betrokke maatskappy se werknemers gebruik word nie. Die nodige beheer moet egter oor die gebruik van sodanige fasiliteite uitgeoefen word.

- Sportfasiliteite by skole en tersiêre opvoedingsinrigtings behoort ook op hierdie wyse toeganklik gemaak te word vir die publiek.

- Opgeleide rekreasiebeamptes behoort aangestel te word om in samewerking met lede van die gemeenskap programme vir beide sport en rekreasie te inisieer. Die Stadsraad van Bellville moet dit verder oorweeg om, soos die Stadsraad van Kaapstad, gedurende die skoolvakansies mense aan te stel om rekreasieprogramme in die gemeenskap aan te bied. Hierdie programme moet spesifiek gemik wees op die skoolgaande kind in die minder gegoede areas waar daar

daar nie speelplek by hul wonings is nie en hulle sonder
behoorlike toesig in die strate moet speel. Die meeste
van hierdie kinders se ouers werk gedurende die dag met
die gevolg dat hulle alleen tuis gelaat word.

- Rekreasiebeamptes behoort sentraal gehuisves te word
sodat die areas wat bedien word binne maklike bereik is.
Die munisipale swembad in Herculesstraat kan as basis
dien vanwaar kontrole oor die gebruik van oopruimtes uit-
geoefen kan word. Kantore hier kan ook gebruik word vir
rekreasieleiers gedurende skoolvakansies. Die oopruimtes
naaste aan die swembad (figuur 9) behoort vir hierdie
doel ontwikkel te word.
- Skoolsale behoort, wanneer dit nie vir akademiese
doeleindes gebruik word nie, vir kulturele programme en
funksies wat deur organisasies uit die gemeenskap gereël
word, beskikbaar gestel word. Hierdie fasiliteite kan
onder die leiding en toesig van rekreasiebeamptes gebruik
word.
- Speelparke in die minder gegoede areas van Bellville-Suid
behoort opgeknop te word en bestaande speelapparaat aan-
gevul word. Die verantwoordelikheid hiervoor berus myns
insiens by die plaaslike owerheid.
- 'n Veldtog om die belangrikheid en voordele (beide fisies
en geestelik) van konstruktiewe vryetydsbesteding by die
plaaslike gemeenskap tuis te bring, moet van stapel
gestuur word. Hiervoor kan skole, kerke en ander gemeen-

skapsorganisasies ingespan word. Indien die plaaslike owerheid ook betrek word, kan pamflette, die nuusmedia of selfs munisipale rekeninge gebruik word. Nuwe verwikkelinge ten opsigte van rekreasievoorsiening kan op hierdie wyse oorgedra word.

5.3.2 Toekomstige Navorsing

Ten slotte moet hierdie studie gesien word as 'n poging om die rekreasiegedrag van 'n verontregte gemeenskap binne die Suid-Afrikaanse samelewing beter te begryp. As iemand wat daagliks met die realiteit van Apartheid gekonfronteer word, kan die navorser nie hierdie werklikheid buite rekening laat of die impak daarvan op menselewens verwater nie. Die gevolge van hierdie ideologie behels nie slegs aparte woonbuurte nie, maar rysmier selfs die denke van mense in gemeenskappe wat daardeur geraak word (soos gemanifesteer in die probleme rondom die gebruik van sportvelde).

Toekomstige navorsing sal dus meer binne die radikale paradigma onderneem moet word want dit is duidelik dat politiek die sosiale milieu van swartmense in Suid-Afrika bepaal en dat ekonomiese redes slegs gedeeltelik as verklaring vir sosiale (in hierdie geval rekreasie) gedrag aangebied kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Abernethy, W.D. 1969: The importance of play. *Ekistics*, 28 (166): 206 - 207.
- Abler, R., Adams, J.S. & Gould, P. 1972: *Spatial Organisation : The Geographer's View of the World*. London: Prentice-Hall International.
- Allen, L.R. & Beattie, R.J. 1984: The role of leisure as an indicator of overall satisfaction with community life. *Journal of Leisure Research*, 16 (2): 99 - 109.
- Appleton, I. 1974: *Leisure Research and Policy*. Edinburgh: Scottish Academic Press.
- Areola, O. 1976: Recreational land-use in Nigeria. *The Nigerian Geographical Journal*, 19 (2): 227 -236.
- Atkisson, A. & Robinson, I. 1969: Amenity resources for urban living. [In Perloff, H.(red.): *The Quality of the Urban Environment*. Washington D.C.: Johns Hopkins Press.].
- Bacon, A.W. 1975: Leisure and the alienated workers : A critical reassessment of three radical theories of work and leisure. *Journal of Leisure Research*, 7 (3): 179 - 190.

Balmer, K. 1974: Urban open space and outdoor recreation.
[In Lavery, P. (red.): **Recreational Geography**.
London: David & Charles].

Bangs, H.P. Jnr & Mahler, S. 1970: Users of local parks.
Journal of the American Institute of Planners.

Bannon, J. 1976: **Leisure Resources : Its
Comprehensive Planning**. Englewood Cliffs, New Jersey:
Prentice-Hall.

Barkham, J.P. 1973: Recreational carrying capacity : A
problem of perception. **Area**, 5 (3): 218 - 222.

Baum, A. & Davis, G.E. 1976: Spatial and social aspects
of crowding perception. **Environment and Behaviour**,
8(4): 527 - 544.

Beaman, J. & Lindsay, S. 1973: **Practical applications of
cluster analysis**. Canadian Outdoor Recreation and
Demand Study 2, Technical Note 32. Ottawa.
Department of Indian and Northern Affairs.

Beaman, J. 1975: Comments on the paper "The
substitutability concept : Implications for recreation
research and management", Hendee and Burdge. **Journal
of Leisure Research**, 7: 146 - 152.

Beazley, E. 1969: **Designed for Recreation**. London.

- Becker, B.W. 1976: Perceived similarities among recreational activities. *Journal of Leisure Research*, 8 (2): 112 - 122.
- Best, R. H. 1981: *Land Use and Living Space*. Methuen, London
- Beyers, B. 1974: Recreation research in the United States of America. [In Foster, D. & Sewell, W.R. (eds.): *Resources, Recreation and Research*. Western Geographical Series 3, Occasional Papers in Geography 13. Victoria: University of Victoria, British Columbia.].
- Bigman, D. & Revelle, C. 1978: The theory of welfare considerations in public facility location problems. *Geographical Analysis*, 10 (3): 229 - 240.
- Bishop, D., Jeanrenaud, C. & Lawson, K. 1975: Comparison of a time diary and recall questionnaire for surveying leisure activities. *Journal of Leisure Research*, 7 (1): 73 - 80.
- Biskin, B.H. 1983: Multivariate analysis in experimental leisure research. *Journal of Leisure Research*, 15 (4): 344 - 358.
